

Die gebruik van die lewenskaartetegniek in die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram vir straatkinders


**EJ Simeon
13124463**

Proefskrif voorgelê vir die graad Doctor Philosophiae in
Maatskaplike Werk aan die Potchefstroomkampus van die
Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof AG Herbst
Mede-Promotor: Prof H Strydom

November 2016

Dit begin alles hier [™]



Titel: Die gebruik van die lewenskaartetegniek in die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram vir straatkinders

Sleuteltermes: lewensvaardighede, program, lewenskaartetegniek, straatkinders, bemagtiging, sterkteperspektief

BEDANKINGS

Ek wil graag baie dankie sê vir die volgende persone en instansies wat my gehelp het om hierdie studie te voltooi, vir hul ondersteuning en liefde:

- Ons Hemelse Vader, wat vir my krag, wysheid en genade gee elke dag
- My man Eljon, vir sy ondersteuning, aanmoediging, bystand en geduld
- My seuntjie Elih, vir die mooi kind wat jy is
- My familie en vriende, wat my ondersteun het en vir my gebid het
- Die personeel by die vakgroep Maatskaplike Werk, vir julle ondersteuning en aanmoediging
- My promotor en medepromotor, proff. Alida Herbst en Herman Strydom, vir julle bekwame studieleiding, bystand en motivering
- Die Thakaneng Kinder- en Jeugsorgsentrum, wat toestemming gegee het om die studie daar te onderneem
- Die kinders van Thakaneng wat aan die studie deelgeneem het
- Mnr. Bertie Hanekom van die Perspektief Opleidingskollege, vir sy insette ten opsigte van meting en statistiese ontleding
- Mev. Marietjie du Toit, vir die tegniese versorging van die navorsingsverslag
- Mev. Amanda Van der Merwe vir die taalversorging
- Die Noordwes-Universiteit en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. wat vir my beurse toegestaan het om die studie te voltooi

VOORWOORD

Hierdie studie word in proefskrifformaat aangebied. Die NWU Harvard-verwysingsmetode is in die studie benut, soos verkry uit die 2012-uitgawe van die NWU-verwysingsgids, versprei deur die Biblioteekdienste, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit.

Vir die doel van die studie is daar ook van sommige ouer bronne gebruik gemaak, aangesien min literatuur oor sekere aspekte van die ondersoek beskikbaar was en die ouer bronne se inligting steeds waardevol en relevant tot die studie is.

Een artikel is aanvaar vir publisering by die Tydskrif vir Geesteswetenskappe (SA Akademie vir Wetenskap en Kuns).

Nog een artikel is onder hersiening vir moontlike publisering by LitNet akademies (Geesteswetenskappe).

Daar word ook beoog om 'n verdere twee artikels voor te berei vir publisering.

VERKLARING

Plegtige verklaring deur student

Hiermee verklaar ek, Elzahne Simeon, die ondergetekende, dat die proefskrif getitel *Die gebruik van die lewenskaartetegniek in die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram vir straatkinders*, wat ek hiermee aan die Noordwes-Universiteit indien ter voldoening aan die vereistes van die graad *Philosophia Doctor* in Maatskaplike Werk, my eie werk is, dat dit volgens die vereistes taalversorg is en dat dit nie reeds aan 'n ander universiteit ingedien is nie.

Ek verstaan en aanvaar dat die eksemplare wat vir eksaminering ingedien word, die eiendom van die universiteit is.

Handtekening van student _____ Universiteitsnommer _____

Geteken te _____ op hierdie ____ dag van _____ 20__

Verklaar voor my op hierdie ____ dag van _____ 20__

Kommissaris van Ede: _____

Plegtige verklaring deur promotor/studieleier

Hiermee verklaar die ondergetekende dat:

1. die genoemde student gemagtig word om sy/haar skripsie verhandeling/proefskrif in te dien;
2. die registrasie/wysiging van die titel goedgekeur is;
3. die aanwysing/wysiging van eksaminatore goedgekeur is; en
4. voorskrifte soos vervat in die *Handleiding vir nagraadse studie* nagekom is.

Handtekening van studieleier/promotor: _____

Datum: _____

LYS VAN AFKORTINGS

- KJS: Kinder- en jeugsorgsentrum
- NGO: Nie-regeringsorganisasies
- SASSA: South African Social Security
- SWOT:
 - * Sterktes (Strengths)
 - * W: Tekortkominge (Weaknesses)
 - * O: Geleenthede (Opportunities)
 - * T: Bedreiging (Threats)
- TKJS: Thakaneng Kinder- en Jeugsorgsentrum
- TCYC: Thakaneng Child and Youth Care Centre
- Groeplede/Deelnemers: In die programsamestelling en aanbieding daarvan word daar na *groeplede/groeplid* verwys, aangesien hierdie term gebruik word wanneer maatskaplike groepwerk toegepas word. In die hoofstuk waar die resultate bespreek word, word daar egter vir navorsingsdoeleindes en konsekwentheid verwys na die *deelnemers*.
- In die proefskrif word daar verwys na die Children's Act, 38 van 2005, die afrikaanse weergawe van hierdie wet is nie deur die president onderteken nie, daarom word die engelse naam van die wet gebruik.

OPSOMMING

Die gebruik van die lewenskaartetegniek in die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram vir straatkinders

Sleuteltermes: lewensvaardighede, program, lewenskaartetegniek, straatkinders, bemagtiging, sterkteperspektief

AGTERGROND

Die straatkinderskynsel is 'n steeds groeiende maatskaplike probleem wêreldwyd, en ook in Suid-Afrika. Alhoewel daar wetgewing en verskeie programme en dienste in Suid-Afrika beskikbaar is om die behoeftes van straatkinders te hanteer, is die realiteit dat daar heelwat tekortkominge bestaan en dat daar steeds nie voldoende in hierdie teikengroep se behoeftes voorsien word nie. 'n Leemte is geïdentifiseer rakende kennis aangaande straatkinders se psigososiale funksionering en veral hulle behoefte aan lewensvaardighede. Hierdie navorsingstudie is onderneem met die oorhoofse doel om die psigososiale funksionering van straatkinders by die Thakaneng Kinder- en Jeugsorgsentrum (TKJS) te bevorder deur die ontwikkeling, implementering en evaluering van 'n lewensvaardigheidsprogram. Hierdie lewensvaardigheidsprogram is saamgestel op grond van die temas van die lewenskaartetegniek, wat 'n terapeutiese hulpmiddel in maatskaplike dienslewering is.

Die doelwitte wat uit die doelstelling voortgespruit het, is:

- Om 'n kritiese ontleding te doen van bestaande programme vir straatkinders in Suid-Afrika
- Om die psigososiale funksionering en die behoeftes van straatkinders by die TKJS te bepaal
- Om 'n lewensvaardigheidsprogram wat gebaseer is op die lewenskaartetegniek vir straatkinders by die TKJS te ontwikkel en te implementeer
- Om die uitkomste van sodanige lewensvaardigheidsprogram op die psigososiale funksionering van straatkinders by die TKJS te bepaal.

METODE

Hierdie ondersoek was verkennend, beskrywend, verklarend en evaluerend van aard. Gemengde-metodenavorsing is benut en die studie is in drie fases beplan en uitgevoer. Fase 1 was die behoeftebepaling en literatuurstudie, fase 2 die programontwikkeling en fase 3 die implementering en evaluering van die lewensvaardigheidsprogram. 50 straatkinders van die Thakaneng Kinder- en Jeugsorgsentrum het aan die studie deelgeneem. Die lewensvaardigheidsprogram is met behulp van maatskaplike groepwerk aangebied. 'n Selfontwerpte vraelys is gebruik vir die behoeftebepaling. Die kwantitatiewe data is verkry met behulp van die gestandaardiseerde *Kinderfunksioneringsinventaris – Senior Primêr* (CFI-SPRIM), waar eksperimentele navorsing, in die vorm van 'n Solomon-viergroep toegepas is om die psigososiale funksionering van die straatkinders te bepaal. Daar was twee eksperimentele groepe en twee vergelykende groepe. Kwalitatief is fokusgroepe gehou met lede van die eksperimentele groepe. Die deelnemers se lewenskaarte het ook deel uitgemaak van die kwalitatiewe data.

Die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge het daarop gedui dat die lewensvaardigheidsprogram bygedra het tot 'n bevordering van die psigososiale funksionering van die straatkinders by die Thakaneng Kinder- en Jeugsorgsentrum.

ABSTRACT

Using the life maps technique in the development of a life skills programme for street children

Key words: life skills, programme, life map technique, street children, empowerment, strength perspective

BACKGROUND

The street child phenomenon is a growing social problem worldwide, and also in South Africa. Although laws and various programmes and services are available in South Africa to address the needs of street children, there are still many shortcomings, and the needs of this target group are still not being met adequately. A gap has been identified regarding knowledge about street children's psychosocial functioning and especially their need for life skills. This research study was undertaken with the overall goal to promote the psychosocial functioning of street children in the Thakaneng Child and Youth Care Centre (TCYC) through the development, implementation and evaluation of a life skills programme. This life skills programme has been compiled on the basis of themes of the life maps technique, which is used as a therapeutic tool in social service provision.

The goals that were derived from this objective, are:

- To do a critical analysis of existing programmes for street children in South Africa
- To determine the psychosocial functioning and the needs of street children in the TCYC
- To develop and implement a life skills programme based on the life maps technique for street children at the TCYC
- To determine the outcomes of such a life skills programme for the psychosocial functioning of street children at the TCYC.

METHOD

This study was exploratory, descriptive, explanatory and evaluative in nature. Mixed-method research was used and the study was planned and executed in three phases.

Phase 1 involved a needs assessment and literature study, phase 2 programme development and phase 3 the implementation and evaluation of the life skills programme. 50 street children of Thakaneng Child and Youth Care Centre participated in the study. The life skills programme was offered by means of group work. A questionnaire developed by the researcher was used for the needs assessment. The quantitative data was obtained using the standardised *Child Functioning Inventory – Senior Primary* (CFI-SPRIM), where experimental research was applied in the form of a Solomon four-group to determine the psychosocial functioning of the street children. Two experimental groups and two control groups were used. Qualitatively focus groups were held with members of the experimental group. The participants' life maps also formed part of the qualitative data.

The qualitative and quantitative findings indicated that the life skills programme contributed to the improved psychosocial functioning of the street children in the Thakaneng Child and Youth Care Centre.

INHOUDSOPGAWE

_Toc467483095

BEDANKINGS	II
VOORWOORD	III
VERKLARING	IV
LYS VAN AFKORTINGS	V
OPSOMMING	VI
AGTERGROND	VI
METODE	VII
ABSTRACT	VIII
INHOUDSOPGAWE	X
LYS VAN TABELLE	XIX
LYS VAN DIAGRAMME	XIX
LYS VAN ILLUSTRASIES	XIX
LYS VAN FIGURE	XX
HOOFSTUK 1: INLEIDING EN ORIËTERING TOT DIE STUDIE EN DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE	1
1.1. INLEIDING EN RASIONAAL VIR DIE STUDIE	1
1.2. PROBLEEMSTELLING	2
1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE	7
1.3.1 DOELSTELLING.....	7
1.3.2 DOELWITTE.....	7
1.4. TEORETIESE BEGRONDING	8
1.5. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT EN HIPOTESE	9
1.5.1 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT (KWALITATIEF)	9
1.5.2 HIPOTESE (KWANTITATIEF).....	9
1.6 DEFINISIE VAN SLEUTELTERME	9
1.7 NAVORSINGSMETODOLOGIE	12
1.7.1 LITERAATUURSTUDIE.....	12
1.7.2 EMPIRIESE ONDERSOEK	12

1.7.2.1	<i>Navorsingsontwerp</i>	13
1.7.2.2	<i>Deelnemers</i>	15
1.7.2.3	<i>Metodes van data-insameling (oorhoofs in al drie fases)</i>	16
1.7.2.4	<i>Data-ontleding</i>	18
1.7.2.5	<i>Prosedure</i>	19
1.8	ETIESE ASPEKTE	19
1.9	BETROUBAARHEID, GELDIGHEID EN VERTROUENSWAARDIGHEID	21
1.9.1	BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID	21
1.9.2	VERTROUENSWAARDIGHEID	22
1.10	BEPERKINGE VAN DIE ONDERSOEK	23
1.11	KEUSE EN STRUKTUUR VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG	23
HOOFSTUK 2: LITERATUURSTUDIE – DIE STRAATKINDVERSKYNSEL IN SUID-AFRIKA		26
2.1	INLEIDING	26
2.2	DIE STRAATKINDVERSKYNSEL IN SUID-AFRIKA	26
2.3	OORSAKE EN GEVOLGE	27
2.4.	WETGEWING EN BESTAANDE PROGRAMME EN DIENSTE VIR STRAATKINDERS IN SUID-AFRIKA	31
2.4.1	HUIDIGE WETGEWING EN BELEIDSRAAMWERKE RAKENDE STRAATKINDERS IN SUID-AFRIKA	32
2.4.1.1	<i>Wetgewing van toepassing op straatkinders in Suid-Afrika</i>	32
2.4.1.2	<i>Internasionale en nasionale beleidsdokumente</i>	34
2.4.2	BESTAANDE PROGRAMME VIR STRAATKINDERS IN SUID-AFRIKA	35
2.4.2.1	<i>Kids Haven</i>	37
2.4.2.2	<i>Umthombo Street Children</i>	37
2.4.2.3	<i>Sinethemba</i>	38
2.4.2.4	<i>Twilight Children</i>	39
2.4.2.5	<i>Khulisa se Way Home Street Children-program</i>	39
2.4.2.6	<i>Salesian Institute Youth Projects</i>	39
2.4.2.7	<i>Streetsmart-projek</i>	40
2.4.2.8	<i>James House Kinder- en Jeugsorgsentrum</i>	40
2.4.2.9	<i>Die ProSeed-projek</i>	40
2.4.2.10	<i>Die Voiceless Call</i>	40
2.4.2.11	<i>Homestead</i>	40
2.5	KRITIESE BESPREKING VAN WETGEWING, BELEID EN BESTAANDE PROGRAMME EN DIENSTE	41
2.5.1	KRITIESE ONTLEDING VAN WETGEWING EN BELEID VAN TOEPASSING OP STRAATKINDERS	42
2.5.1.1	<i>Sterktes</i>	42

2.5.1.2	<i>Tekortkominge</i>	42
2.5.1.3	<i>Geleenthede</i>	43
2.5.1.4	<i>Bedreigings</i>	44
2.5.2	PROGRAMME EN DIENSTE	45
2.5.2.1	<i>Sterktes</i>	45
2.5.2.2	<i>Tekortkominge</i>	45
2.5.2.3	<i>Geleenthede</i>	47
2.5.2.4	<i>Bedreigings</i>	47
2.6	SAMEVATTING	47
HOOFSTUK 3: DIE PSIGOSOSIALE OMSTANDIGHEDE EN BEHOEFTE VAN STRAATKINDERS		48
3.1	INLEIDING	48
3.2	DIE PSIGOSOSIALE OMSTANDIGHEDE EN BEHOEFTE VAN STRAATKINDERS	48
3.2.1	FISIOLOGIESE BEHOEFTE	51
3.2.2	VEILIGHEID EN SEKURITEIT.....	51
3.2.3	SOSIALE BEHOEFTE: LIEFDE EN 'n GEVOEL VAN BEHOORT-AAN	51
3.2.4	AGTINGSBEHOEFTE: SELFBEELD	52
3.2.5	SELFAKTUALISERING.....	52
3.3	RESULTATE VAN BEHOEFTEBEPALING (FASE 1)	54
3.3.1	BIOGRAFIESE INLIGTING VAN DEELNEMERS	55
3.3.1.1	<i>Geslag en taal</i>	55
3.3.1.2	<i>Ouderdom en vlak van skoolopleiding</i>	55
3.3.2	AGTERGRONDOMSTANDIGHEDE	56
3.3.2.1	<i>Substansmisbruik onder straatkinders</i>	57
3.3.2.2	<i>Gevoelens van die straatkinders</i>	59
3.3.2.3	<i>Behoeftes rakende lewensvaardighede</i>	60
3.3.2.3.1	<i>Die behoefte aan selfkennis</i>	61
3.3.2.3.2	<i>Die behoefte aan kennis oor gesondheid en 'n gesonde leefstyl</i>	62
3.3.2.3.3	<i>Die behoefte aan probleemoplossing</i>	62
3.3.2.3.4	<i>Die behoefte om meer te leer oor selfhandhawing</i>	63
3.3.2.3.5	<i>Die behoefte om in myself te glo</i>	63
3.3.2.3.6	<i>Die behoefte aan konflikhantering</i>	63
3.3.2.3.7	<i>Die behoefte aan kennis oor Vigs-voorkoming</i>	64
3.3.2.3.8	<i>Die behoefte aan finansiële bestuur</i>	64
3.3.2.3.9	<i>Die behoefte aan kennis oor verskillende loopbane</i>	64
3.3.2.3.10	<i>Die behoefte aan kennis oor hoe om aansoek te doen vir 'n werk</i>	64
3.3.2.3.11	<i>Die behoefte aan besluitnemingsvaardighede</i>	65

3.3.2.3.12	<i>Die behoefte aan kennis aangaande tydsbestuur</i>	65
3.3.2.3.13	<i>Die behoefte aan kennis oor hoe om doelstellings te stel.....</i>	65
3.3.2.3.14	<i>Die behoefte aan kommunikasievaardighede</i>	66
3.3.2.3.15	<i>Die behoefte aan stres hanteringsvaardighede.....</i>	66
3.3.2.3.16	<i>Die behoeftes aan kennis aangaande interpersoonlike verhoudinge</i>	66
3.3.2.3.17	<i>Die behoefte om te cope met verandering</i>	66
3.3.2.3.18	<i>Die behoefte aan kennis rakende vertroue.....</i>	67
3.3.2.3.19	<i>Die behoefte aan inligting rondom kinderregte.....</i>	67
3.3.2.3.20	<i>Die behoefte om hartseer te kan hanteer.....</i>	67
3.3.2.3.21	<i>Die behoefte om angs te hanteer</i>	67
3.3.2.3.22	<i>Die behoefte om woede te hanteer</i>	67
3.3.2.3.23	<i>Die behoefte om emosies te beheer</i>	68
3.3.2.3.24	<i>Die behoefte aan kennis aangaande toekomsbeplanning.....</i>	68
3.4	DATA VERKRY UIT DIE OOP VRAE (SIEN ADDENDUM E)	68
3.4.1	VRAAG: DINGE WAAROM EK MEER WIL LEER; WAT EK GRAAG WIL HÊ, IS	68
3.4.1.1	<i>Toekomsbeplanning</i>	68
3.4.1.2	<i>Interpersoonlike verhoudings</i>	69
3.4.1.3	<i>Gevoelens / Emosies</i>	69
3.4.1.4	<i>Gesonde leefstyl</i>	70
3.4.1.5	<i>Besluitneming</i>	70
3.5	BESPREKING EN INTEGRASIE VAN BEVINDINGE	70
3.5.1	SELFKENNIS, SELFVERTROU EN SELFHANDHAWING	71
3.5.2	INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS EN VERTRoue	72
3.5.3	COPING EN HANTERING VAN EMOSIES	72
3.5.4	TOEKOMSBEPLANNING EN BESLUITNEMING	72
3.5.5	GESONDHEID EN 'n GESONDE LEEFSTYL.....	73
3.5.6	KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE.....	73
3.5.7	PROBLEEMOPLOSSING EN KONFLIKHANTERING	73
3.5.8	TYDSBESTUUR	73
3.5.9	FINANSIËLE BESTUUR	74
3.5.10	SUBSTANSMISBRUIK.....	74
3.5.11	VIGS-VOORKOMING	74
3.5.12	KINDERREGTE	74
3.6	SAMEVATTING	74

HOOFSTUK 4: DIE VOORGESTELDE LEWENVAARDIGHEIDSPROGRAM VIR STRAATKINDERS	76
4.1 INLEIDING	76
4.2 DIE LEWENSKAARTETEGNIEK	76
4.2.1 DIE LEWENSKAARTEVRAE	76
4.2.2 DIE WAARDE VAN DIE LEWENSKAARTETEGNIEK IN MAATSKAPLIKE DIENSLEWERING	77
4.3 LEWENVAARDIGHEDE EN DIE LEWENSKAARTETEGNIEK	78
4.3.1 MOTIVERING VIR DIE INTEGRERING VAN LEWENSKAARTTEMAS EN DIE TOEGEPASTE LEWENVAARDIGHEDE	80
4.3.1.1 <i>Lewenskaarttema 1</i>	80
4.3.1.2 <i>Lewenskaarttema 2</i>	80
4.3.1.3 <i>Lewenskaarttema 3</i>	81
4.3.1.4 <i>Lewenskaarttema 4</i>	81
4.3.1.5 <i>Lewenskaarttema 5</i>	81
4.3.1.6 <i>Lewenskaarttema 6</i>	82
4.3.1.7 <i>Lewenskaarttema 7</i>	82
4.3.1.8 <i>Lewenskaarttema 8</i>	82
4.3.1.9 <i>Lewenskaarttema 9</i>	83
4.3.2 DIE WAARDE VAN DIE LEWENSKAARTETEGNIEK IN 'n MAATSKAPLIKE GROEPWERKPROGRAM	83
4.4 MAATSKAPLIKE GROEPWERK	84
4.4.1 VOORDELE VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK	84
4.4.2 SOORT GROEP	85
4.4.2.1 <i>Ondersteuning</i>	86
4.4.2.2 <i>Opvoeding</i>	86
4.4.2.3 <i>Groei</i>	86
4.4.2.4 <i>Terapie</i>	86
4.4.2.5 <i>Sosialisering</i>	86
4.5 DIE INHOUD VAN DIE LEWENVAARDIGHEIDSPROGRAM	87
4.5.1 SESSIE 1: <i>WIE IS EK?</i> (SELFKENNIS, SELFVERTROUEN EN SELFHANDAWING)	91
4.5.1.1 <i>Doelwitte</i>	91
4.5.1.2 <i>Programaktiwiteite</i>	91
4.5.1.3 <i>Inhoud en toepassing van sessie 1</i>	91
4.5.2 SESSIE 2: <i>WAAR KOM EK VANDAAN?</i> (INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS EN VERTROUEN)	99
4.5.2.1 <i>Doelwitte</i>	99
4.5.2.2 <i>Programaktiwiteite</i>	99
4.5.2.3 <i>Inhoud en toepassing van sessie 2</i>	99
4.5.3 SESSIE 3: <i>WAT HET MET MY GEBEUR?</i> (COPING, HANTERING VAN GEVOELENS SOOS HARTSEER, WOEDE, ANGS)	106
4.5.3.1 <i>Doelwitte</i>	106

4.5.3.2	<i>Programaktiwiteit</i>	106
4.5.3.3	<i>Inhoud en toepassing van sessie 3</i>	106
4.5.3.4	<i>Bespreking (40 minute)</i>	107
4.5.4	SESSIE 4: <i>WAARHEEN IS EK OP PAD?</i> (TOEKOMSBEPLANNING, BESLUITNEMING EN GELDBESTUUR)	112
4.5.4.1	<i>Doelwitte</i>	112
4.5.4.2	<i>Programaktiwiteit</i>	112
4.5.4.3	<i>Inhoud en toepassing van sessie 4</i>	112
4.5.5	SESSIE 5: <i>WAT MOET EK DOEN OM DIE STRUIKELBLOKKE IN MY PAD TE OORKOM?</i> (GROEPSDRUK, SUBSTANSMISBRUIK, PROBLEEMOPLOSSING EN KONFLIKHANTERING).....	119
4.5.5.1	<i>Doelwitte</i>	119
4.5.5.2	<i>Programaktiwiteit</i>	119
4.5.5.3	<i>Inhoud en toepassing van sessie 5</i>	119
4.5.6	SESSIE 6: <i>HOE GAAN EK MY DOEL BEREIK?</i> (GESONDE LEEFSTYL EN KEUSES VIR DIE TOEKOMS).....	126
4.5.6.1	<i>Doelwitte</i>	126
4.5.6.2	<i>Programaktiwiteit</i>	126
4.5.6.3	<i>Inhoud en toepassing van sessie 6</i>	126
4.5.7	SESSIE 7: <i>WATTER HULP HET EK NODIG?</i> (KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE EN EFFEKTIEWE TYDSBESTUUR)	134
4.5.7.1	<i>Doelwitte</i>	134
4.5.7.2	<i>Programaktiwiteit</i>	134
4.5.7.3	<i>Inhoud en toepassing van sessie 7</i>	134
4.5.8	SESSIE 8: <i>HOE SAL DIT WEES INDIEN EK MY DROOM BEREIK?</i> (POSITIEWE FUNKSIONERING)	141
4.5.8.1	<i>Doelwitte:</i>	141
4.5.8.2	<i>Programaktiwiteit</i>	141
4.5.8.3	<i>Inhoud en toepassing van sessie 8</i>	141
4.5.9	SESSIE 9: <i>WAT MOET EK DOEN OM OP DIE REGTE PAD TE BLY?</i> (TOEPASSING VAN VAARDIGHEDE).....	146
4.5.9.1	<i>Doelwitte:</i>	146
4.5.9.2	<i>Programaktiwiteit</i>	146
4.5.9.3	<i>Inhoud en toepassing van sessie 9</i>	146
HOOFSTUK 5: DIE IMPLEMENTERING EN EVALUERING VAN DIE LEWENVAARDIGHEIDSPROGRAM		150
5.1	INLEIDING	150
5.2	DIE KWANTITATIEWE BEVINDINGE	150
5.2.1	POSITIEWE FUNKSIONERING	152
5.2.1.1	<i>Deursettingsvermoë</i>	153
5.2.1.2	<i>Groepsdruk</i>	154
5.2.2	SELFPERSEPSIE	154
5.2.2.1	<i>Selfvertroue</i>	155
5.2.2.2	<i>Selfkennis</i>	156

5.2.2.3	<i>Assertiwiteit</i>	157
5.2.3	TRAUMADINAMIKA.....	158
5.2.3.1	<i>Woede</i>	159
5.2.3.2	<i>Hartseer</i>	160
5.2.3.3	<i>Angs</i>	160
5.2.4	DWELM- EN ALKOHOLGEBRUIK	161
5.2.4.1	<i>Alkoholmisbruik</i>	162
5.2.4.2	<i>Dwelmmisbruik</i>	162
5.2.5	INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS	163
5.2.5.1	<i>Interpersoonlike verhoudings</i>	164
5.2.5.2	<i>Wantroue</i>	165
5.2.6	TOEKOMSPERSPEKTIEF	166
5.3	BESPREKING VAN DIE KWANTITATIEWE BEVINDINGE	167
5.4	EVALUERING VAN DIE LEWENVAARDIGHEIDSPROGRAM: KWALITATIEWE BEVINDINGE VERKRY UIT DEELNEMERS SE LEWENSKAARTE	168
5.5	BESPREKING VAN DIE TEMAS EN SUBTEMAS SOOS VERKRY UIT DEELNEMERS SE LEWENSKAARTE TYDENS DIE GROEPSESSIES	173
5.5.1	<i>Sessie 1: Lewenskaarttema 1</i>	173
5.5.1.1	<i>Lae selfbeeld</i>	173
5.5.1.2	<i>Gebrek aan selfkennis</i>	173
5.5.1.3	<i>Evaluering van die sessie</i>	173
5.5.2	<i>SESSIE 2: LEWENSKAARTTEMA 2 – WAAR KOM EK VANDAAN?</i>	174
5.5.2.1	<i>Subtemas: Swak interpersoonlike verhoudings en ’n gebrek aan vertroue</i>	174
5.5.2.2	<i>Evaluering van die sessie</i>	174
5.5.3	<i>Sessie 3: Lewenskaarttema 3 – Wat het met my gebeur?</i>	175
5.5.3.1	<i>Stigmatisering en mishandeling</i>	175
5.5.3.2	<i>Gevoelens van woede, angs en hartseer</i>	175
5.5.3.3	<i>Evaluering van die sessie</i>	176
5.5.4	<i>Sessie 4: Lewenskaarttema 4 – Waarheen is ek op pad?</i>	176
5.5.4.1	<i>Subtemas geïdentifiseer uit lewenskaarttema 4</i>	176
5.5.4.1.2	<i>Toekomsbeplanning en besluitneming</i>	176
5.5.4.1.3	<i>Loopbaanbeplanning</i>	176
5.5.4.1.4	<i>Gelukkigheid en geestelike tevredenheid</i>	176
5.5.4.2	<i>Evaluering van die sessie</i>	177
5.5.5	<i>Sessie 5: Lewenskaarttema 5 – Wat moet ek doen om die struikelblokke op my pad te oorkom? ...</i>	177
5.5.5.1	<i>Gebrek aan hulpbronne</i>	177
5.5.5.2	<i>Substansmisbruik</i>	177

5.5.5.2	<i>Gebrek aan ouerlike ondersteuning</i>	178
5.5.5.3	<i>Evaluering van die sessie</i>	178
5.5.6	SESSIE 6: LEWENSKAARTTEMA 6 – HOE GAAN EK MY DOEL BEREIK?	178
5.5.6.1.	<i>Subtemas verkry uit lewenskaarttema 6</i>	178
5.5.6.2	<i>Gesonde besluitneming wat toekoms beïnvloed</i>	178
5.5.6.3	<i>Evaluering van die sessie</i>	179
5.5.7	Sessie 7: Lewenskaarttema 7 – Watter hulp het ek nodig?	179
5.5.7.1.	<i>Thakaneng en ander organisasies</i>	179
5.5.7.2	<i>Kommunikasievaardighede</i>	179
5.5.7.3	<i>Evaluering van hierdie sessie</i>	180
5.5.8	SESSIE 8: LEWENSKAARTTEMA 8 – HOE SAL DIT WEES AS EK MY DOEL BEREIK?	180
5.5.8.1.	<i>Subtemas van lewenskaarttema 8</i>	180
5.5.8.1.1.	<i>Veerkragtigheid en hoop vir die toekoms</i>	180
5.5.8.2	<i>Evaluering van die sessie</i>	181
5.5.9	Sessie 9: Lewenskaarttema 9 – Wat moet ek doen om op die regte pad te bly?	181
5.5.9.1	<i>Subtema soos verkry uit lewenskaarttema 9</i>	181
5.5.9.2	<i>Toepassing van lewensvaardighede</i>	181
5.5.9.3	<i>Evaluering van die sessie</i>	181
5.6	BESPREKING VAN DIE SUBTEMAS VERKRY UIT DIE DEELNEMERS SE LEWENSKAARTE	181
5.7	DIE KWALITATIEWE RESULTATE SOOS VERKRY UIT DIE FOKUSGROEPE	182
5.7.1	LITERATUURKONTROLE EN BELANGRIKE AFLEIDINGS	183
5.7.2	LITERATUURKONTROLE EN BELANGRIKE AFLEIDINGS	184
5.7.3	LITERATUURKONTROLE EN BELANGRIKE AFLEIDINGS	186
5.7.4	LITERATUURKONTROLE EN BELANGRIKE AFLEIDINGS	187
5.7.5	LITERATUURKONTROLE EN BELANGRIKE AFLEIDINGS	187
5.7.6	LITERATUURKONTROLE EN BELANGRIKE AFLEIDINGS	188
5.7.7	LITERATUURKONTROLE EN BELANGRIKE AFLEIDINGS	189
5.8	BESPREKING VAN DIE FOKUSGROEPBEVINDINGE	189
5.9	DIE BELANGRIKSTE KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE BEVINDINGE	190
5.9.1	SELFKENNIS, SELFVERTROUE EN SELFHANDAWING	190
5.9.2	INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS EN VERTROUE	191
5.9.3	DIE HANTERING VAN EMOSIES SOOS WOEDE, HARTSEER EN ANGS	191
5.9.4	TOEKOMSPERSPEKTIEF	191
5.9.5	DWELM- EN ALKOHOLGEBRUIK	192
5.10	SAMEVATTING	192

HOOFSTUK 6 SAMEVATTENDE OPSOMMING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	194
6.1 INLEIDING	194
6.2 SAMEVATTING VAN HOOFSTUKKE	194
6.3 DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE	196
6.3.1 LITERATUURSTUDIE.....	196
6.3.2 EMPIRIESE ONDERSOEK	196
6.4 GEVOLGTREKKINGS.....	197
6.4.1 GEVOLGTREKKINGS VAN BELANG VIR NASIONALE BELEID EN WETGEWING TEN OPSIGTE VAN STRAATKINDERS	197
6.4.2 GEVOLGTREKKINGS VAN BELANG VIR KINDER- EN JEUGSORGSENTRUMS.....	197
6.4.3 GEVOLGTREKKINGS VAN BELANG VIR MAATSKAPLIKE WERK DIENSLEWERING.....	198
6.4.4 GEVOLGTREKKING VAN BELANG VIR VERDERE NAVORSING	198
6.5 DIE SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT (KWALITATIEF)	198
6.6 HIPOTESE (KWANTITATIEF)	199
6.7 AANBEVELINGS	199
6.7.1 AANBEVELINGS VIR DIE PRAKTYK.....	199
6.7.2 AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN WETGEWING EN BELEID	200
6.8 DIE UNIEKHEID EN BYDRAE VAN DIE STUDIE	200
BRONNELYS.....	201
ADDENDUM A: WELWILLENDHEIDSTOESTEMMING VAN THAKANENG KINDER- EN JEUGSORGSENTRUM	220
ADDENDUM B: FOKUSGROEP-ONDERHOUDSKEDULE	223
ADDENDUM C: INGELIGTE SKRIFTELIKE INSTEMMING VAN STRAATKINDERS.....	225
ADDENDUM D: INGELIGTE SKRIFTELIKE TOESTEMMING VAN VOOG VIR DIE STRAATKINDERS.....	229
ADDENDUM E: SELFONTWERPTE VRAELYS.....	233
ADDENDUM F: ETHICS APPROVAL LETTER.....	240
ADDENDUM G: ETHICS APPROVAL OF PROJECT	241
ADDENDUM H: CHILD FUNCTIONING INVENTORY SENIOR PRIMARY (CFI-SPRIM).....	242
ADDENDUM I: VERKLARING DEUR REDIGEERDER.....	251

LYS VAN TABELLE

TABEL 1.1:	MEERVOUDIGE FASE ONTWERP	13
TABEL 1.2:	METODES VAN DATA INSAMELING IN ELKE FASE VAN DIE STUDIE.....	16
TABEL 3.1:	GEVOELENS VAN STRAATKINDERS	59
TABEL 3.2:	BEHOEFTE MET BETREKKING TOT LEWENVAARDIGHEDE	60
TABEL 4.1	LEWENVAARDIGHEDE BINNE DIE TEMAS VAN DIE LEWENSKAARTETEGNIEK	79
TABEL 4.2	DIE VOORGESTELDE LEWENVAARDIGHEIDSPROGRAM VIR STRAATKINDERS	88
TABEL 5.1:	BESKRYWING VAN TELLINGS VAN DIE KINDERFUNKSIONERINGSINVENTARIS- SENIOR PRIMÊR (CFI- SPRIM) SE FUNKSIONERINGSAREAS.....	151
TABEL 5.2:	VOORSTELLING VAN DIE VERSKILLENDE GROEPE EN DIE KLINIESE AFSNYPUNT	152
TABEL 5.3:	TEMAS VAN DIE LEWENSKAARTETEGNIEK, VOORBEELDE EN SUBTEMAS SOOS VERKRY VANUIT DEELNEMERS SE LEWENSKAARTE	168
TABEL 5.4	ERVARING VAN DIE LEWENVAARDIGHEIDSPROGRAM.....	183
TABEL 5.5	WAT DEELNEMERS SAL ONTHOU VAN DIE PROGRAM	184
TABEL 5.6	DIE GEVOELENS VAN DEELNEMERS.....	185
TABEL 5.7:	WAT DEELNEMERS GELEER HET	186
TABEL 5.8:	VERANDERINGE WAT DEELNEMERS IN HUL LEWE MOET MAAK	187
TABEL 5.9:	VERANDERINGE AAN DIE PROGRAM	188
TABEL 5.10:	DEELNEMERS SE TOEKOMSPLANNE	189

LYS VAN DIAGRAMME

DIAGRAM 1.1:	OPSOMMING VAN DIE NAVORSINGPROSES.....	19
DIAGRAM 4.1:	VERLOOP VAN DIE PROGRAM	87

LYS VAN ILLUSTRASIES

ILLUSTRASIE 2.1:	STOOT- EN TREKFAKTORE WAT KAN LEI TOT 'N LEWE OP STRAAT	28
ILLUSTRASIE 3.1:	MASLOW SE HIËRARGIE VAN MENSLIKE BEHOEFTE EN STRAATKINDERS	50

LYS VAN FIGURE

FIGUUR 1.1	SKEMATIESE UITEENSETTING VAN DIE HOOFSTUKKE	25
FIGUUR 2.1:	WETGEWING EN BELEID	42
FIGUUR 2.2:	PROGRAMME EN DIENSTE	45
FIGUUR 3.1:	OUERDOM VAN DEELNEMERS	55
FIGUUR 3.2:	VLAKE VAN SKOOLOPLEIDING	56
FIGUUR 3.3:	HOEEVEELHEID DEELNEMERS WAT ROOK	57
FIGUUR 3.4:	ALKOHOLGEBRUIK ONDER DEELNEMERS	58
FIGUUR 3.5:	GOMGEBRUIK ONDER DIE DEELNEMERS	58
FIGUUR 5.1:	POSITIEWE FUNKSIONERING (GESONDE LEEFSTYL)	152
FIGUUR 5.2:	SELPERSEPSIE.....	155
FIGUUR 5.3:	TRAUMA DINAMIKA.....	158
FIGUUR 5.4:	DWELM- EN ALKOHOLMISBRUIK	161
FIGUUR 5.5:	INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS	164
FIGUUR 5.6:	TOEKOMSVISIE	166

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN ORIËNTERING TOT DIE STUDIE EN DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE

1.1. INLEIDING EN RASIONAAL VIR DIE STUDIE

Die straatkindverskynsel is 'n kenmerkende maatskaplike probleem in Suid-Afrika (Benghait, 2002:34; Lefeh, 2008:10, Ward, 2007:225). Wetgewing rakende straatkinders in Suid-Afrika het verander in die vorm van die *Children's Act*, Wet no. 38 van 2005 wat vir die eerste keer voorsiening maak vir straatkinders en hul behoeftes. Volgens hierdie wetgewing word straatkinders ook nou beskou as kinders wat sorg en beskerming benodig. Die navorser dien sedert 2011 op die bestuursraad van die Thakaneng Kinder- en Jeugsorgsentrum (TKJS) wat dienste aan straatkinders lewer. Dit vorm deel van die navorser se gemeenskapsbetrokkenheidsprofiel en in hierdie hoedanigheid het die navorser bewus geraak van die behoefte aan 'n doelgerigte lewensvaardighedsprogram vir die straatkinders by hierdie spesifieke organisasie.

Alhoewel Thakaneng in die straatkinders se fisiese behoeftes voorsien, is dit ook nodig om op hul psigososiale behoeftes te fokus. Idemudia, Kgokong en Kolobe (2013:164) bevestig dat daar baie min literatuur beskikbaar is rondom die psigososiale behoeftes en funksionering van straatkinders in Suid-Afrika. Hierdie psigososiale behoeftes van die straatkinders kan moontlik ondervang word met behulp van 'n gepaste lewensvaardighedsprogram wat die straatkinders met vaardighede sal bemagtig om uitdrukking en betekenis te verleen aan hul materiële, liggaamlike, geestelike, maatskaplike en godsdienslike verwagtinge, behoeftes en omstandighede.

Die wetgewing wat vervat is in die *Children's Act* 38 van 2005, beklemtoon dat die veiligheid en beskerming van alle kinders – ook straatkinders – hoë prioriteit moet geniet en dat alle organisasies soos die TKJS (voorheen bekend as projekte, programme en skuilings vir straatkinders) nou moet registreer as 'n kinder- en jeugsorgsentrum (KJS). In die betrokke wetgewing word daar in Artikel 191(2) beklemtoon dat 'n KJS opvoedkundige programme soos lewensvaardighedsprogramme moet ontwikkel vir die residensiële sorg van kinders buite die gesinskonteks. Die navorser het dus gepoog om in hierdie studie 'n lewensvaardighedsprogram vir straatkinders te ontwikkel sodat hulle psigososiale funksionering kan verbeter en die vereiste lewensvaardighedsprogram(me) by die TKJS geïmplementeer kan word. Die

navorser het die lewenskaartetegniek benut in die ontwikkeling van die lewensvaardigheidsprogram. Hierdie tegniek word veral gegrond in die teorie en praktyk van die narratiewe en sterktebenaderings in maatskaplike werk. Die oorhoofse doelstelling van hierdie lewensvaardigheidsprogram is om die straatkinders te bemagtig met behulp van lewensvaardighede om hul psigososiale funksionering te bevorder.

1.2. PROBLEEMSTELLING

Die straatkindersverskynsel het regoor die wêreld 'n groot maatskaplike probleem geword. Volgens skattings was daar in 2004 alreeds meer as 100 miljoen straatkinders in die wêreld (Kit, 2004:1, Louw, 2008:3). Die meeste straatkinders word gevind in Latyns-Amerika, Asië en Afrika (Kit, 2004:1) Hierdie verskynsel het ook in Suid-Afrika oor die jare drasties gegroei. Volgens Ward (2007:225) was daar in 2000 reeds meer as 10 000 straatkinders in Suid-Afrika. Daarteenoor het Benghait (2002:34) in 2001 geskat dat daar meer as 50 000 kinders in Suid-Afrika op straat leef. Dit is egter moeilik om resente, betroubare statistiek rakende die straatkindersverskynsel in Suid-Afrika te verkry omdat dit moeilik is om kontrole te hou van presies hoeveel kinders op straat leef en werk. Swak ekonomiese toestande en maatskaplike probleme kan moontlike oorsake wees vir die styging in die aantal straatkinders (Ashoka, 2004:1). Straatkinders bevind hulself op straat met heelwat psigososiale uitdagings, soos blootstelling aan misdaad, dwelmmisbruik, prostitusie en mishandeling; asook swak interpersoonlike verhoudings (Barette, 1995:11; Shaw, 2001:01). Kinders is dikwels nie in staat om die ongeregthede wat teenoor hulle gepleeg word, te beheer nie en daarom is hulle afhanklik van ander om namens hulle die regte stappe te doen.

Die taak van die maatskaplike werker is in hierdie opsig baie belangrik. Dit is die taak van die maatskaplike werker in besonder om, so ver moontlik, voorkomende programme te loods om te voorkom dat kinders in nood hulle tot die strate wend, maar ook om bemagtigende en terapeutiese programme in plek te stel om straatkinders in KJS se psigososiale funksionering te bevorder. Faul en Van Zyl (2004:569) beskryf psigososiale funksionering soos volg:

Psigososiale funksionering verwys na die gedragspatrone van die individu in die verskillende rolle en sisteme waarvan die individu deel vorm in sy lewe. Die individu reageer met kongruensie tussen die vier dimensies van sy innerlike wêreld na situasies in sy omgewing. Die individu ervaar homself en sy wêreld op twee verskillende vlakke wat verband hou met prestasie, tevredenheid en

verwagting aan die een kant en frustrasie, spanning en hulpeloosheid aan die ander kant. Optimale psigososiale funksionering veronderstel dat die positiewe kragte sterker sal wees as die regressiewe kragte. Die psigososiale funksionering van die individu geskied altyd in 'n spesifieke tydraam wat met die ontwikkelingsfase waarin die individu homself bevind verband hou.

Maatskaplike en psigososiale funksionering word dikwels in die literatuur as sinonieme gebruik, maar vir die doel van hierdie studie sal daar hoofsaaklik na *psigososiale funksionering* verwys word. Die term *psigososiale funksionering* omvat eerstens positiewe funksioneringsareas wat uit innerlike interaksie en gedrag bestaan. Tweedens omvat psigososiale funksionering ook negatiewe funksioneringsareas wat ook uit interaksie en gedrag bestaan, maar wat van negatiewe funksionering na die positiewe verbeter behoort te word. Vir die doeleindes van hierdie studie sal aspekte soos onder andere selfidentiteit, selfpersepsie, toekomsvisie, interpersoonlike verhoudings, besluitneming, traumadinamika en ander funksioneringsareas as 'n integrale deel van die psigososiale funksionering van straatkinders beskou word.

Die hoofdoel van hierdie studie is om die psigososiale funksionering van straatkinders te bevorder. Soos reeds vroeër gemeld, maak die *Children's Act*, 38 van 2005 (South Africa, 2005), voorsiening vir die beskerming van kinders en skryf ook prosedures voor wanneer daar vermoed word dat 'n kind 'n behoefte het aan versorging en beskerming (Fouché & Japhta, 2013:66). Skuilings vir straatkinders word deur hierdie wetgewing geregistreer en gereguleer as kinder- en jeugsorgsentrums (KJS). Straatkinders sal derhalwe ook nou vir die eerste keer die hoogste standaard beskermingsdienste moet ontvang (*Children's Act*, 38 of 2005; *Children's Amendment Act*, Wet no. 41 van 2007 – verderaan “Kinderwysigingswet”). Hiervolgens behoort straatkinders aan die gemeenskap en moet programme in plek wees om hulle inskakeling by die breër samelewing te bevorder. Die langtermyn doel is om sodanige kinders met vaardighede te bemagtig sodat hulle kan oorleef in en cope met hulle omstandighede. KJS'e moet ook voldoen aan die regulasies en nasionale norme en standaarde soos uiteengesit in die Wet. Hierdie nasionale norme en standaarde is opgestel om te verseker dat alle kinders in 'n KJS dieselfde versorging en beskerming geniet (Fouché & Japhta, 2013:83). Projekte vir straatkinders moet nie bloot 'n fasiliteit vir voeding en skuiling wees nie, maar 'n plek waar hulle ook opvoeding en ondersteuning kry en met die nodige vaardighede toegerus word om met hul gemeenskappe te integreer en effektief in die samelewing te funksioneer. Straatkinders manipuleer dikwels bogenoemde

programme en beweeg van een projek na 'n ander, sonder dat hul werklik iets geleer het (Smith & Liebenberg, 2000:26).

In Suid-Afrika is daar programme en projekte wat poog om dienste aan straatkinders te lewer. Die dienste wat deur hierdie programme en projekte gelewer word, vorm deel van die ontwikkelingsparadigma vir maatskaplike welsyn. Hierdie benadering tot maatskaplike welsyn het grootliks bygedra tot die implementering van die Geïntegreerde Diensleweringmodel van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling (Suid-Afrika, 2006) en is spesifiek gefokus op gemeenskapsontwikkeling (Patel, 2005:161). Welsynsorganisasies is toenemend betrokke by gemeenskapsontwikkeling en volgens Weyers en Herbst (2013:10) omsluit gemeenskapsontwikkeling "... 'n navorsingsgebaseerde, doelbewuste poging om 'n gemeenskap op 'n breë front op 'n volhoubare wyse te laat ontwikkel". Dienslewering aan straatkinders behoort ook aan die ontwikkelingsparadigma te voldoen. 'n Voorbeeld van 'n organisasie wat op gemeenskapontwikkeling toegespits is, is die TKJS-projek vir straatkinders, 'n KJS in Potchefstroom. Thakaneng Kinder- en Jeugsorgsentrum (TKJS) maak voorsiening vir straatkinders tussen die ouderdomme van 7 en 18 jaar en voorsien aan hulle skooling, kos en klere. Die TKJS beoog ook om opvoedkundige en ondersteuningsprogramme sowel as ontspanningsgeriewe vir die kinders beskikbaar te stel. Die TKJS lewer dienste aan straatkinders wat op straat leef en werk binne die Potchefstroomomgewing/-munisipaliteit (TKJS, 2014:7).

Die TKJS bied residensiële sorg vir straatkinders, maar poog ook om in die psigososiale behoeftes van die kinders te voldoen. Die TKJS vorm deel van die Gauteng se Alliansie vir straatkinders en skryf die toename in straatkindgetalle toe aan armoede, werkloosheid, gesinsprobleme en kindersmishandeling wat in die gemeenskap ervaar word (TKJS 2014:4). Volgens die Nasionale Alliansie vir Straatkinders moet alle regeringsorganisasies binne die geïntegreerde diensleweringbenadering 'n rol speel ten opsigte van vaardigheidsontwikkeling, bemagtigingsprogramme en werkskepping ten einde aandag te gee aan die maatskaplike probleme wat aanleiding kan gee tot toename in straatkindgetalle (South Africa, 2004:7).

Alhoewel die TKJS omvattende dienste aan straatkinders lewer, het hulle nie 'n spesifieke lewensvaardighedsprogram wat vir die kinders aangebied kan word nie. Straatkinders benodig lewensvaardighede om hulle psigososiale funksionering te optimaliseer, maar volgens Nolte (2002) is daar juis 'n gebrek aan sodanige programme.

'n Gebrek aan lewensvaardighede beïnvloed die individu as mens negatief en kan bydra tot 'n swak selfpersepsie, gebrekkige interpersoonlike verhoudings, ongemotiveerdheid, frustrasie asook 'n onvermoë om die eise van die lewe te hanteer. 'n Lewensvaardighedsprogram kan straatkinders help om suksesvol in die samelewing te funksioneer en om hul psigososiale funksionering te bevorder. So 'n program sal die TKJS se dienslewering bevorder, aangesien wetgewing dit ook duidelik stel dat opvoedkundige en ondersteuningsprogramme – soos lewensvaardighedsprogramme – ook deel van elke KJS se dienslewering moet uitmaak. Dit is daarom noodsaaklik om die konsep *lewensvaardighede* verder te ondersoek.

Volgens die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:36) verwys lewensvaardighede na "... die vermoë van die individu om lewenseise en die mens-omgewing wisselwerking suksesvol te hanteer met die oog op behoeftebevrediging, uitlewing van waardes en die bereiking van 'n toereikende vlak van maatskaplike funksionering in bepaalde lewensfasies en omstandighede". Barker (2003:234) sluit hierby aan deur te verwys na lewensvaardighede as die vermoë om alledaagse aktiwiteite van die lewe uit te voer, wat van jongmense verwag word in hul voorbereiding om onafhanklikheid te bereik. Daar is bepaalde risiko's wat straatkinders se psigososiale funksionering bedreig en waarvoor ontwikkeling ten opsigte van lewensvaardighede noodsaaklik is. Straatkinders word blootgestel aan negatiewe en gevaarlike gedrag, soos dwelmmisbruik, seksuele wanpraktyke, misdaad en mishandeling. Al wil dit voorkom asof straatkinders juis van hulle ouerhuse probeer wegom, het hierdie kinders 'n groot behoefte aan affeksie en 'n gevoel van behoort-aan. Die lewe op straat ontnem hulle egter dikwels van die vervulling van hierdie behoeftes en verwyder hulle tot 'n mate van die sosiale orde in die samelewing (Foster, 2000:55). In hierdie verband verwys Thompson (2004:31) na Hirschi se sosiale bindingsteorie en die vier bande wat noodsaaklik is om die individu – in hierdie geval die straatkind – tot sosiale orde te bind. Hierdie bande sluit die volgende in:

- **Gehegtheid**

As straatkinders positiewe verhoudings met hul versorgers, ouers, vriende en skole het, sal hulle minder geneig wees om negatiewe gedrag te openbaar, omdat hulle nie hierdie rolspelers wil teleur stel nie.

- **Verbintenis**

As straatkinders verbind is tot die konvensionele aspirasies, byvoorbeeld om opvoedkundige en beroepsdoelwitte te bereik, sal hulle negatiewe gedrag vermy sodat hulle nie hul aspirasies in gevaar stel nie.

- **Deelname**

Deelname verwys na die tyd wat straatkinders bestee aan konvensionele aktiwiteite soos huiswerk en georganiseerde sport. Hoe groter hul betrokkenheid, hoe minder tyd sal hulle hê om met verkeerde vriende te verkeer en hoe minder geleentheid sal hulle hê om by negatiewe aktiwiteite betrokke te raak.

- **Oortuigings**

As straatkinders begelei kan word tot tradisionele oortuigings, soos respek vir die wet en polisie, sal hul gedrag ook beheer kan word. Faktore soos positiewe verhoudings met familie en die skool, asook geloof, beperk jeugmisdaad en ander negatiewe gedrag (Thompson, 2004:31).

Dit is daarom belangrik dat straatkinders lewensvaardighede moet aanleer om te cope met hulle alledaagse lewe en om hulle te help om negatiewe gedrag te vermy. Deur straatkinders met die gepaste lewensvaardighede te bemagtig, sal hulle in staat gestel word om beter in die samelewing te funksioneer en hul psigososiale funksionering in geheel sal bevorder word. Lewensvaardighede en coping-vaardighede kan met behulp van die lewenskaartetegniek aan straatkinders geleer word. Strydom en Herbst (2007:244) definieer lewenskaarte as “tools for self-discovery, taking the individual through his/her life from birth to death, dealing with the self, significant others, obstacles, choices, beliefs and the future”.

Die gebruik van die lewenskaartetegniek kan straatkinders help om 'n beter siening van hulself te verkry en dit bevorder hul kans om noodsaaklike lewensvaardighede aan te leer ten einde hul psigososiale funksionering te bevorder. Die lewenskaartvrae kan kreatief deur straatkinders beantwoord word deur middel van skryfwerk, lewensboeke, tekeninge, collages, musiek, foto's of kleibeelde (Strydom & Herbst, 2007:245). Die doel hiervan is selfuitdrukking. Selfuitdrukking is noodsaaklik by kwesbare groepe soos straatkinders (Smart, 2003:62). Die gebruik van lewenskaarte in 'n

lewensvaardigheidsprogram het die potensiaal om straatkinders te help om 'n eie identiteit, toekomsvisie en selfpersepsie te ontwikkel asook om hul psigososiale funksionering in geheel te bevorder.

Die voorafgaande lei tot die volgende navorsingsvrae:

- Hoe lyk die bestaande programme vir straatkinders in Suid -Afrika?
- Wat is die vlak van psigososiale funksionering en die behoeftes van straatkinders by die TKJS?
- Hoe kan die lewenskaartetegniek in 'n lewensvaardigheidsprogram vir straatkinders in die TKJS ingesluit word?
- Hoe word die psigososiale funksionering van straatkinders by die TKJS beïnvloed deur 'n lewensvaardigheidprogram wat gebaseer is op die lewenskaartetegniek?

1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE

1.3.1 Doelstelling

Die algemene doelstelling van hierdie studie is om die psigososiale funksionering van straatkinders by die TKJS te bevorder deur die ontwikkeling, implementering en evaluering van 'n lewensvaardigheidsprogram wat gebaseer is op die lewenskaartetegniek.

1.3.2 Doelwitte

In die lig hiervan is die volgende spesifieke doelwitte geformuleer:

- Om 'n kritiese ontleding te doen van bestaande programme vir straatkinders in Suid-Afrika
- Om die psigososiale funksionering en die behoeftes van straatkinders by die TKJS te bepaal
- Om 'n lewensvaardigheidsprogram wat gebaseer is op die lewenskaartetegniek vir straatkinders by die TKJS te ontwikkel en te implementeer
- Om die uitkomst van sodanige lewensvaardigheidsprogram op die psigososiale funksionering van straatkinders by die TKJS te bepaal.

1.4. TEORETIESE BEGRONDING

Die teoretiese begronding waarop hierdie studie berus, is die sterkte- en bemagtigingsbenaderings (Saleebey, 2013:110; Zastrow, 2010:409). Alle mense het sterktes; en die vermoë om hierdie sterktes te identifiseer en te ontwikkel, bevorder persoonlike groei en 'n positiewe uitkyk op die lewe (Hassim & Herbst, 2016:208). Die sterktebenadering en bemagtiging loop hand aan hand in maatskaplike werk (Cowger & Snively, 2002:110). Dit is belangrik om op die individu se sterktes te fokus en te help om dit te ontwikkel sodat bemagtiging kan plaasvind (Zastrow & Kirst-Ashman, 2016:14). Die rol van die maatskaplike werker is om die kliënte te help om die sterktes binne hulself en hul omgewing te identifiseer wat waardevol kan wees in probleemoplossing en bemagtiging. Dit is vir die navorser belangrik dat straatkinders se sterktes ook geïdentifiseer moet word, sodat persoonlike groei by hulle bevorder kan word en hulle sodoende bemagtig kan word om die eise van hul alledaagse omstandighede beter te hanteer. Die navorser is van mening dat straatkinders oor die vermoëns beskik om te groei, verander en aan te pas.

Bemagtiging is die proses waardeur individue, gesinne, groepe en gemeenskappe gehelp word om hul persoonlike sterktes te ontwikkel en om hul omstandighede te verbeter. Potgieter (1998:216) beskryf bemagtiging as 'n selfhelpaktiwiteit wat die neem van beheer en die aanvulling van instaatstellende aktiwiteite en strategieë insluit. Potgieter (1998:216) is van mening dat lewensvaardigheidsprogramme deel behoort te vorm van die basiese hulpbronne en fasiliteite van die gemeenskap. Hierdie studie fokus op die bemagtiging van straatkinders deur 'n lewensvaardigheidsprogram wat gebaseer is op die lewenskaartetegniek. Straatkinders word dikwels gesien as 'n negatiewe verskynsel in die samelewing en daar word dikwels teenoor hulle gediskrimineer. Zastrow (2010:409) verduidelik dat bemagtiging hulpeloosheid en magteloosheid teëwerk. Bemagtiging fokus sterk op die vermoë van elke persoon om alledaagse probleme van die lewe op bekwame wyse te hanteer, asook om 'n positiewe siening van die self te verkry.

Die navorser beoog om uiteindelik met hierdie studie, naamlik om straatkinders te bemagtig om 'n eie identiteit, toekomsvisie en selfpersepsie te ontwikkel en om hulle toe te rus met die nodige vaardighede om die eise van die alledaagse lewe suksesvol te hanteer. Deur straatkinders met die gepaste lewensvaardighede te bemagtig, sal hulle

in staat gestel word om beter in die samelewing te funksioneer en sal hul psigososiale funksionering in geheel bevorder word.

1.5. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT EN HIPOTESE

1.5.1 Sentrale teoretiese argument (kwalitatief)

'n Lewensvaardigheidsprogram wat gebaseer is op die lewenskaartetegniek kan bydra tot die positiewe psigososiale funksionering van straatkinders.

1.5.2 Hipotese (kwantitatief)

'n Lewensvaardigheidsprogram wat gebaseer is op die lewenskaartetegniek sal die psigososiale funksionering van straatkinders by die TKJS verander ten opsigte van die volgende kategorieë:

- Positiewe funksionering
- Selfpersepsie
- Traumadinamika
- Interpersoonlike verhoudings
- Dwelm- en alkoholgebruik
- Toekomsvisie

1.6 DEFINISIE VAN SLEUTELTERME

1.6.1 Lewensvaardighede

Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:36) beskryf lewensvaardighede as dat dit “verwys na die vermoë van die individu om lewenseise en die mens-omgewing wisselwerking suksesvol te hanteer met die oog op behoeftebevrediging, uitlewing van waardes en die bereiking van 'n toereikende vlak van maatskaplike funksionering in bepaalde lewensfases en omstandighede”. Rooth (1997:6) beskryf lewensvaardighede as daardie noodsaaklike vaardighede wat die lewe vergemaklik en wat die ontwikkeling van insig bewerkstellig ten einde die individu in staat te stel om sy eie potensiaal te ontwikkel. Hierdie definisies sluit aan by dié van Japhta (2011:9), wat meen dat lewensvaardighede dui op vaardighede wat die mens in staat stel om effektief te cope met lewensituasies. Vir die doeleindes van hierdie studie sal lewensvaardighede beskou word as vaardighede wat straatkinders kan help om die alledaagse eise van die lewe positief te hanteer.

1.6.2 Lewenskaarte

Herbst (2002:20) definieer lewenskaarte as “therapeutic tools for assessment and counseling where individuals or groups review their lives in terms of the past, present and future by focusing on their views of themselves, others, the world, their problems and coping skills”. Strydom en Herbst (2007:244) beskryf lewenskaarte as gereedskap vir selfontdekking wat die individu regdeur sy lewe neem vanaf geboorte tot dood, en wat die individu in staat stel om keuses, geloofsoortuigings en die toekoms effektief te hanteer. Vir die doeleindes van hierdie studie is lewenskaarte gebruik om straatkinders te help om ’n eie identiteit, toekomsvisie en selfpersepsie te ontwikkel asook om hul psigososiale funksionering in geheel te bevorder.

1.6.3 Maatskaplike funksionering

Maatskaplike funksionering is die geheel van ’n individu se rolvervulling op alle bestaansvlakke in wisselwerking met ander individue, gesinne, groepe, gemeenskappe of situasies (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995:37). Barker (2014:397) beskryf maatskaplike funksionering as “[l]iving up to the expectations that are made of an individual by that person's own self, by the immediate social environment, and by society at large. These expectations, or functions, include meeting one's own basic needs and the needs of one's dependents and making positive contributions to society”. Uit hierdie definisie is dit duidelik dat maatskaplike funksionering deur die individu en sy omgewing bepaal word, maar dat die individu verantwoordelik is vir die bevrediging van basiese behoeftes van homself en ander afhanklikes, en om sodoende positiewe bydraes te maak tot die groter samelewing.

1.6.4 Psigososiale funksionering

Faul (1995:159) beskryf psigososiale funksionering soos volg:

Psigososiale funksionering verwys na die gedragspatrone van die individu in die verskillende rolle en sisteme waarvan die individu deel vorm in sy lewe. Die individu reageer met kongruensie tussen die vier dimensies van sy innerlike wêreld na situasies in sy omgewing. Die individu ervaar homself en sy wêreld op twee verskillende vlakke wat verband hou met prestasie, tevredenheid en verwagting aan die een kant en frustrasie, spanning en hulpeloosheid aan die ander kant. Optimale psigososiale funksionering veronderstel dat die positiewe

kragte sterker sal wees as die regressiewe kragte. Die psigososiale funksionering van die individu geskied altyd in 'n spesifieke tydraam wat met die ontwikkelingsfase waarin die individu homself bevind verband hou.

Maatskaplike en psigososiale funksionering kan as sinonieme beskou word, maar vir die doel van hierdie studie gaan daar eerder na psigososiale funksionering verwys word.

1.6.5 Straatkinders

Daar is nie eenstemmigheid oor die definisie van straatkinders nie. Die term *straatkind* is 'n sambreelterm wat gebruik word vir verskeie groepe kinders in moeilike lewensomstandighede, maar die definisies verskil van land tot land en van outeur tot outeur (Serrokh, 2006:1). Die *Gauteng Street Children Shelters Act*, 16 van 1998, beskryf straatkinders as kinders wat in tydelike versorging is, kinders wat gereeld van een plek na 'n ander trek of kinders wat in institusionele sorg is omdat hul nie 'n ander heenkome gehad het nie en die risiko bestaan dat hulle weer op straat kan beland. Hanbury (2002:3) beskryf straatkinders as kinders wat op straat leef en werk; kinders wat by die huis slaap, maar die meeste van hul tyd op straat deurbring, asook kinders wat in nag skuilings slaap. Die *Children's Act*, 38 van 2005 sluit hierby aan deur straatkinders te beskryf as kinders wat op straat leef of werk as gevolg van mishandeling, verwaarlosing, armoede of enige ander rede. Cox en Pawar (2006:326) definieer straatkinders as "those who spend most of their time on the streets whether working or not; have tenuous ties, or no ties at all, with their families; and have developed specific survival strategies". Verskeie outeurs beskryf ook straatkinders in verskillende kategorieë, soos byvoorbeeld kinders van die straat, kinders op straat en kinders in skuilings of institusionele versorging (Altanis & Goddard, 2004; Mitchell, Nyakake & Oling, 2007; Tolfree, 2003:7).

'n Paar elemente kom in die meeste van hierdie definisies voor, naamlik:

- Straatkinders leef of bestee 'n groot deel van hul tyd op straat
- Straatkinders is kinders wat sorg en beskerming benodig weens onvoldoende ouerlike sorg
- Straatkinders verkies die straat en sien dit as 'n uitweg tot 'n beter lewe
- Sommige straatkinders woon in skuilings, sentrums of alternatiewe akkommodasie wat voorsien word deur NGO's.

Wêreldwyd is daar ook 'n tendens seuns as dogters op straat leef en werk (Mufune, 2000:233, Volpi 2003:1-30).

Die deelnemers (almal seuns) was ten tyde van hierdie studie inwonend by die TKJS, maar daar is geen waarborg dat hulle nie weer op straat gaan beland nie. Ter wille van eenvormigheid die term *straatkind* in hierdie studie word gebruik, maar die navorser erken wel dat daar nie uitsluitel is rakende die definisie nie.

1.7 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Gemengde-metodenavorsing is gebruik (Wagner, Kawulich & Garner, 2012:161-162) deurdat kwalitatiewe sowel kwantitatiewe metodes van data-insameling gebruik is (Creswell, 2014:228; Creswell & Plano Clarke, 2011:15; Grinnell, 2001:113-114; Weyers & Reitsema, 2001:46).

1.7.1 Literatuurstudie

Die navorser het 'n literatuurstudie onderneem ten einde meer inligting oor die onderwerp te bekom. Literatuur rakende die straatkindverskynsel, lewensvaardighede vir straatkinders sowel as die lewenskaartetegniek is bestudeer. Die navorser het haarself oriënteer ten opsigte van die probleem, navorsingsmetode en die prosedures wat gevolg moes word (Fouché & Delpont, 2011:135). Literatuur is gebruik word om die data te ondersteun of te verwerp, of om nuwe inligting oor die aspek te verkry.

Verskeie handboeke, proefskrifte, vaktydskrifte, navorsingsverslae en Thakaneng-dokumentasie is bestudeer ten einde die probleem te omlyn en die studie te beplan. Die soekenjins wat gebruik is vir hierdie studie, sluit in EBSCO Host, Eric, SA Publications, Google Scholar asook die Internet.

1.7.2 Empiriese ondersoek

Die gemengde navorsingmetode is gebruik deurdat beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingstegnieke en metodes in die studie toegepas is (Creswell, 2014:228). Die empiriese ondersoek het uit drie fases bestaan: Fase 1, 'n literatuurstudie en behoeftebepaling; Fase 2, die programontwikkeling; en Fase 3, die implementering en evaluering van die program. Tydens die empiriese ondersoek is daar van die meervoudige fase-ontwerp binne die gemengde-metodenavorsing gebruik gemaak, deurdat kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe metodes van data-insameling gebruik is (Creswell, 2014:228).

1.7.2.1 Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp is die plan van aksie hoe om die ondersoek te doen (Monette, Sullivan & DeJong, 2008:143). Vir hierdie studie is die meervoudige fase-ontwerp gebruik (Creswell & Plano Clark, 2014:228; Delport & Fouché, 2011:443). Die meervoudige fase-ontwerp is gebruik, aangesien die navorser die studie gedoen het in verskeie fases, wat kwalitatief of kwantitatief was, of beide (Creswell & Plano Clark, 2011:100). Die meervoudige fase-ontwerp is veral geskik vir studies waar programimplementering en -evaluering vereis dat die projek uit meervoudige fases bestaan wat oor 'n tydperk plaasvind (Creswell, 2014:228).

Tabel 1.1 beeld uit hoe die meervoudige fase-ontwerp in die studie toegepas is (Creswell & Plano Clark, 2011:91).

Tabel 1.1: Meervoudige fase-ontwerp

Meervoudige fase-ontwerp	
FASE 1: Literatuurstudie en behoeftebepaling	KWAN en kwal: Literatuurstudie en selfontwerpte vraelys met oop en geslote vrae
FASE 2: <i>Programontwikkeling</i>	<i>Programontwikkeling</i>
FASE 3: Programimplementering en -evaluering	KWAL en KWAN Solomon- viergroep eksperimentele navorsing <i>Kinderfunksioneringsinventaris – Senior Primêr (CFI-SPRIM) (voor- en nameting)</i> Lewenskaarttemas Fokusgroepe

Die empiriese ondersoek tydens elk van die fases word vervolgens kortliks bespreek.

Fase 1: Literatuurstudie en behoeftebepaling

Hierdie fase bestaan uit die identifisering van 'n menslike probleem en metodes om die probleem te hanteer (De Vos & Strydom, 2011:478). Ten einde 'n lewensvaardighedsprogram vir straatkinders te kon ontwikkel, was dit belangrik dat die navorser moes bepaal presies watter behoeftes straatkinders het ten opsigte van lewensvaardighede en ook watter lewensvaardighede hulle benodig.

In fase 1 het die navorser 'n behoeftebepaling gedoen deur middel van 'n selfontwerpte vraelys, om uit te vind watter behoeftes die straatkinders het rakende lewensvaardighede. Die vraelys is hoofsaaklik kwantitatief van aard, maar het ook 'n aantal oop vrae ingesluit wat meer kwalitatief van aard is. Die navorser het voorts 'n

literatuurstudie onderneem om vas te stel watter programme en dienste tans in Suid-Afrika beskikbaar is vir straatkinders. Die navorsingsoogmerke van fase 1 is daarom verkennend en beskrywend van aard (Rubin & Babbie, 2011:133).

Fase 2: Programontwikkeling

Die doel van fase 2 was die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram vir straatkinders. Die doel van hierdie lewensvaardigheidsprogram is om straatkinders met lewensvaardighede te bemagtig, om hul psigososiale funksionering te bevorder. Die lewenskaartetegniek is aangewend as hulpmiddel tydens die ontwikkeling van die lewensvaardigheidsprogram. Die lewenskaartetegniek as hulpmiddel word breedvoerig in hoofstuk 4 bespreek. Die behoeftebepaling en die literatuurstudie wat in fase 1 gedoen is, het die navorser gehelp om sodanige lewensvaardigheidsprogram vir straatkinders te ontwikkel.

Fase 3: Programimplementering en -evaluering

Die bevindinge van die behoeftebepaling en die literatuurstudie wat in fase 1 gedoen is, het die navorser gehelp om die lewensvaardigheidsprogram vir die straatkinders te ontwikkel en te implementeer. Die navorsingsoogmerk van fase 3 was verklarend en evaluerend van aard (Rubin & Babbie, 2011:135). In hierdie fase het die navorser kwantitatief 'n meting gedoen om die psigososiale funksionering van straatkinders by die TKJS te bepaal, deur gebruik te maak van die Perspektief Opleidingskollege se **gestandaardiseerde Kinderfunksioneringsinventaris – Senior Primêr (CFI-SPRIM)**. Die lewensvaardigheidsprogram is ontwikkel en geïmplementeer en 25 straatkinders wat deel uitgemaak het van die eksperimentele groepe het die lewensvaardigheidsprogram deurloop. Die lewensvaardigheidsprogram is in die vorm van nege maatskaplike groepwerksessies aangebied. Elke sessie het gefokus op 'n onderwerp wat gebaseer is op 'n lewenskaarttema met verbandhoudende lewensvaardighede.

Die navorser het gebruik gemaak van eksperimentele navorsing, met 'n 'n Solomon-viergroep fokus. (Fouché, Delpont & De Vos, 2011:152). Daar was twee eksperimentele groepe en twee vergelykende groepe. Die voortoetsing is gedoen met een van die eksperimentele groepe en een van die vergelykende groepe. Eksperimentele groep 1 het die voortoets gedoen, die program deurloop en dan die natoets gedoen. Eksperimentele groep 2 het ook die program deurloop, maar het slegs die natoets gedoen. Vergelykende groep 1 het die voortoets en die natoets gedoen en

vergelykende groep 2 slegs die natoets (Fouché, Delpont & De Vos, 2011:152; Rubin & Babbie 2011:257). Die voordeel van hierdie metode is dat die uitwerking van die meetinstrument gekontroleer word, aangesien een eksperimentele groep en een kontrolegroep nie die voortoetsing ontvang nie (Fouché *et al.*, 2011:152). Ses weke na afloop van die lewensvaardigheidsprogram het die navorser ook 'n verdere nameting gedoen met lede van die eksperimentele groepe, in die vorm van fokusgroeponderhoude. Hierdie kwalitatiewe data is gekoppel aan, maar verskil van die primêre doel van die eksperiment om te bepaal of die lewensvaardigheidsprogram 'n beduidende effek gehad het op die psigososiale funksionering van die straatkinders (Creswell & Plano Clark, 2011:91).

1.7.2.2 Deelnemers

Die teikenpopulasie verwys na die groep individue waaroor die ondersoek handel. In hierdie studie was dit die inwonende straatkinders by die TKJS (Groves, Fowler, Couper, Lepkowski, Singer & Tourangeau, 2009:44). Die totale populasie van Thakaneng se 50 inwonende straatkinders het die deelnemers van hierdie studie uitgemaak. Hulle was seuns tussen die ouderdomme van 10 en 17. Hierdie deelnemers is tydens fase 1 en 3 van die studie gebruik. Dit was dus 'n universumstudie. Die maatskaplike werker van TKJS het as tussenganger opgetree om deelnemers te werf en ingeligte, skriftelike toestemming van die straatkinders te kry. Welwillendheidstoestemming is ook van die bestuur van die TKJS verkry om die studie te onderneem (Addendum A). Ingeligte skriftelike toestemming deur die wettige voog van die minderjarige kinders, sowel as die kinders se ingeligte skriftelike instemming is ook verkry (Sien addenda C & D). Die volgende kriteria vir in- en uitsluiting is gebruik:

Insluitingskriteria

- Alle inwonende straatkinders van TKJS ten tyde van die studie
- Seuns in die ouderdomsgroep van 7-18 jaar
- Straatkinders wat toestemming gegee het om aan die studie deel te neem
- Straatkinders wat Afrikaans of Engels kon verstaan en praat

Uitsluitingskriteria

- Straatkinders wat nie in TKJS inwoon nie, maar wat die organisasie slegs by tye besoek vir voedsel

- Straatkinders wat nie toestemming gegee het om aan die studie deel te neem nie
- Straatkinders wat nie Engels of Afrikaans kon verstaan en praat nie
- Straatkinders bo die ouderdom van 18 jaar

1.7.2.3 Metodes van data-insameling (oorhoofs in al drie fases)

Vir die doel van hierdie studie het die navorser van kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe metodes van data-insameling gebruik gemaak. Die navorsingsprojek is in 3 fases gedoen, en elke fase het bepaalde wyses van data-insameling behels. Hierdie metodes van data-insameling word opgesom in tabel 2 en 'n bespreking van die metodes van data-insameling wat gebruik is, volg daarna.

Tabel 1.2: Metodes van data-insameling in elke fase van die studie

FASE	Metode van data-insameling	Deelnemers	Doel
FASE 1	Literatuurstudie Selfgestruktureerde vraelyste	Straatkinders	Kritiese ontleding van bestaande programme wat beskikbaar is vir straatkinders in Suid-Afrika Behoeftebepaling: Watter behoeftes het straatkinders rakende lewensvaardighede
FASE 2	Programontwikkeling	Programontwikkeling	Die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram vir straatkinders ten einde hul psigososiale funksionering te bevorder
FASE 3	Lewensvaardigheidsprogram in die vorm van maatskaplike groepwerk sessies (Lewenskaarttemas)	Eksperimentele groepe	Stel die eksperimentele groepe bloot aan die intervensieprogram
FASE 3	Gestandaardiseerde meetinstrument (voor- en natoets)	Eksperimentele en vergelykende groepe	Meet die invloed van die lewensvaardigheidsprogram op die psigososiale funksionering van die straatkinders by die TKJS

FASE 3	Fokusgroeponderhoude	Eksperimentele groepe	Ondersoek hoe straatkinders se psigososiale funksionering verander het na voltooiing van die lewensvaardigheidsprogram
--------	----------------------	-----------------------	--

Tabel 2 is 'n opsomming van die metodes van data-insameling, die deelnemers asook die doel daarvan tydens Fases 1, 2 en 3. Die metodes van data-insameling sal kortliks vir elk van die fases bespreek word.

Fase 1

In hierdie fase het die navorser gebruik gemaak van 'n selfontwerpte vraelys om die straatkinders se behoeftes aan lewensvaardighede te bepaal. 'n Deeglike literatuurstudie het die navorser gehelp om die vraelys te ontwikkel. Hierdie vraelys het oop en geslote vrae ingesluit. Die navorser het ook 'n literatuurstudie gedoen oor die straatkindersverskynsel in Suid-Afrika, asook oor wetgewing en bestaande programme in Suid-Afrika wat vir straatkinders beskikbaar is.

Fase 2

Tydens fase 2 is die program ontwikkel, en geen data is ingesamel nie.

Fase 3

Tydens fase 3 het die navorser die program geïmplementeer en geëvalueer. 'n Ekometriese toets van die Perspektief Opleidingskollege is vir die kwantitatiewe meting benut om die straatkinders se vlak van psigososiale funksionering voor die aanvang van die studie te bepaal en dan weer na afloop van die program te meet. Die gestandaardiseerde **Kinderfunksioneringsinventaris – Senior Primêr (CFI-SPRIM)** is 'n meetinstrument wat gebruik word om die psigososiale funksionering van kinders te bepaal. Dit is 'n multidimensionele skaal wat ontwikkel is om probleme by kinders in 24-28 kategorieë van funksionering te assesser. Items word op 'n skaal van 1-3 beoordeel en, ter wille van interpretasie, word die subskale in spesifieke afdelings verdeel (Faul & Hanekom, 2007). Hierdie afdelings fokus op onder andere op die volgende:

- Positiewe funksioneringsareas
- Selfpersepsie
- Traumadinamika

- Interpersoonlike verhoudings
- Dwelm- en alkoholgebruik
- Toekomspektief

Die navorser het ook kwalitatiewe data verkry uit die programaktiwiteite soos verbind met lewenskaarttemas in elke sessie van die lewensvaardigheidsprogram. Elke sessie se data is bestudeer en die inligting wat verkry is uit die lewenskaarttemas, is tematies volgens Tesch se benadering verwerk (Creswell, 2014:198; Poggenpoel, 1998:334-353). 'n Paar weke na afloop van die program het die navorser fokusgroepe gehou met lede van die eksperimentele groepe, ten einde mondelingse terugvoer van deelnemers te verkry en 'n evaluering te maak (Greeff, 2005:300-305). Tydens die fokusgroeponderhoude het die navorser 'n onderhoudskedule benut en vrae is aan deelnemers gevra rakende die lewensvaardigheidsprogram (sien addendum B vir die fokusgroeponderhoudskedule).

1.7.2.4 Data-ontleding

Fase 1

Die kwantitatiewe deel van die selfgestruktureerde vraelyste wat in fase 1 gebruik is, is met behulp van rekenaarsagteware (Paswin, 2000) van Perspektief Opleidingskollege verwerk (Faul & Hanekom, 2007) en die kwalitatiewe deel is tematies deur die navorser verwerk volgens Tesch se benadering.

Fase 2

Geen data is tydens fase 2 ingesamel nie. Fase 2 behels die programontwikkeling.

Fase 3


Tydens fase 3 is kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe dataverwerkingsmetodes gebruik. Die **kwantitatiewe vraelyste** is met behulp van die rekenaarsagteware (Paswin, 2000) van die Perspektief Opleidingskollege verwerk (Faul & Hanekom, 2007). Die **kwalitatiewe data** soos verkry uit die lewenskaarttemas tydens groepwerksessies in die program en die fokusgroepe, is tematies volgens Tesch se benadering verwerk (Poggenpoel, 1998:334-353).

Kwantitatief is 'n meting gedoen om die psigososiale funksionering van straatkinders by die TKJS te bepaal deur gebruik te maak van die Perspektief Opleidingskollege se **gestandaardiseerde Kinderfunksioneringsinventaris – Senior Primêr (CFI-SPRIM)**.

1.7.2.5 Prosedure

Die prosedure wat tydens hierdie studie benut is, word in diagram 1.1 opgesom.

Diagram 1.1: Opsomming van die navorsingproses



1.8 ETIESE ASPEKTE

Strydom (2011a:114) definieer etiek soos volg: “Ethics implies preferences that influence behaviour in human relations, conforming to a code of principals, the rules of conduct, the responsibility of the researcher and the standards of conduct of a given profession.” Etiese aspekte soos die vermyding van skade, ingeligte skriftelike toestemming, die vermyding van misleiding van deelnemers, anonimiteit, vertroulikheid, privaatheid, verwerking en vrystelling van inligting sowel as moontlike risiko’s en voordele wat deelname aan die studie mag inhou, is in ag geneem (Babbie, 2001:471-476; Brinkmann & Kvale, 2008:272; Plowright, 2011:156; Strydom, 2011a:114). Die potensieële belewenisse van die straatkinders wat ter sprake is in hierdie studie kon bepaalde voordele en risiko’s vir hulle inhou. Ten opsigte van voordele is die

straatkinders bemagtig met lewensvaardighede wat hulle in staat kan stel om beter te cope met hulle psigososiale omstandighede en die alledaagse eise van die lewe. Dit kan 'n positiewe effek hê op hul lewens in die algemeen sowel as op hul algehele psigososiale funksionering. Voorbeelde van lewensvaardighede wat deur die straatkinders aangeleer is, sluit in selfgeldendheid; goeie besluitneming; stresshantering en konflikhantering.

'n Moontlike risiko was dat daar tydens groepsessies emosionele inhoude na vore gebring kon word. Om hierdie risiko die hoof te bied, was die maatskaplike werker van die TKJS deurlopend betrokke tydens die studie en kinders wat emosioneel geraak het tydens gesprekke in die navorsingsproses, is aangemoedig om vir individuele opvolg by die maatskaplike werker in te skakel. Die maatskaplike werker van die TKJS was regdeur die aanbieding van die program, sowel as na afloop daarvan, beskikbaar vir ontfontingsessies met die straatkinders indien dit nodig sou wees. In geval van 'n mediese noodgeval is voorsiening gemaak dat van die personeellede van die TKJS die kind na die plaaslike kliniek of hospitaal sou neem. Kinders kon moontlik moeg raak tydens groepsessies. Om dit te hanteer, is die program ingerig om by die kinders se vlak van ontwikkeling te pas, en gereelde ruspouses is by die program ingesluit. Die moontlike voordele van die studie het egter die moontlike risiko's oorskry.

Ander etiese faktore wat in ag geneem is, sluit die volgende in:

Ingeligte toestemming: Die aard van die navorsing is aan die straatkinders verduidelik met behulp van 'n tussenganger (Brinkmann & Kvale, 2008:272; Plowright, 2011:155). Ingeligte, skriftelike toestemming deur die straatkinders, hul voog en die TKJS is verkry. Die kinders en die TKJS sowel as hul voog was ten volle ingelig rakende die verwerking van inligting en die bekendmaking van resultate (Strydom, 2011a:126). Deelname aan die navorsingstudie was vrywillig en die straatkinders kon op enige stadium aan die navorsing onttrek. Die navorser het toestemming verkry by die Noordwes-Universiteit se etiese komitee om die navorsingsprojek te onderneem en die goedkeuringsnommer NWU-00094-14-A1 is aan hierdie studie toegeken.

Die bestuurder en maatskaplike werker van die TKJS het die navorser gehelp met die werwing van moontlike deelnemers. Die totale populasie inwonende kinders by die TKJS is by die studie betrek. Die navorser het saam met die projekbestuurder en maatskaplike werker 'n inligtingsessie oor die projek gefasiliteer. Tydens hierdie sessie is die projek se doelwitte verduidelik; potensiele deelnemers is ingelig oor die aktiwiteite

wat vir die navorsingsprojek beplan is en hulle is uitgenooi om vrywillig deel te neem. Die hoof van die TKJS word beskou as die wettige voog van al die minderjarige kinders ter sprake in hierdie studie en moes derhalwe skriftelike ingeligte toestemming gee voordat hulle aan die studie kon deelneem. Die skriftelike instemming van die kinders moes ook verkry word (Sien addenda B & C vir 'n kopie van die dokumente wat vir toestemming en instemming voorberei is). Die navorser het met behulp van 'n tussenganger (die maatskaplike werker by TKJS) die straatkinders gewerf en ten volle ingelig oor die studie, wat dit presies behels en ook die implikasies en risiko's wat hulle deelname aan die studie kon inhou. Die tussenganger het ook seker gemaak dat die straatkinders weet dat hulle deelname aan die studie vrywillig is en dat hulle op enige stadium kon onttrek, sonder enige nagevolge. Die tussenganger is ook gebruik om skriftelike ingeligte toestemming van die straatkinders te verkry. Die navorser het saam met die tussenganger 'n spesifieke tydsraamwerk gereël vir bogenoemde.

Vertroulikheid en Anonimiteit: Die straatkinders se name is nie bekend gemaak gedurende die studie nie. Privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid is ten alle tye verseker (Brinkmann & Kvale, 2008:272; Plowright, 2011:156). Ingesamelde data is vertroulik hanteer (Henning, 2004:73) en is toegesluit in 'n veilige plek by die Noordwes-Universiteit.

Vermyding van skade: Die navorser het nie enige prosedure gebruik wat liggaamlike of sielkundige skade aan die straatkinders kan veroorsaak nie. Die navorser het voldoen aan die beleidsriglyne van die Suid-Afrikaanse Raad op Maatskaplike Diensberoepe se etiese gedragskode vir maatskaplike werkers (SACSSP, 2013).

1.9 BETROUBAARHEID, GELDIGHEID EN VERTROUENSWAARDIGHEID

1.9.1 Betroubaarheid en Geldigheid

Die kwantitatiewe meetinstrument (CFI SPRIM) kan as betroubaar sowel as geldig beskou word aangesien dit 'n gestandaardiseerde meetinstrument is met 'n betroubaarheidsmeting wat wissel van 0.69 tot 0.89 tussen die subskale (Faul & Hanekom, 2007:11). Die betroubaarheid van die meetinstrument sal verder verseker word deur te bewys dat die instrument meet wat dit veronderstel is om te meet (Botma, Greeff, Mulaudzi & Wright, 2010:174).

1.9.2 Vertrouenswaardigheid

Vertrouenswaardigheid verwys na die mate waartoe die navorser en die leser van die navorsingsverslag oortuig is dat die navorsingsproses, bevindinge en gevolgtrekkings geloofwaardig is (Bothma, 2010:232-235). Die versekering van vertrouenswaardigheid is baie belangrik in kwalitatiewe navorsing. Bothma (2010:232-235) en Lincoln en Guba (in Nieuwenhuis, 2007:80) bespreek die volgende belangrike konstrukke wat deel uitmaak van vertrouenswaardigheid.

- **Geloofwaardigheid**

Die navorser het die geloofwaardigheid verseker deur betrokke te wees in die navorsingsproses, self die intervensieprogram aan te bied en deurlopend van observasie gebruik te maak (Babbie & Mouton, 1998:277). Die feit dat die navorser die veelvuldige metode toegepas het en triangulering verseker het, bevorder die vertrouenswaardigheid van hierdie navorsing (Creswell, 2014:201).

- **Oordraagbaarheid**

Die straatkinders het aan die intervensieprogram deelgeneem. Straatkinders is deel van die gemeenskap en hul deelname aan hierdie lewensvaardigheidsprogram sal tot voordeel van die gemeenskap wees. Die navorser het die navorsingsproses deeglik bespreek in die finale navorsingsverslag ten einde ander navorsers in staat te stel om te bepaal of die bevindinge ook van toepassing gemaak kan word op ander kontekste of situasies.

- **Vertroubaarheid**

Ouditering sal moontlik gemaak word deur die feit dat die navorser alle data – soos bandopnames, prosesnotas, veldnotas asook opsommings en teoretiese notas – beskikbaar het vir ouditering. Die navorser het die metodologie van die navorsingprojek ook deeglik bespreek (Creswell, 2014:202).

- **Bevestigbaarheid**

Ten einde die geloofwaardigheid van die navorsingsprojek te verseker, moes die navorser 'n bevestigbaarheidsoudit doen. Dit sluit in data soos video-opnames, veldnotas, en prosesnotas. Die oudit het nie net gehelp om te bepaal *wat* bevind is nie, maar ook *hoe* dit bevind is (Schurink, Fouché & De Vos, 2011:422).

Voorts is die promotors van hierdie studie ervare navorsers, en dit dra ook grootliks by tot die bevordering van die vertrouenswaardigheid van hierdie navorsingsproses.

1.10 BEPERKINGE VAN DIE ONDERSOEK

- Kontaminasie kon moontlik 'n rol gespeel het omdat al die deelnemers aan die studie inwonend by die TKJS was en daarom kontak gehad het met mekaar gedurende en na afloop van die studie.
- Die deelnemers kon ook moontlik die navorsing gemanipuleer het, veral wat die beantwoording van die kwalitatiewe vrae tydens die fokusgroepe betref.
- Dit was by tye moeilik om dissipline in die groepe toe te pas.
- Baie van die sessies moes langer duur as wat aanvanklik beplan is, omdat die kinders langer geneem het om die aktiwiteite te voltooi. Die program is oor 'n periode van nege weke aangebied. Die program kan in die toekoms moontlik oor 'n langer tydperk aangebied word met korter sessies, aangesien sessies langer geneem het as wat aanvanklik beplan is en dit baie uitputtend vir die navorser sowel as die deelnemers was.
- 'n Voltooiingsfout is opgemerk by die *Kinderfunksioneringsinventaris* – Senior Primêr (CFI-SPRIM) in een van die afdelings (interpersoonlike verhoudings), wat moontlik op die bevindinge geïmpakkeer het.
- Die kwantitatiewe meetinstrument (die *Kinderfunksioneringsinventaris* – Senior Primêr (CFI-SPRIM)) is baie lank, en was uitputtend om te voltooi vir deelnemers,

1.11 KEUSE EN STRUKTUUR VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die inligting wat in hierdie verslag weergegee word, is 'n integrasie van teoretiese kennis en die empiriese ondersoek en bevindinge. Die verslag bestaan uit die volgende ses hoofstukke:

HOOFSTUK 1 dien as 'n algemene inleiding en oriëntering tot die studie en die navorsingsmetodologie word bespreek.

HOOFSTUK 2 fokus op die straatkindverskynsel asook programme en dienste wat beskikbaar is vir straatkinders in Suid-Afrika.

HOOFSTUK 3 bespreek die psigososiale omstandighede en behoeftes van straatkinders. Daar word veral aandag geskenk aan die bevindinge van die behoeftebepaling met betrekking tot lewensvaardighede.

HOOFSTUK 4 fokus op die ontwikkeling van die lewensvaardigheidsprogram vir die straatkinders. Daar word spesifieke inligting vervat rondom die benutting van die lewenskaartetegniek as terapeutiese hulpmiddel in 'n lewensvaardigheidsprogram.

HOOFSTUK 5 bespreek die implementering en die uitkomste van die lewensvaardigheidsprogram vir die psigososiale funksionering van die straatkinders by die TKJS.

HOOFSTUK 6 bevat die samevatting en gevolgtrekkings waartoe die navorser deur die loop van die ondersoek gekom het. Aanbevelings word ook gemaak ten einde die verbetering van die program te verseker.

Figuur 1.1 Skematiese uiteensetting van die hoofstukke



HOOFTUK 2: LITERATUURSTUDIE – DIE STRAATKINDVERSKYNSEL IN SUID-AFRIKA

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die straatkindverskynsel in Suid-Afrika oorkoepelend bespreek. Daar gaan veral gelet word op die moontlike oorsake en die gevolge van die straatkindverskynsel. Verder sal daar ook aandag gegee word aan huidige wetgewing en beleid in Suid-Afrika wat van toepassing is op straatkinders, sowel as programme en dienste wat vir hierdie teikengroep beskikbaar is. 'n Kritiese ontleding word dan gedoen rakende wetgewing en bestaande programme en dienste.

2.2 DIE STRAATKINDVERSKYNSEL IN SUID-AFRIKA

Die straatkindverskynsel het oor die jare regoor die wêreld drasties toegeneem. In 2002 het UNICEF alreeds geskat dat daar meer as 100 miljoen straatkinders in die wêreld is (UNICEF, 2002:37). Hierdie tendens is ook in Suid-Afrika waargeneem en Benghait (2002:34) het in 2001 geskat dat meer as 50 000 kinders in Suid-Afrika op straat leef. Ongeveer 3 500 straatkinders slaap in skuilings in die Noordwes Provinsie (Thakaneng, 2014:5). Hierdie getalle is egter steeds nie akkuraat nie, aangesien dit moeilik is om rekord te hou van presies hoeveel kinders op straat leef en werk (Thakaneng, 2014:5). Ten einde die straatkindverskynsel beter te kontekstualiseer is dit nodig om die konsep *straatkind* te definieer en te bespreek.

Volgens die Children's Act, 38 van 2005 is 'n straatkind 'n kind wat as gevolg van mishandeling, verwaarlosing, armoede of enige ander rede sy of haar huis verlaat het en op straat leef, werk of bedel of as gevolg van 'n gebrek aan sorg bedags, en saans terugkeer huis toe.

Die Children's Act, 38 van 2005 identifiseer die volgende vyf tipes straatkinders in Suid-Afrika:

- **Deeltydswerkende kinders:** Dit is skoolgaande kinders wat in die middag, tydens vakansies of naweke op straat bedel of werk vir sakgeld om hulle families finansiële te ondersteun. Hierdie kinders bly by hul families en slaap gewoonlik by die huis.
- **Voltydswerkende kinders:** Hierdie kinders het die skool verlaat en werk voltyd op straat. Die kinders het ongereelde kontak met hul gesinne.


- **Wegloopkinders:** Dit is kinders wat besluit het om die huis en die skool te verlaat weens armoede, rebelsheid of gesinsprobleme en 'n lewe op straat begin het. Hierdie kinders eet en slaap op straat en hul ouers of gesinne weet nie waar hulle is nie. Hulle sal gewoonlik by 'n groep aansluit vir beskerming of oorlewing.
- **Verlate en verwaarloosde kinders:** Hierdie is kinders wat gewoonlik buite die huwelik gebore is en onbeheerbaar geword het. Hierdie groep sluit ook kinders in wie se grootouers hul grootgemaak het en wat dan sterf asook kinders wie se ouers dwelm-of alkoholverslaafdes is. Hierdie kinders is gewoonlik verantwoordelik vir hul eie oorlewing op straat en sluit baie keer by 'n groep wegloopkinders aan vir beskerming, maar is dan heeltemal onderdanig aan die groep waaraan hulle behoort.
- **Jeugmisdadigers.** Hierdie kinders pas maklik aan op straat en beïnvloed of oortuig ander straatkinders (gewoonlik jonger kinders) om betrokke te raak by misdaad soos winkeldiefstal, om by karre en selfs huise in te breek. Dit lyk nie altyd of hul op straat lewe nie en baie van hulle het steeds kontak met hul gesinne of families.

Uit die definisie van 'n straatkind en die klassifikasie van verskillende tipes straatkinders, is dit duidelik dat verskeie faktore daartoe bydra dat kinders op straat leef en/of werk en dat dit ook bepaalde gevolge inhou. Die moontlike oorsake en gevolge van die straatkindersverskynsel sal vervolgens bespreek word.

2.3 OORSAKE EN GEVOLGE

Gebroke gesinne, armoede, mishandeling, verwaarloosing, gesinsgeweld en ouers se substansmisbruik of -afhanklikheid is volgens verskeie outeurs dikwels van die faktore wat daartoe lei dat kinders hulle tot 'n lewe op straat wend (Ashoka, 2004:1; Idemudia, Kgekong & Kolobe, 2013:163; Le Roux 1996:3). Volgens UNICEF (2002:40-41) kan makro-kwessies soos verstedeliking en oorbevolking ook bydra tot die toename in straatkindgetalle. Volgens Ray, Davey en Nolan (2011:11) is die oorsake baie kompleks en kontekstspesifiek en hou dit verband met oorlewing en persoonlike redes. Skhosana (2013:35) het in haar studie deur middel van stoot- en trekfaktore beskryf hoekom kinders hulle tot die strate wend. Mako (2000:45) beskryf ook die redes vir toename in straatkindgetalle aan die hand van stoot- en trekfaktore. Hierdie stoot- en trekfaktore word in illustrasie 1 opgesom en sal daarna kortliks bespreek word.

Illustrasie 2.1: Stoot- en trekfaktore wat kan lei tot 'n lewe op straat



Illustrasie 2.1 toon dat aspekte soos onder andere mishandeling, verwaarloosing, ouers se alkohol- en dwelmmisbruik, gesinsgeweld, egskeidings, werkloosheid, armoede, seksuele misbruik deur ouers, swak gesinsverhoudings, afwesige ouers as gevolg van konflik tuis of MIV/Vigs, stootfaktore kan wees wat kinders na die strate “stoot” op soek na 'n beter lewe (Ennew 2004; Lewis 2004; Mako 2000; Motala & Smith 2003; Wargan & Dreshem 2009). Mako (2000:45) is ook van mening dat armoede, en veral die gebrek aan voedsel, 'n groot faktor is wat kinders na die strate dwing. Dit is opmerklik dat soveel outeurs egter die redes dat kinders op straat beland, toeskryf aan ouers se handeling, byvoorbeeld dwelmmisbruik, konflik tussen ouers, egskeidings, seksuele misbruik deur ouers, afwesige en onbetrokke ouers, ouers wat werkloos is en ouers wat kinders verwaarloos (Cleophas 2001; Grundling & Grundling 2005; Mako 2000; Maphatane 1994; Motale & Smith 2003; Wargan & Dreshem 2009). Maphatane (1994:26) voeg verdere gesinsfaktore by, naamlik die afwesigheid van ondersteuningsnetwerke vir die gesin en die verskynsel dat grootouers dikwels met die versorgingsverantwoordelikheid ten opsigte van hul kleinkinders belas word. Cleophas

(2001:18) beskryf die volgende gesinsfaktore wat ook daartoe kan bydra dat kinders hulself tot die strate wend:

- Daar is dikwels 'n gebrek aan 'n vaderfiguur en gevolglik is daar geen positiewe manlike rolmodelle tuis beskikbaar nie.
- Enkelouerskap is 'n algemene verskynsel, wat die druk op die teenwoordige ouer verhoog. Die kanse verhoog gevolglik dat hierdie ouer kan faal om in die kind se behoeftes te voorsien.
- Egskeidings tussen ouers en die konflik wat daarmee gepaardgaan.
- Stiefouergesinne waar die verwagtinge tussen die stiefouer en -kind nie altyd dieselfde is nie.
- Ouers wat weier om eienaarskap en verantwoordelikheid ten opsigte van die geboorte van 'n kind te aanvaar, veral wanneer kinders buite die huwelik gebore is.

Al bogenoemde faktore kan daartoe bydra dat kinders die straat as 'n toevlugsoord sien; veral omdat ander kinders wat reeds op straat is, dié verwelkom wat vlug van hul omstandighede tuis, in 'n poging om te oorleef.

Trekfaktore is faktore wat kinders na die straat lok. Skhosana (2013:39) beskryf dat groepsdruk, soeke na vryheid en die behoefte aan kos en geld moontlike trekfaktore is. Volgens Ward en Seager (2010:85-100) is trekfaktore wat aanloklik is vir straatkinders onder andere die soeke na 'n beter lewe, werksgeleenthede, geld en skuiling. Die navorser is van mening dat die maklike beskikbaarheid van dwelms op straat ook 'n groot trekfaktor kan wees aangesien straatkinders dikwels dwelmmiddels gebruik om te ontvlug van hul ongunstige realiteite, soos om honger te wees. Die navorser ondersteun ook Skhosana (2013:39) se mening dat die portuurgroep 'n groot rol speel ten opsigte van 'n bron van vertroosting, beskerming en aanvaarding. Dit sluit ook verder aan by Shaffer en Kipp (2014:568-569) se mening dat die portuurgroep 'n belangrike rol speel in 'n kind se sosiale ontwikkeling en die geleentheid bied vir kameraadskap, 'n plek waar nuwe gedrag getoets kan word, inligting verkry kan word en nuwe verhoudings aangeknoop kan word. Dit wil dus voorkom dat die portuurgroep op straat deur straatkinders beskou kan word as familie, en dat daar in hierdie groep voldoen word aan hul behoeftes van behoort-aan en affeksie. Die navorser is egter van mening dat hierdie siening baie subjektief is en toegeskryf kan word aan hierdie kinders se sterk behoefte aan hierdie dinge. Die realiteit is dat die portuurgroep op straat meer negatiewe gedrag openbaar en nie 'n goeie invloed is nie. Die portuurgroep skeep baie

keer die basis vir die beoefening van negatiewe aktiwiteite soos substansmisbruik (Mako, 2000:163).

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat daar verskeie oorsake kan wees wat kinders na die straat “stoot” of “trek”. Die straatlewe is egter nie gunstig vir die gesonde ontwikkeling van ’n kind nie en dit belemmer hierdie kinders se psigososiale funksionering. Die afleiding kan ook gemaak word dat verskeie behoeftes van straatkinders nie bevredig word nie, soos byvoorbeeld die behoefte aan voedsel, veiligheid, liefde en affeksie; asook die behoeftes aan vaardighede soos om om uiting aan jou emosies te gee en verskillende lewenskwessies te hanteer (Foster, 2000:55; United Nations Development Programme, 2000:41; Schultz, 2002:25; Thoburn, Chand & Procter, 2008:22).

Dit is duidelik dat straatkinders ’n gebrek ervaar aan die bevrediging van hul basiese behoeftes en ’n gebrek het aan die nodige lewensvaardighede om te cope met hul alledaagse omstandighede en dit kan daartoe lei dat hulle op straat beland (Le Roux, 1996:3) of op straat bly; en uiteindelik het dit ’n negatiewe impak op hul algehele psigososiale funksionering.

Ten einde die straatkinderskynsel in Suid-Afrika te omlin is dit nodig om nie net aandag te skenk aan die behoeftes en uitdagings van straatkinders in Suid-Afrika nie, maar om ook ondersoek in te stel na hoe dienslewering aan straatkinders in Suid-Afrika geskied. Navorsing is reeds gedoen rakende die straatkinderskynsel, maar min navorsing is gedoen oor die intervensies wat vir straatkinders beskikbaar is. Daar is ’n wye verskeidenheid programme en dienste beskikbaar in Suid-Afrika wat fokus op die behoeftes en regte van straatkinders. Hierdie programme en dienste sluit voorkomingsprogramme, uitreikprogramme, gesinsherenigingsdienste en instapsentrums in (Motale, 2010; Ward, 2010).

’n Kort opsomming word gegee van huidige wetgewing en beleidsraamwerke in Suid-Afrika wat beskikbaar is en wat riglyne uiteensit vir dienslewering aan kinders, en in hierdie geval meer spesifiek straatkinders. Daarna volg ’n kritiese bespreking van die bestaande programme, wetgewing en dienste wat beskikbaar is vir straatkinders in Suid-Afrika.

2.4. WETGEWING EN BESTAANDE PROGRAMME EN DIENSTE VIR STRAATKINDERS IN SUID-AFRIKA

Volgens die Children's Act, (no 38 van 2005) word straatkinders beskou as kinders wat sorg en beskerming benodig. Die Children's Act, (no 38 van 2005) maak voorsiening vir die beskerming van kinders en skryf ook prosedures voor wanneer daar vermoed word dat 'n kind 'n behoefte het aan versorging en beskerming (Fouché & Japhta, 2013:66). Dit is die eerste keer dat wetgewing eksplisiet in straatkinders se behoeftes en uitdagings probeer voorsien, deur hulle te beskerm en dienslewering aan hulle te reguleer. Skuilings vir straatkinders word deur hierdie wetgewing geregistreer en gereguleer as kinder- en jeugsorgsentrums. Straatkinders sal dus ook die hoogste standaard van beskermingsdienste moet ontvang (Children's Act 38 of 2005; Kinderwysigingswet). Hierdie wetgewing maak dit ook duidelik in Artikel 191(2) dat kinder- en jeugsorgsentrums (KJS) terapeutiese programme moet ontwikkel vir die residensiële sorg van kinders buite die gesinskonteks. Skuilings vir straatkinders moet ook voldoen aan die regulasies en nasionale norme en standaarde soos uiteengesit in die wet. Dit beteken dat straatkinders nou ook vir die eerste keer die hoogste standaard van beskermingsdienste moet ontvang. Skuilings vir straatkinders word nou deur dieselfde norme en standaarde as ander plasinge kragtens die Wet as Kinder- en jeugsorgsentrums gereguleer. Nasionale norme en standaarde is opgestel om te verseker dat alle kinders in hierdie fasiliteite dieselfde versorging en beskerming geniet (Fouché & Japhta, 2013:83).

In Suid-Afrika word dienste aan straatkinders gelever in die vorm van nie-regeringsorganisasies (NRO's) wat poog om in die behoeftes van straatkinders te voorsien. Voorbeelde van NRO's wat dienste aan straatkinders lewer, is (soos voorheen genoem) plekke van veiligheid, nywerheidskole en kinderhuise. Volgens die nuwe wetgewing van die Children's Act, 38 van 2005 moet al die bogenoemde organisasies nou registreer as 'n KJS. Hierdie organisasies bestuur ook gewoonlik projekte vir straatkinders, maar hulle sukkel om finansiëel te oorleef. Alhoewel die staat (Departement Maatskaplike Ontwikkeling) hierdie organisasies se dienste subsidieer, is dit dikwels moeilik vir hulle om finansiëel te oorleef. Die organisasies moet dan steun op borge en ander maniere van fondsinsameling ten einde dienslewering aan straatkinders voort te sit. Sommige van hierdie programme wat aangebied word, is eksklusief vir

straatkinders, terwyl ander straatkinders binne sekere parameters probeer akkommodeer (Barette, 1995).

2.4.1 Huidige wetgewing en beleidsraamwerke rakende straatkinders in Suid-Afrika

2.4.1.1 Wetgewing van toepassing op straatkinders in Suid-Afrika

- **Die Grondwet van Suid-Afrika (1996)**

Artikel 28 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika lees soos volg:

Elke kind het die reg –

- a. op 'n naam en nasionaliteit vanaf geboorte
- b. op gesinsorg of ouerlike sorg, of op gepaste alternatiewe sorg wanneer die kind uit die gesinsomgewing weggeneem word;
- c. op basiese voeding, skooling, basiese gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste;
- d. om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering beskerm te word;
- e. om teen uitbuitende arbeidspraktyke beskerm te word;
- f. om nie verplig of toegelaat te word om werk te verrig of dienste te lewer nie wat –
 - i. onvanpas is vir 'n persoon van daardie kind se ouderdom; of
 - ii. 'n risiko vir die kind se welsyn, opvoeding, liggaamlike of geestelike gesondheid of geestelike, morele of sosiale ontwikkeling inhou;
- g. om nie aangehou te word nie, behalwe as laaste uitweg, in watter geval, benewens die regte wat 'n kind kragtens artikels 12 en 35 geniet, die kind slegs vir die kortste gepaste tydperk aangehou mag word, en die reg het om –
 - i. afsonderlik van aangehoudenenes bo die ouderdom van 18 jaar aangehou te word; en
 - ii. op 'n wyse behandel te word, en in omstandighede aangehou te word, wat met die kind se ouderdom rekening hou;

- h. om, in siviele verrigtinge wat die kind raak, deur die staat op staatskoste van 'n regspraktisyn voorsien te word indien dit andersins tot wesenlike onreg sou lei; en
 - i. om nie regstreeks in gewapende stryd gebruik te word nie, en om in tye van gewapende stryd beskerm te word.
1. 'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak.
 2. In hierdie artikel beteken "kind" 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar.
- ***Children's Act 38 van 2005 soos gewysig (Children's Amendment Act ("Kinderwysigingswet") no. 41 van 2007)***
Hierdie wet poog om kinders, insluitend straatkinders, te beskerm teen mishandeling, wanvoeding, kinderarbeid, kinderhandel en seksuele uitbuiting; en om te verseker dat daar ten alle tye in die kind se beste belange opgetree word. Huidige wetgewing in die *Children's Act*, Wet no. 38 van 2005 beskryf straatkinders as kinders wat sorg en beskerming benodig.
 - ***Wet op Maatskaplike Bystand (no. 59 van 1992)***
Hierdie wetgewing maak toegang tot staatsdienste moontlik in die vorm van maatskaplike bystand (soos byvoorbeeld maatskaplike toelaes) wat deur die *South African Social Security (SASSA)* voorsien word. Hierdie wetgewing is op toepassing van straatkinders in die sin dat dit 'n voorkomende rol speel deur finansiële bystand aan gesinne te lewer om te voorkom dat kinders byvoorbeeld nodig het om kos op straat te gaan soek. Die realiteit is egter dat straatkindgetalle in Suid-Afrika steeds toeneem, ongeag hierdie voorkomende maatreël (Ward 2007:35; Idemudia Kgekong & Kolobe 2013:163).
 - ***Suid-Afrikaanse Skolewet (no. 84 van 1996)***
Hierdie wetgewing maak dit verpligtend vir alle kinders tussen die ouderdomme 7 en 15 jaar om skool by te woon. Dit stel ook verder dat daar vrystelling van skoolfonds toegestaan moet word onder sekere omstandighede waar die ouers nie kan bekostig om die skoolfonds te betaal nie. Alles moontlik moet gevolglik ook gedoen word om straatkinders in bogenoemde ouderdomsgroepe wel te laat skool bywoon.

2.4.1.2 Internasionale en nasionale beleidsdokumente

- **United Nations Convention on the rights of a child, 1989**

Hierdie konvensie beklemtoon die regte van kinders, byvoorbeeld die reg tot menswaardigheid, vryheid van diskriminasie, oorlewing, ontwikkeling, beskerming teen mishandeling en uitbuiting. Die hoofokus is dus hier om ten alle tye in die beste belang van die kind op te tree. Ten spyte hiervan word straatkinders egter steeds blootgestel aan mishandeling en diskriminasie (Ashoka, 2004:1; Idemudia, Kgokong & Kolobe 2013:163; Le Roux 1996:3).

- **Witskrif vir maatskaplike welsyn, 1997**

Die hoofokus van die Witskrif is hier dat daar voorkomend opgetree moet word sodat kwesbare kinders nie op straat moet beland nie. Straatkinders moet met hul gesinne herenig word en lewensvaardigheidsprogramme moet aangebied word vir straatkinders. Volgens hierdie beleidsdokument moet opgeleide kinder- en jeugsorgwerkers aangestel word by organisasies vir vroeë identifisering en verwysing van kwesbare kinders. Voortgaande navorsing moet gedoen word om die effektiwiteit van bestaande programme te evalueer en om verdere programontwikkeling te bevorder.

- **National Policy Framework and Strategic Plan for Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation, 2010**

Die twee hoofdoelwitte van hierdie beleidsraamwerk is om die van kindermishandeling, kinderverwaarlosing en kinderoitbuiting in Suid-Afrika te voorkom. Straatkinders was dikwels die slagoffers van mishandeling en verwaarlosing voordat hulle op straat beland het, en word steeds op straat hieraan blootgestel.

- **Strategy guidelines for children living and working in the streets, Department of Social Development, South Africa, 2010**

Sleutelstrategieë, soos voorkoming, vroeë intervensie, beskerming en herintegrasie, is hier die hoofokus. Straatkinders kan ook nou as gevolg van die nuwe kindersorgwetgewing, soos die (Children's Act, 38 van 2005) dienste ontvang in die vorm van maatskaplike bystand, kinderbeskerming en ander kindgesentreerde dienste wat deur beide die staat en NRO's gelewer word.

Volgens die Departement Maatskaplike Ontwikkeling (Suid-Afrika, 2010) beoog die beleidsraamwerk vir straatkinders om verskillende rolspelers te voorsien op nasionale sowel as provinsiale en plaaslike vlak, met 'n riglyn om hul eie programme te ontwikkel vir die hantering van straatkinders. Hierdie dienste is egter gefragmenteerd en dit word swak gemonitor. Die Departement Maatskaplike Ontwikkeling het nie 'n opgedateerde databasis van organisasies wat dienste aan straatkinders lewer nie.

Die voorafgaande beleide en wette is baie deeglik en volledig geformuleer, maar weens verskeie redes is dit nie moontlik om hierdie beleide en wetgewing te implementeer nie. Van die struikelblokke byvoorbeeld 'n groot tekort aan mannekrag soos maatskaplike werkers en opgeleide kinder- en jeugsorgwerkers, armoede en werkloosheid asook onkunde onder die publiek.

2.4.2 Bestaande programme vir straatkinders in Suid-Afrika

Die straatkindverskynsel is 'n omvangryke maatskaplike probleem in Suid-Afrika (Lefeh 2008:10; Skhosana 2013:34; Ward 2007:35). Louw en Reyneke (2011:217) noem dat daar heelwat dienste en programme in Suid-Afrika beskikbaar is vir straatkinders, maar dat daar steeds 'n toename is in straatkindgetalle. Sommige outeurs is van mening dat straatkinders sommige programme en dienste manipuleer vir voedsel en tydelike skuiling en dan net weer op straat beland, en dat sulke programme en dienste selfs kan bydra tot 'n gemakliker straatlewe (Smith & Liebenberg, 2000:26). In 'n uitgebreide literatuurstudie oor die straatkindverskynsel in Suid-Afrika is bevind dat die verskynsel self en die uitdagings daaraan verbonde baie goed beskryf word, maar dat daar tot op hede baie min navorsing gedoen is oor intervensies en dienste wat aan straatkinders gelewer word. Hierdie bevinding word gestaaf deur Skhosana (2013:182): "There is a need for research to be conducted to fill the information gap on the effects of programmes rendered for street children and to focus on the effectiveness of service delivery."

NRO's in Suid-Afrika poog om 'n verskeidenheid programme beskikbaar te stel om die behoeftes en regte van straatkinders te hanteer (Ward & Seager; 2010: Motale, 2010). Dit behels onder andere voorkomingsprogramme, *advocacy programme*, en institusionele programme wat residensiële rehabiliteringsprogramme insluit. Verder is

daar ook straatgebaseerde programme soos uitreikingsprogramme wat insluit die voorsiening van voedsel vir straatkinders, mediese sorg, instapsentrums, gesinsherenigingsdienste asook skuilings vir straatkinders (Ward & Seager; 2010: 85-100, Motale, 2010). Programme wat fokus op dienslewering aan straatkinders vind gewoonlik op verskillende vlakke plaas (Integrated Service Delivery Model, 2006:20; Bosman-Sadie & Corrie, 2010:162-163).

Vlak 1: Voorkomingsdienste en -programme

Voorkoming is hier die belangrikste doelwit. Hierdie programme sluit strategieë in wat fokus op die vermoë en selfstandigheid van gesinne en gemeenskappe om kinders op te bou en te versterk.

Vlak 2: Vroeë-intervensiedienste en -programme

Vroeë intervensie is 'n vlak van intervensie wat intensiewe ondersteuning, kapasiteitsbou, maatskaplike hulp; huisgebaseerde ontwikkelingsondersteuning en terapeutiese programme insluit. Ward en Seager (2010) is van mening dat die aantal kinders in die strate slegs verminder kan word deur voorkomende inisiatiewe wat fokus op die vermindering van die getalle gesinne wat in armoede leef. Gesinne moet ondersteun word om hul kinders in 'n veilige, liefdevolle omgewing te kan grootmaak.

Vlak 3: Alternatiewe sorg, residensiële sorg en statutêre dienste

Die doel hier is om die mees geskikte plasingsopsie vir die kind te vind nadat hy/sy van die versorgers weggeneem is.

Vlak 4: Rekonstruksie en nasorg

Dienste op hierdie vlak is gemik op herintegrasie en ondersteuningsdienste om selfstandigheid en optimale maatskaplike funksionering te verbeter (Bosman, Sadie & Corrie, 2010:163). Die hooffokus hier is herintegrasie met die familie en gemeenskap.

Uit die literatuurstudie het die navorser bewus geword van heelwat organisasies in Suid-Afrika wat programme binne die genoemde vier vlakke loods om die behoeftes van straatkinders te hanteer. 'n Kort opsomming word vervolgens aangebied van enkele voorbeelde van sodanige organisasies en hul programme waardeur dienste aan straatkinders in Suid-Afrika gelewer word.

2.4.2.1 Kids Haven

Die Kids Haven-program lewer dienste aan straatkinders in die Ekurhuleni streek, Suid-Afrika. Hierdie projek vir straatkinders fokus onder andere op uitreikprogramme en instapfasiliteite. Kinders word op straat ontmoet en aangemoedig om by Kids Haven aan te sluit. Die hoofokus van hierdie organisasie is om kinders van die straat af te kry en vir hulle versorging te bied. By hierdie instapsentrum kan straatkinders gratis middagete kom geniet en skoon klere kry. Die uitreikprogramme behels ook tuisbesoeke om die kind se persoonlike omstandighede tuis te assesser en om te probeer om die kind met sy gesin te herenig (Kids Haven, 2015).

2.4.2.2 Umthombo Street Children

Dit is 'n nie-regeringsorganisasie wat dienste lewer aan straatkinders in Durban. Umthombo se programme sluit die volgende in:

- **Uitreikprogramme**

Hierdie programme sluit oorwegend intensiewe rekreasieprogramme in. Die rasionaal met hierdie programme is om sport en ander aktiwiteite as alternatief vir substansmisbruik te voorsien vir die straatkinders. Daar is ook gereelde uitreikkampe waar hierdie rekreasie-aktiwiteite en ander psigososiale intervensies plaasvind (Umthombo, 2014).

- **Herintegrasië en nasorg**

Hierdie program sluit onder andere die volgende in:

- Gesinsmediasie waar daar met die gesin van die straatkinders gewerk word in 'n poging om die omstandighede tuis te verbeter.
- Terug-skool-toe behels ondersteuning aan die gesin om die kind by 'n skool te registreer asook voorsiening van skryfbehoeftes. Die gesin word ook gehelp om aansoek te doen vir kwytskelding van skoolfondsbetaling.
- Materiële ondersteuning in die vorm van kospakkies wat aan kinders se gesinne voorsien word.
- Statutêre werk, wat verwysing na die Departement Maatskaplike Ontwikkeling en die Departement Binnelandse sake insluit om verdere ondersteuning aan die gesinne van straatkinders te verleen.
- Lewensvaardigheidsprogramme vir die kinders om hulle te bemagtig met vaardighede om 'n werk te bekom, byvoorbeeld entrepreneursvaardighede.

- **Psigososiale programme**
 - Gevallewerk, waar daar op 'n een-tot-een-basis met die kinders gewerk word ten einde 'n sorgplan vir hulle saam te stel en hulle vordering te monitor.
 - Individuele en groepterapeutiese werk, waar die kinders ondersteun en bemagtig word om met hul alledaagse lewenservaringe te cope.
 - Opvoeding, wat basiese geletterdheidsprogramme en bewusmakingsveldtogte oor aspekte soos finansiële bestuur en substansmisbruik insluit.
- **Gesondheid**
 - Basiese gesondheidsassessering behels dat daar rekord gehou word van die kinders se gesondheidsbehoefte en hulle gesondheidstoestand. Mediese en noodhulp word verleen aan kinders binne die sentrum asook kinders op straat.
 - Verwysings na toepaslike mediese fasiliteite vind plaas indien nodig.
 - Voedingskema waar drie maaltye per dag verskaf word aan kinders wat by die instapsentrums aanmeld.
- **Umthombo se Hewitt-program: Surfers Not Street Children**

Die program *Surfers Not Street Children* is nog 'n projek van die Umthombo-projek. Hierdie program word onderhou deur kinders wat voorheen op straat gebly het en wat nou weer straatkinders inspireer om betrokke te raak in die program, en om oor sake op straat te praat. Daar is tans inisiatiewe om hierdie program uit te brei na ander dele van Afrika, omdat dit al soveel kinders in Durban geïnspireer het. Hierdie program se uitkomst sluit onder meer in dat straatkinders as lewensredders, branderplankinstrukteurs of werknemers in die toerisme- en branderplankry-industrieë aangewend kan word (Hewitt, 2015:3).

2.4.2.3 Sinethemba

Hierdie organisasie lewer dienste aan kinders in die Knysna-omgewing wat op straat bedel of wat skool verlaat het en om een of ander rede in die strate rondwaal. Hulle programme sluit onder andere lewensvaardighedsprogramme in wat fokus op gesondheid en persoonlike higiëne; die aanleer van kook- en bakvaardighede en die aanlê en instandhouding van groentetuine. Dan is daar ook persoonlike ontwikkelingsprogramme wat fokus op substansmisbruik, sportontwikkeling, 'n voedingskema en opvoedkundige programme (Sinethemba, 2011).

2.4.2.4 Twilight Children

Twilight Children is 'n geregistreerde nie-regeringsorganisasie wat dienste lewer aan onder andere straatkinders en ander kwesbare kinders wat moontlik op straat kan beland. Een van hulle projekte is die *Twilight*-projek wat fokus op uitreikprogramme en lewensvaardighedsprogramme. Daar is maatskaplike werkers wat berading gee aan straatkinders en wat die straatkinders bekendstel aan skuilings as 'n beter uitweg as die straat. Hulle help ook om kinders met hulle gesinne te herenig (Charitysa, 2015a).

2.4.2.5 Khulisa se *Way Home Street Children*-program

Hierdie program word landswyd by verskeie Khulisa-organisasies geloods. Die *Way Home*-program is ontwerp om personeellede by skuilings vir straatkinders met die nodige vaardighede toe te rus om met die kinders te werk. Die personeelopleidingsprogramme sluit die volgende in:

- Hoe om met die kinders te kommunikeer en straatkinders te begelei tot selfontdekking
- Dissipline en konflikhantering, waar personeel opgelei word om hulp te bied aan kinders wat aggressiewe gedrag openbaar en om hulle konflikhanteringsvaardighede aan te leer
- MIV/Vigs-voorkomingsprogramme

Die uitkomstes van hierdie program sluit die volgende in:

- Verbeterde verhoudings tussen straatkinders en personeel van skuilings
- Gereedheid om programme op 'n interaktiewe opvoedingstyl aan te bied
- Verbeterde kommunikasie tussen die skuilings se kinders en personeel (Khulisa, 2015).

2.4.2.6 Salesian Institute Youth Projects

Hierdie organisasie se dienslewering is gefokus op straatkinders en kwesbare jeugdiges. Hulle programme varieer vanaf basiese opvoedkundige programme tot meer gevorderde vaardighedsontwikkelingsprogramme en -projekte (Salesian, 2015).

2.4.2.7 Streetsmart-projek

Hierdie projek behels dat mense wat by sekere restaurante eet, geld kan skenk wat dan as donasies oorhandig word aan organisasies wat dienste aan straatkinders lewer (Streetsmart, 2015).

2.4.2.8 James House Kinder- en Jeugsorgsentrum

Hierdie geregistreerde kinder- en jeugsorgsentrum lewer dienste aan onder andere straatkinders en kinders wat risikogedrag openbaar en bied programme aan wat op misdaad en dwelmmisbruik fokus (James House, 2015).

2.4.2.9 Die ProSeed-projek

Die *ProSeed*-projek is deel van die organisasie Memelani se projekte in Kaapstad. *ProSeed* is 'n jeugontwikkelingsprogram wat fokus op ondersteuning aan voormalige straatkinders. Die program fokus op die vorming van 'n positiewe identiteit, lewensvaardighede, opvoeding en ondersteuning ten opsigte van die soektog na werkseleenthede (Mamelani, 2015).

2.4.2.10 Die Voiceless Call

Die *Voiceless Call* is 'n nie-regerings organisasie wat fokus op kinders, jeugopvoeding, verwaarloosde kinders, weeskinders en straatkinders. Die organisasie is in Johannesburg gesetel en hul hoofdoel is om hierdie kinders te bemagtig om leiers vir die toekoms te wees. Hul programme sluit ook bewusmakingsveldogte in rakende kwessies soos dwelms, seksuele gedrag, MIV/Vigs en misdaad. Die organisasie het ook 'n skuiling vir straatkinders, waar opvoedkundige programme aangebied word (Charitysa, 2015b).

2.4.2.11 Homestead

Die *Homestead*-program vir straatkinders word as 'n nie-regeringsorganisaie bedryf en dienslewering aan straatkinders sluit voorkomingsprogramme, vroeë intervensieprogramme, straatuitreikdienste, skuilings, opvoedkundige programme en gesinsherenigingsdienste in. Daar is ook 'n instapsentrum vir straatkinders in Khayelitsha, Mannenberg en Woodstock (Homestead, 2015).

Die navorser is van mening dat die bogenoemde organisasies daadwerklik poog om effektiewe dienste aan straatkinders te lewer. Vervolgens sal daar 'n kritiese bespreking

volg oor wetgewing en beleide asook bestaande programme en dienste vir straatkinders.

2.5 KRITIESE BESPREKING VAN WETGEWING, BELEID EN BESTAANDE PROGRAMME EN DIENSTE

Hierdie kritiese bespreking word aan die hand van die SWOT-analise doen. Die SWOT-analise spruit voort uit navorsing wat gedoen is by die Stanford Research Institute vanaf 1960 tot 1970, om vas te stel waarom korporatiewe beplanning gefaal het (Chapman, 2015:8). *SWOT* is 'n akroniem wat algemeen gebruik word as 'n maatstaf om eksterne of interne omgewings/praktyke/dienste te analiseer en 'n sistematiese benadering te volg ten einde 'n evaluering te maak. Hierdie akroniem staan vir die volgende:

- S: Sterktes (Strengths)
- W: Tekortkominge (Weaknesses)
- O: Geleenthede (Opportunities)
- T: Bedreiginge (Threats)

Die SWOT-analise betrek nie net sistematiese denke nie, maar ook omvattende diagnose van sekere faktore wat verwant is aan 'n nuwe idee, tegnologie of beplanning (Görener, Toker & Ulucay, 2012:1526). Dit verskaf 'n goeie raamwerk om 'n strategie, posisie, die rigting van 'n besigheid of enige ander idee te hersien. Die SWOT-analise word soms geïnterpreteer en word dan gebruik as 'n SWOT-analise 2x2-matriks, veral in projekbeplanningprosesse. In die geval van 'n 2x2-matriks word die sterktes en swakhede as interne faktore gesien, waar die geleenthede en bedreiginge as eksterne faktore gesien word. Die SWOT-analise is 'n baie buigsame maatstaf en is nie net beperk tot besighede en bemerking nie (Chapman, 2015: par. 1-3).

Die volgende figuur bevat 'n opsomming van hoe die SWOT-analise toegepas is om huidige wetgewing en beleid vir straatkinders in Suid-Afrika te analiseer en te bespreek.

Figuur 2.1: Wetgewing en beleid



2.5.1 Kritiese ontleding van wetgewing en beleid van toepassing op straatkinders

2.5.1.1 Sterktes

Die feit dat Suid-Afrikaanse wetgewing vir die eerste keer voorsiening maak vir die beskerming van straatkinders, kan as 'n groot sterkte gesien word. Die Children's Act 38 of 2005 beskryf straatkinders as kinders wat sorg en beskerming benodig. As gevolg hiervan kan straatkinders ook nou beskermingsdienste van die hoogste standaard ontvang, en wetgewing fokus vir die eerste keer eksplisiet op straatkinders. Dit is positief dat die regte van straatkinders ook in ag geneem word, aangesien straatkinders weens die aard van hul omstandighede nog kwesbaarder as ander kinders is.

2.5.1.2 Tekortkominge

Die grootste enkele nadeel is dat sommige van hierdie wetlike bepalings goed vertoon op papier, maar in praktyk baie moeilik is om te implementeer. Dit is byvoorbeeld positief en selfs dringend noodsaaklik dat elke kind die reg op basiese voeding, skooling en basiese gesondheidsdienste behoort te hê, maar wat is die nut van hierdie regte indien basiese voeding, skooling en gesondheidsdienste nie beskikbaar is nie? Armoede

en ander maatskaplike probleme soos werkloosheid is 'n groot realiteit in Suid-Afrika en as gevolg van hierdie faktore kan daar dikwels nie in kinders se regte voorsien word nie. Dit is nie onregverdig om van die gemeenskap te verwag om medeverantwoordelikheid vir hierdie tipe dienste te aanvaar nie: Herbst en Tshehle (2007:34) vra dan ook of die regering die voorsiening van hierdie tipes dienste kan waarborg, indien gemeenskappe self nie in staat is om die dienste te verskaf nie weens omstandighede van akute armoede. Die navorser is van mening dat die regering nie altyd dienslewering kan waarborg nie omdat daar verskeie tekortkoming is, soos onder andere werkloosheid en 'n gebrek aan mannekrag. Die grootste verantwoordelikheid berus by die regering om dienslewering te verseker, maar die navorser meen tog dat die gemeenskap betrokke moet raak en meer verantwoordelikheid moet aanneem. Die vraag ten opsigte van die neem van verantwoordelikheid kan nie in isolasie van regte gesien word nie en word spesifiek in die Children's Act, no 38 van 2005 (soos gewysig deur die Kinderwysigingswet, no. 41 van 2007) uiteengesit.

2.5.1.3 Geleenthede

Die navorser identifiseer die geleentheid vir groter verantwoordelikheid en betrokkenheid in die gemeenskap rakende die straatkindverskynsel. Gemeenskappe moet aktief betrokke raak by en bewus wees van die behoeftes en regte van straatkinders en ook verantwoordelikheid neem daarvoor. Indien beleidsmaatreëls en wetgewing op 'n volwasse en gebalanseerde manier beskou word, is dit belangrik om te beseef dat regte altyd deur verpligtinge vergesel word. Nogtans moet daar in alle regverdigheid aanvaar word dat 'n dokument soos die Grondwet van die land en, meer spesifiek, die Handves van Menseregte, nie die ideale plek of toepaslike medium is vir die stipulering van mense se verantwoordelikhede nie. Dit kan in ander beleidsbronne vervat word, soos die Children's Act, 38 van 2005 of die Konsep Nasionale Beleidsraamwerk vir Gesinne (2001:12), waarin die regte sowel as die pligte van gesinne soos volg gestipuleer word:

Die fundamentele regte van gesinne moet beskerm word. Kinders het die reg om binne hul eie gesinne te bly vir liefde, ondersteuning, groei en ontwikkeling. Die gesin behoort die reg te hê om te beskerm teen geweld, mishandeling, uitbuiting, armoede, werkloosheid, substansmisbruik, MIV/Vigs en tienerswangerskappe. Gesinne behoort verantwoordelikheid te aanvaar vir die ondersteuning van groei, ontwikkeling en morele leiding van die lede van die gesin. Gesinne het die

verantwoordelikheid om gesinslede te troetel en hulle te help om emosioneel te groei. Die gesin het die verantwoordelikheid om kontak met familielede te hou indien hulle geskei word. Ouers en die gemeenskap moet gesamentlike verantwoordelikheid vir die welsyn van gesinne neem.

Dit is duidelik dat die inhoud van die beleidsdokumente dikwels addisionele betekenis aanneem wanneer dit saam met ander bronne gelees word. Straatkinders het dikwels geen kontak meer met hul gesinne nie en hierdie regte van hulle word indirek van hulle ontnem omdat die gesinne ook dikwels nie hul verantwoordelikhede nakom nie. Groter bewusmaking onder die gemeenskap bied dus die geleentheid vir meer gemeenskapsbetrokkenheid en die neem van verantwoordelikheid wat daarmee gepaardgaan.

Nog 'n geleentheid wat geïdentifiseer kon word, is die moontlikheid dat wette en beleide aangepas kan word om in lyn te wees met die veranderde behoeftes en omstandighede in die gemeenskap.

2.5.1.4 Bedreigings

Mense in die gemeenskap is nie altyd bewus van wetgewing en beleide nie aangesien hulle nie hierdie wette of beleide lees nie of nie toegang daartoe het nie. Nog 'n bedreiging wat geïdentifiseer kan word, is die feit dat gemeenskappe as gevolg van wetgewing oorafhanklik kan word van die regering en nie self verantwoordelikheid neem om die probleem te hanteer of te probeer voorkom nie. Die realiteit is ook dat die beste belang van die kind nie altyd in die praktyk in ag geneem word nie, alhoewel die Children's Act 38 van 2005 stipuleer dat die beste belang van die kind die belangrikste beginsel is wanneer daar met kinders gewerk word. Ten spyte van al die regte wat kinders het, soos uiteengesit in verskillende wette en beleidsdokumente in Suid-Afrika, word baie kinders – insluitend straatkinders – se regte ook steeds ontken.

Figuur 2.2 bevat 'n opsomming van hoe die SWOT-analise toegepas is om beskikbare programme en dienste vir straatkinders in Suid-Afrika te analiseer en te bespreek.

Figuur 2.2: Programme en dienste



2.5.2 Programme en dienste

2.5.2.1 Sterktes

’n Verskeidenheid programme vir en dienste aan straatkinders is geïdentifiseer. Hierdie programme en dienste word meestal deur nie-regeringsorganisasies (NRO’s) in Suid-Afrika gelewer en dit was verblydend dat baie van hierdie organisasies veral op voorkomende dienste fokus. Nog ’n sterkte is die feit dat al hierdie organisasies wat dienste aan straatkinders lewer ook nou moet registreer as kinder- en jeugsorgsentrus, met die gevolg dat hulle aan sekere norme en standaarde moet voldoen.

2.5.2.2 Tekortkominge

NRO’s se programme is nie voldoende om die straatkindgetalle te verminder nie, en die getalle neem steeds toe. Skhosana (2013:160-171) bespreek ’n aantal hindernisse in maatskaplike welsynsdienstelewing aan straatkinders, soos die tekort aan voldoende fondse en hulpbronne. Dienste word dikwels nie aan straatkinders gelewer nie as gevolg van ’n tekort aan fondse. NRO’s is afhanklik van die subsidies vanaf die staat, lotto en ander borge. Fondse raak al hoe meer beperk en moeiliker bekombaar. NRO’s wat veronderstel is om welsynsdienste aan straatkinders te lewer, word baie swak

befonds en personeel word onderbetaal (Thomas de Benitez, 2011:141, Dunn & Parry-Williams, 2008:20):

The Department of Social Development is confronted with the challenge of addressing major socio- economic issues with limited human and financial resources. The challenge has become more acute in the wake of the global financial crises, which has resulted in widespread budget cuts. Among other things, this has resulted in reducing funding for some NRO's which provide services on behalf of the Department (Thomas de Benitez, 2011:141).

Vusi Madonsela, Die Direkteur-generaal van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling, het erken dat finansiële hulpbronne nie voldoende is om die maatskaplike kwessies te hanteer nie en dit word ook bevestig in die jaarverslag (Suid-Afrika, 2010/2011:8). Die subsidies wat NRO's vanaf die Departement Maatskaplike ontwikkeling ontvang, is nie genoegsaam vir die omvang van dienste wat deur hierdie organisasies gelewer word nie.

Skhosana (2013:169-171) se studie het bevind dat welsynsdienste wat deur NRO's gelewer word, wissel van residensiële sorg, skuilings of instapsentrums vir straatkinders, uitreikprogramme sowel as voorkomings en vroeë intervensieprogramme. Daar is ook verder in die studie bevind dat voorkomingsprogramme en vroeë intervensieprogramme nie behoorlik befonds word nie en dus afgeskeep word.

Alhoewel maatskaplike welsynsdienste deur die regering gelewer word en die bedoeling daarmee goed is, faal die regering dikwels daarin om straatkinders voldoende te beskerm as gevolg van 'n gebrek aan kwaliteit koördinerende, monitering en evaluering (The Street Action Report, 2010). Dit wil dus voorkom dat die huidige welsynsdienste wat aan straatkinders gelewer word nie genoegsaam is om aan die behoeftes van straatkinders te voldoen nie (Skhosana 2013:177). Kopoka (2000:10) is ook van mening dat regerings in lande waar straatkinders 'n groot probleem is, die straatkindverskynsel nie die nodige aandag gee nie. Ten spyte van al die programme en pogings wat aangebied word om in straatkinders se behoeftes te voorsien, blyk dit steeds ontoereikend te wees, terwyl straatkindgetalle toeneem as gevolg van 'n gebrek aan hulpbronne, oneffektiewe beplanning en implementering van regeringsbeleide en swak sosioëkonomiese omstandighede in die geheel.

Organisasies wat dienste lewer aan straatkinders soos kinder- en jeugsorgsentrums het die verantwoordelikheid om die straatkinders op te voed en van hulle sosiaal

aanvaarbare individue in die samelewing te maak. Nog 'n groot tekortkoming wat geïdentifiseer is, is die feit dat straatkinders dikwels manipulerend is en slegs die dienste en programme gebruik vir voedsel en skuiling, dat hulle tussen verskillende programme beweeg en uiteindelik hulself weer tot die straat wend.

2.5.2.3 Geleenthede

Daar is groter gemeenskapsbetrokkenheid en groter bewusmaking in die gemeenskap. Die navorser identifiseer verder die geleentheid dat die regering, NRO's en die gemeenskap kragte kan saamsnoer om in die behoeftes van straatkinders te voorsien en dienslewering te bevorder.

2.5.2.4 Bedreigings

Organisasies is dikwels nie toeganklik nie en die publiek is nie bewus van dienste wat beskikbaar is nie. Dikwels is gemeenskappe nie ingelig oor die beskikbaarheid en toeganklikheid van programme en dienste nie. Die gevolg is dat dienslewering nie geskied nie.

Nog 'n bedreiging is die finansiële uitdagings wat baie organisasies in die gesig staar. As organisasies nie fondse het nie, sal dienslewering belemmer word en baie organisasies sal dienste moet staak as hul nie finansiëel kan oorleef nie. 'n Tekort aan voldoende, opgeleide personeel is nog 'n groot bedreiging vir organisasies. As daar nie opgeleide personeel by die verskillende organisasies is nie, kan dienste ook nie effektief gelewer word nie.

2.6 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande kan afgelei word dat dienslewering aan straatkinders in Suid-Afrika oor die jare verbeter het en dat die regering daadwerklike pogings aanwend om in straatkinders se behoeftes te voorsien deur wetgewing en beleide asook ondersteuning aan organisasies wat programme en dienste lewer aan straatkinders. Daar is egter nog heelwat uitdagings wat dienslewering aan straatkinders belemmer en wat aandag moet geniet. Die volgende hoofstuk sal fokus op die psigososiale omstandighede en die behoeftes van straatkinders. Die bevindinge van die behoeftebepaling wat in fase 1 gedoen is, sal ook bespreek word met die oog op die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram vir die straatkinders by die TKJS.

HOOFSTUK 3: DIE PSIGOSOSIALE OMSTANDIGHEDE EN BEHOEFTE VAN STRAATKINDERS

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar gefokus op die psigososiale omstandighede en behoeftes van straatkinders met die oog op die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram vir straatkinders. Daar sal eerstens 'n oorsig gebied word van psigososiale behoeftes wat reeds uit die literatuur geïdentifiseer kon word, alvorens daar gefokus sal word op die agtergrond, omstandighede en psigososiale behoeftes van straatkinders by die TKJS, soos verkry uit die empiriese data van fase 1 (behoeftebepaling) van hierdie studie. Inligting rondom die deelnemers van hierdie studie en die bevindinge van die selfontwerpte vraelys wat benut is, word weergegee. Daar sal spesifiek aandag geskenk word aan die identifisering van relevante kwessies wat moontlik by die beplande lewensvaardigheidsprogram ingesluit kan word.

3.2 DIE PSIGOSOSIALE OMSTANDIGHEDE EN BEHOEFTE VAN STRAATKINDERS

Miljoene straatkinders in ontwikkelde en ontwikkelende lande van die wêreld word op hul eie gelaat op straat (Van Rooyen & Hartell, 2002:188). Straatkinders sukkel om te oorleef op straat en het geen vorm van beskerming of ondersteuning deur 'n volwassene of ouer nie, en baie min of geen opvoeding (United Nations Development Programme, 2000:41). Dit is juis as gevolg hiervan dat straatkinders se behoeftes dikwels nie vervul word nie. Dit is daarom belangrik om ondersoek in te stel na die behoeftes van straatkinders.

Die lewe op straat word gekenmerk deur bendes, substansmisbruik, geen ouerlike leiding en geen skoolbywoning nie (Koller, 1999:61). Straatkinders is weerlose slagoffers van geweld, seksuele uitbuiting en menseregteskendings (Wexler, 2008:546). Hierdie kinders verbeur dikwels die voorregte wat 'n gesinslewe tot die gesonde ontwikkeling van 'n kind bydra en daar word baie gebrekkig in hulle basiese behoeftes voorsien. Schimmel (2006:222) merk op dat “physiological needs of a child are not met on the streets because of lack of reliability of food supply and its often dubious

nutritional value". As gevolg hiervan ervaar straatkinders dus 'n gebrek aan gesonde ontwikkeling.


Straatkinders het verder 'n behoefte aan inligting oor lewenskewessies soos onder andere seksuele aktiwiteite, higiëne en gesondheid. Dit word daaraan toegeskryf dat ouers dikwels nie hul opvoedingsrol rakende hierdie lewenskewessies vervul nie. Whiteside en Sunter (2000:19) meen ook dat mense kennis moet hê rakende verskillende lewenskewessies ten einde hul houding en gedrag te verander. Indien straatkinders byvoorbeeld nie die nodige voorligting ontvang rondom hulle eie seksualiteit nie, word hulle aan risiko's soos MIV/Vigs blootgestel. Baie seksuele aktiwiteite vind op straat plaas en meestal sonder beskerming (Michael Lawrence in Van der Merwe, 2001:8). Hulle word verder op straat blootgestel aan mishandeling, verwaarlosing, prostitusie, dwelmmisbruik, misdaad en wanvoeding (Shook & Finn, 2009: xiii; Pearce, 2009: 20; Idemudia, Kgekong & Kolobe 2013: 162).

Kinders het gewoonlik 'n groot behoefte om met hulle primêre versorgers te bind (Schultz, 2002:17; Thomas 2005:19). Die bindingsproses begin reeds by geboorte (Schultz, 2002:25; Zastrow & Kirst-Ashman, 2016:335) en as hierdie bindingsproses om een of ander rede ontbreek, kan dit ernstige psigologiese nagevolge vir die kind inhou. Straatkinders ervaar dikwels 'n gebrek aan binding met ouers of 'n volwassene en dit dra by tot wantroue in mense en 'n gebrek aan sekuriteit. Thompson (2004:3) verduidelik dat Hirschi se sosiale bindingsteorie wat gehegtheid, verbintenis, deelname en oortuigings insluit, belangrik is vir enige individu, en in hierdie geval vir straatkinders. Omdat die gehegtheid met versorgers ontbreek, het straatkinders nie goeie rolmodelle om hulle goeie tradisionele oortuigings soos respek te leer nie. 'n Verdere nagevolg hiervan is swak interpersoonlike verhoudings. Die feit dat straatkinders geen konvensionele verbintenis het nie, dra dikwels daartoe by dat hulle negatiewe gedrag openbaar, soos byvoorbeeld substansmisbruik en om by misdaad betrokke te raak. Hul emosionele en kognitiewe ontwikkeling word ook geskaad as gevolg hiervan (Ward, 2007). Die primêre verlies van kinders wat op straat leef en werk, is dié van 'n goeie verhouding met 'n ouer of primêre versorger sowel as ouerlike affeksie, opvoeding en die geleentheid vir groei en ontwikkeling (UNICEF, 2002; Ward, 2007:233-246). Straatkinders openbaar ook dikwels tekens van depressie, angstigheid, regressiewe gedrag, 'n lae selfbeeld en 'n gebrek aan 'n eie identiteit (Richter, 1991; Mufune, 2000, Ward 2007, Richter & Van der Walt 2003; Kaime-Atterhög & Ahlberg, 2008). Dit kan moontlik toegeskryf word aan die trauma wat straatkinders ervaar as gevolg van

mishandeling en 'n gebrek aan ouerlike liefde en versorging (Schore & Schore, 2008; Saxe, Ellis & Kaplow, 2007; Blaustein & Kinniburgh, 2010). 'n Program wat die trauma en verliese van straatkinders aanspreek is dus noodsaaklik (Fitzgerald, 2008:1).

Maslow se hiërargie van behoeftes, soos bespreek deur Bernstein en Nash (2005:303), asook McCleod (2007:2), bied 'n oorsig van basiese behoeftes wat kinders het. Elke individu het ingebore behoeftes wat bevredig moet word in 'n sekere volgorde. Die verskillende vlakke van behoeftes neem toe vanaf basiese oorlewingsbehoefte tot met hoërorde- psigologiese behoeftes (Shafritz, Ott & Jang, 2015:143). Al hierdie behoeftes kan derhalwe gesien word as psigososiale behoeftes. Die woord *psigososiale* verwys na psigologiese sowel as maatskaplike funksioneringsvlakke van die mens (Van Wormer & Davis, 2008:12). Hierdie funksioneringsvlakke word negatief beïnvloed as die behoeftes, soos deur Maslow aangetoon, nie bevredig word nie. Die meeste van hierdie behoeftes word in die geval van straatkinders nie vervul nie. Illustrasie 3.1 is gebruik om hierdie behoeftes van straatkinders op te som.

Illustrasie 3.1: Maslow se hiërargie van menslike behoeftes en straatkinders



(Aangepas uit McCleod, 2007:2)

In illustrasie 3.1 word die basiese menslike behoeftes in vlakke uiteengesit. Dit is belangrik om te beklemtoon dat beperkte persoonlike groei moontlik is indien behoeftes

op vlakke 1-3 nie bevredig word nie. Die vlakke van behoeftes in hierdie hiërargie sal vervolgens kortliks bespreek word in die konteks van straatkinders.

3.2.1 Fisiologiese behoeftes

Straatkinders het nie 'n vaste inkomste nie en is afhanklik van donasies vir kos, en hulle het dikwels nie voedsel om te eet nie. Baie straatkinders woon nie meer tuis nie en het hulself tot die straat gewend vir skuiling en oorlewing (Skhosana, 2013:39). Kinders het voedsel, klere en skuiling nodig om te groei en gesond te leef (Heineman & Ehrensaft, 2006:24).

3.2.2 Veiligheid en sekuriteit

Omdat straatkinders nie goeie verhoudings/bindings met hul versorgers het nie, word hul behoeftes aan veiligheid en sekuriteit nie bevredig nie. Dit is baie belangrik vir kinders om met hul ouers of versorgers te bind om veilig te voel en 'n mate van sekuriteit te ervaar. Die gebrek aan bogenoemde dra verder daartoe by dat straatkinders nie goed emosioneel ontwikkel nie (Thoburn, Chand & Procter, 2008:22). Straatkinders word verder op straat blootgestel aan misdaad, geweld en mishandeling (Barette, 1995:11; Shaw, 2001:1, Wexler, 2008:546). Die straat hou ook veiligheidsrisiko's in vir straatkinders aangesien hulle dikwels aangerand word deur sekuriteitswagte, boemelaars en selfs polisiebeamptes (Motale & Smith, 2003).

3.2.3 Sosiale behoeftes: Liefde en 'n gevoel van behoort-aan

Straatkinders het 'n groot behoefte aan liefde en 'n gevoel van behoort-aan. Foster (2000:55) is van mening dat hierdie behoefte van straatkinders nie vervul word nie weens die swak verhouding wat straatkinders dikwels met hul ouers het. Hulle verhouding met hulle ouers word dikwels gekenmerk deur mishandeling en/of verwaarlosing. Thomas-de Benitez (2007), sowel as Ward en Seager (2010), het in hul onderskeie studies bevind dat geweld en mishandeling 'n groot oorsaak is waarom kinders eerder die straat verkies. Dit is daarom belangrik dat dus gehelp moet word om nuwe verhoudings te kweek (Heineman & Ehrensaft, 2006:25). Die mening in hierdie studie is dat hierdie nuwe verhoudings met hul portuurgroep (ander kinders by die TKJS), die versorgers en maatskaplike werker van die sentrum en, indien moontlik, met die ouers van die straatkinders, positief sal wees vir hulle en in 'n mate hierdie behoefte kan vervul.

3.2.4 Agtingsbehoefte: Selfbeeld

Straatkinders voel dikwels dat hulle nêrens behoort nie en hulle bevraagteken gewoonlik hul identiteite. 'n Positiewe selfbeeld hou verband met selfkennis en selfbewustheid. Dit is belangrik dat hulle gehelp moet word om 'n identiteit te vorm ten einde 'n goeie selfbeeld te ontwikkel (Thoburn, Chand & Procter, 2008:23, Thompson 2009:3). Identiteitsontwikkeling impliseer dat straatkinders moet definieer wie hulle is, wat vir hulle belangrik is en watter koers hulle in die lewe wil inslaan (Thom; Louw; Ferns & Van Ede, 1998:431). Van Heerden (2015:21) ondersteun hierdie standpunt en merk op: "Our ability to feel at ease in our environment is key to our identity or how we define ourselves".

Dit is uiters noodsaaklik vir straatkinders om 'n eie identiteit te ontwikkel want sodoende leer hulle meer van hulself, en dit kan dan hul selfvertroue bevorder. Ander voordele van die ontwikkeling van 'n eie identiteit by straatkinders sluit in:

- 'n eie identiteit bevorder selfbewussyn en selfdissipline en dit kan straatkinders bemagtig om 'n positiewe houding teenoor die lewe te hê.
- Dit bevorder 'n toekomspektief in die sin dat die straatkinders sal weet wat hulle in die lewe wil hê en daarvolgens kan optree.
- Die straatkind sal meer selfversekerd teenoor ander optree.
- Nuwe verhoudings kan aangeknoop word want sosiale aanvaarding word ook bevorder.
- 'n Gesonde selfbeeld is noodsaaklik vir optimale psigososiale funksionering.

Identiteitsontwikkeling sal bevorder word deur die straatkinders bloot te stel aan aktiwiteite wat hulle sal help om meer oor hulself te leer (Hanbury, 2002:8). Die navorser is ook van mening dat daar 'n verband is tussen selfkennis en 'n positiewe selfbeeld en dat dit belangrik is dat straatkinders begelei moet word om hulself positief te beskou, wat uiteindelik hul selfagting sal bevorder.

3.2.5 Selfaktualisering

Omdat daar dikwels nie in die bogenoemde behoeftes van straatkinders voorsien word nie, vind persoonlike groei selde by straatkinders plaas. Selfaktualisering sal slegs plaasvind as daar in al die genoemde behoeftes van straatkinders voorsien is.

Dit is duidelik dat straatkinders se psigososiale behoeftes nie altyd vervul word nie, aangesien hulle behoeftebevrediging weens hul omstandighede op alle vlakke ingeperk word en hul funksionering nadelig beïnvloed word. Straatkinders is besonder kwesbaar as gevolg van die moeilike omstandighede waarin hulle hulself bevind en benodig beskerming. Bademci, Karadayi en De Zulueta (2015:20) skryf hierdie kwesbaarheid toe aan die moontlike fisiese of emosionele mishandeling waaraan hulle blootgestel was. Hanbury (2002:9) is van mening dat hierdie kwesbaarheid hul lewenskeuses en hul potensiaal beïnvloed. Die aanleer van lewensvaardighede kan die straatkinders help om die uitdagings van die lewe positief te hanteer. Hanbury (2002:9) beskryf die waarde van lewensvaardighedsontwikkeling as dat “Life skills learning does not change events, it changes children”.

Bogatsu (Persoonlike onderhoud, 25 Junie 2015) is ook van mening dat straatkinders ’n groot behoefte het aan basiese lewensvaardighede wat hulle sal help om ’n eie identiteit te vorm, goeie interpersoonlike verhoudings te handhaaf en uitdrukking en betekenis te gee aan hulle materiële, liggaamlike, maatskaplike en geestelike behoeftes. Daar is egter heelwat risiko’s wat die bevrediging van hierdie behoeftes by straatkinders belemmer. Uit die literatuur kon die navorser ’n aantal risiko’s identifiseer wat nadelig vir die straatkinders se psigososiale funksionering kan wees. Hierdie risiko’s sluit onder andere die volgende in:

- Gebrek aan ’n eie identiteit
- Swak selfbeeld
- Swak interpersoonlike verhoudings
- Swak emosionele ontwikkeling en regulering van emosies
- Onvermoë om te cope met die uitdagings van die alledaagse lewe
- Swak besluitnemingsvaardighede
- Probleme om vertrouensverhoudings te vestig
- Swak kommunikasievaardighede
- Blootstelling aan mishandeling, geweld en misdaad
- Blootstelling aan verskeie gesondheidsprobleme
- Kwesbaarheid vir substansmisbruik
- Gebrekkige toekomspektief
- ’n Gebrek aan algemene vaardighede wat noodsaaklik is vir effektiewe funksionering.

(Bademci *et al.*, 2015; Idemudia, Kgekong & Kolobe, 2013; Thoburn *et al.*, 2008; Thomas de Benitez, 2007; Richer *et al.*, 2003; Ward & Seager 2007).

Opsommend kan daar beklemtoon word dat daar bepaalde risiko's is wat straatkinders se ontwikkeling en psigososiale funksionering bedreig en waarvoor ontwikkeling ten opsigte van lewensvaardighede noodsaaklik is.

Gedurende fase 1 van hierdie studie het die navorser 'n behoeftebepaling by die TKJS gedoen om te bepaal wat die straatkinders se spesifieke behoeftes is rakende lewensvaardighede. Die resultate van hierdie behoeftebepaling sal vervolgens bespreek word.

3.3 RESULTATE VAN BEHOEFTEBEPALING (FASE 1)

Die fokus van fase 1 was om die behoeftes van straatkinders by die TKJS rakende lewensvaardighede te bepaal. Thakaneng het begin as 'n projek vir straatkinders wat deel gevorm het van die Noordwes-alliansie vir straatkinders. Die organisasie moes toe ingevolge die nuwe Children's Act 38 van 2005 registreer as 'n kinder- en jeugsorgsentrum. Die navorser het met behulp van 'n selfontwerpte vraelys die behoeftebepaling gedoen by die TKJS. Die deelnemers aan fase 1 was al die straatkinders by die TKJS (sien hoofstuk 1, waar die deelnemers van hierdie fase volledig bespreek word).

'n Selfgestruktureerde vraelys het as meetinstrument gedien vir die behoeftebepaling (Sien Addendum E). Die vraelys is aangevul met prente om dit meer kindervriendelik te maak. Die doel van die vraelys was om die straatkinders se kennis en behoeftes rakende lewensvaardighede te bepaal asook om 'n agtergrond te kry oor hul persoonlike omstandighede. Die vraelys is aanvanklik in Engels opgestel, waarna dit vertaal is na Setswana, omdat dit die meeste straatkinders se moedertaal was. Die benutting van 'n tussenganger (die maatskaplike werker van die TKJS) en 'n tolk het die voltooiing daarvan vergemaklik. Hulle was ook deurentyd teenwoordig om instruksies te gee en om die kinders te help om die vrae te verstaan. Die resultate van die verwerkte gegewens sal vervolgens aangebied en bespreek word.


3.3.1 Biografiese inligting van deelnemers

3.3.1.1 Geslag en taal

Al die deelnemers was manlik. Hierdie bevinding stem ooreen met literatuur wat bevestig dat seuns meer geneig is as dogters om hulself tot die straat te wend vir oorlewing. Wêreldwyd is daar 'n hoër tendens van seuns as dogters wat op straat leef en werk (Mufune, 2000:233; Volpi, 2003:1-30). Die meerderheid deelnemers se eerste taal was Setswana, maar baie van die deelnemers kon ook Engels of Afrikaans goed praat en verstaan.

3.3.1.2 Ouderdom en vlak van skoolopleiding

Figuur 3.1: Ouderdom van deelnemers



In figuur 3.1 kan daar duidelik gesien word dat die ouderdomsverspreiding van die deelnemers tussen 10 en 17 jaar was. Die meeste deelnemers (24%) was 16 jaar oud en 22% van hulle was 15 jaar oud. Daar kan dus afgelei word dat die meeste deelnemers in die adolessente lewensfase is (Louw & Louw, 2014:221).

Figuur 3.2: Vlak van skoolopleiding



Figuur 3 se gegewens toon dat die meerderheid deelnemers (64%) tussen die grade 1 en 7 was. 20% van die deelnemers was tussen graad 8 en 12 en die res van die deelnemers (16%) het nog nooit skool bygewoon nie. Die maatskaplike werker by die TKJS skryf die feit dat daar straatkinders is wat nog nooit skoolbygewoon het nie, toe aan ouers se versuim om kinders by skole in te skryf. Hy is ook van mening dat baie kinders vanaf 'n baie jong ouderdom op straat beland en dan nog nooit skool bygewoon het nie (Bogatsu, persoonlike onderhoud 25 Junie 2015). Koller (1999:61) is ook van mening dat dit 'n algemene verskynsel is dat baie straatkinders nog nooit skool bygewoon het nie. Straatkinders is oor die algemeen nie gemotiveerd om skool by te woon nie en gevolglik is hul motivering om hul skoolloopbaan suksesvol te voltooi baie laag (Scott, 1994:28).

3.3.2 Agtergrondomstandighede

Die data wat handel oor die agtergrondomstandighede is verkry uit afdeling C in die behoeftebepalingsvraelys (Addendum E).


Die meerderheid straatkinders by die TKJS het voorheen op straat geleef of gewerk. Die redes waarom hulle op straat is, wissel van ouers wat oorlede is, ouers wat substansie misbruik, mishandeling tuis, konflik tussen ouers, onbeheerbare gedrag van die kinders en armoede (Thakaneng, 2015). Al hierdie redes word bevestig in die literatuur (Ennew 2004; Lewis 2004; Motala & Smith 2003; Wargan & Dreshem 2009). Die kinders beskryf hul verhoudings met hul ouers as swak of niebestaande. Die

meeste kinders het ook genoem dat hulle slegs kan staatmaak op die personeel van Thakaneng wat vir hulle lief is en vir hulle omgee. Hierdie kinders word deur die Children's Act, 38 van 2005 beskryf as kinders wat sorg en beskerming benodig.

3.3.2.1 Substansmisbruik onder straatkinders


Baie van die kinders by die TKJS misbruik een of ander substans. Koller (1999:61) bevestig dat substansmisbruik baie gewild is onder straatkinders. Die volgende inligting rondom substansmisbruik onder die straatkinders by die TKJS is bekom uit die selfontwerpte vraelys (Addendum E).

Figuur 3.3: Hoeveelheid deelnemers wat rook




Die meerderheid deelnemers het genoem dat hulle soms rook, terwyl 38% van die deelnemers genoem het dat hulle meeste van die tyd rook. Die ander 22% van deelnemers het gesê dat hulle nog nooit gerook het nie. Van Rooyen en Hartell (2002:191) is van mening dat die rook van tabak en ook dagga gewild is onder straatkinders. Substansmisbruik kom algemeen voor onder straatkinders (Louw & Louw, 2014:426, Koller, 1999:61). Dit kan daaraan toegeskryf word aan dat hulle wil vergeet van die haaglike omstandighede waarin hul hulself op straat bevind asook 'n gevoel van euforie wat die substans vir hul kan gee (Louw & Louw, 2014:426; Malindi & Theron, 2010:319).

Figuur 3.4: Alkoholgebruik onder deelnemers



Die meerderheid deelnemers (40%) het genoem dat hulle die meeste van die tyd alkohol gebruik en 36% van die deelnemers het gesê dat hulle dit soms gebruik, terwyl 24% van die deelnemers gesê het dat hulle nog nooit alkohol gebruik het nie. Substanses soos alkohol word deur straatkinders gebruik om te ontsnap uit hul werklikheid, byvoorbeeld om te vergeet van hul honger of die koue (Louw & Louw, 2014:426, Van Rooyen & Hartell, 2002:191).

Figuur 3.5: Gommebruik onder die deelnemers



Die meerderheid deelnemers (42%) het genoem dat hulle nog nooit gom gesnuif het nie. Daarteenoor het 30% van die deelnemers genoem dat hulle dit die meeste van die tyd doen en die ander 28% van deelnemers het genoem dat hulle dit soms doen. Van

Rooyen en Hartell (2002:190) is van mening dat gom snuif baie gewild is onder straatkinders. Geldenhuys (1994:97) skryf dat 95% van alle straatkinders verslaaf is aan gom. Gom snuif is 'n algemene verskynsel onder straatkinders aangesien dit vir hulle 'n "tydelike ontsnapping van hul harde werklikheid" bied (Louw & Louw 2014:426). Malindi en Theron, (2010:319) beskryf dat straatkinders gom snuif gebruik as 'n coping meganisme. Nog 'n moontlike rede waarom straatkinders gom snuif is dat gom betreklik goedkoop en maklik verkrybaar is. Dit is vir 'n minderjarige kind dalk moeilik om tabak of alkohol te koop, maar gom is algemeen en wettig verkrygbaar.

Die bevindinge oor substansmisbruik onder die straatkinders by die TKJS toon gevolglik aan dat die straatkinders wel substans gebruik. Dit blyk dat alkohol die voorkeursubstans is, aangesien 40% van deelnemers genoem het dat hulle dit die meeste van die tyd gebruik. Daar is egter deelnemers wat genoem het dat hulle nog nooit gerook het nie, nog nooit alkohol gebruik het nie en nog nooit gom gesnuif het nie. Die navorser betwyfel die eerlikheid van hierdie vermeldings, maar dit is moeilik om te bepaal of bogenoemde stellings die waarheid is of nie. Dit is moontlik dat die deelnemers bang was om te erken dat hulle substans misbruik. Aan die ander kant is dit moontlik wees dat die kinders nog nooit blootgestel is aan die substans nie; of dat hulle inderdaad geweier het om dit te gebruik toe hulle wel daaraan blootgestel is. Die laasgenoemde moontlikheid is egter in die navorser se opinie onwaarskynlik.

3.3.2.2 Gevoelens van die straatkinders

Die straatkinders het verskillende gevoelens geïdentifiseer wat hulle die meeste ervaar. Hierdie data is verkry uit afdeling D van die behoeftebepalingsvraelys (Addendum E). Die straatkinders moes uit 'n lys van 12 emosies die drie gevoelens kies wat hulle die meestal ervaar. Hierdie gevoelens word in tabel 1 geïllustreer.

Tabel 3.1: Gevoelens van straatkinders

Gevoelens	Frekwensie	Persentasie
Gelukkig	32	64
Kwaad	9	18
Eensaam	5	10
Ongelukkig	18	36
Lelik	3	6
Skaam	20	40

Depressief	10	20
Aggressief	6	12
Liefdevol	16	32
Mooi	5	10
Bang	14	28
Vriendelik	12	24
N	50	100

Die deelnemers het oorwegend gevoelens ervaar van gelukkigheid (64%), skaamheid (40%); ongelukkigheid (36%); liefdevolheid (32%) en bangheid (28%). In figuur 8 het 32 (64%) van die straatkinders aangedui dat hulle gelukkig voel en 16 (32%) het genoem dat hulle liefdevol voel. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hulle op daardie stadium by die TKJS gewoon het, waar hulle liefdevol hanteer is en gevoel het dat hulle iewers behoort en dat daar in die meeste van hul behoeftes voorsien word. Hierdie gevoelens sal ook in die beplande program se inhoud ingesluit word.

3.3.2.3 Behoeftes rakende lewensvaardighede

Hierdie gedeelte van die vraelys het gepoog om die deelnemers se behoeftes rondom spesifieke lewensvaardighede te bepaal. Dit was 'n ja/nee-vraelys waar die kinders slegs kon aandui of hulle meer van 'n spesifieke vaardigheid wou leer of nie. Tabel 3.2 illustreer hierdie bevindinge en sal vervolgens kortliks bespreek word.

Tabel 3.2: Behoeftes met betrekking tot lewensvaardighede

Behoefte	Frekwensie	Persentasie
Selfkennis	48	96
Gesonde leefstyl	46	92
Probleemoplossing	46	92
Selfhandhawing	47	94
Selfvertroue	45	90
Konflikhantering	40	80
Vigs-voorkoming	45	90
Finansiële bestuur	43	86
Verskillende loopbane	46	92
Hoe om aansoek te doen vir 'n werk	45	90

Besluitneming	47	94
Tydsbestuur	49	98
Doelstelling	45	90
Kommunikasievaardighede	44	88
Streshantering	37	74
Interpersoonlike verhoudinge	43	86
Cope met verandering	46	92
Vertroue	48	96
Kinderregte	46	92
Hoe om hartseer te hanteer	39	78
Hoe om angs te hanteer	38	76
Hoe om woede te hanteer	38	76
Hoe om emosies te beheer	45	90
Toekomsbeplanning	46	92
Totaal	50	100

In tabel 3. 2 kan daar duidelik gesien word dat die straatkinders wel 'n behoefte het aan elk van die bogenoemde lewensvaardighede. Daar sal vervolgens kortliks op die resultate van elke lewensvaardigheid gefokus word.

3.3.2.3.1 Die behoefte aan selfkennis

Die meerderheid deelnemers (96%) het aangedui dat hulle 'n behoefte het om meer omtrent hulself te leer. Slegs 4% van die deelnemers het aangedui dat hulle nie meer omtrent hulself wil leer nie. Kinders wat nie die nodige sorg van hul ouers ontvang nie (soos byvoorbeeld straatkinders), ontwikkel dikwels identiteitsprobleme en hulle ervaar soms gevoelens dat hulle nêrens behoort nie (Thoburn, Chand & Porter, 2008:23). Selfkennis is noodsaaklik vir identiteitsvorming, wat weer 'n positiewe selfbeeld bevorder (Thoburn, Chand & Procter, 2008:23, Thompson 2009:3). Erik Erikson beklemtoon ook dat die ontwikkeling van 'n identiteit noodsaaklik is vir 'n gelukkige en produktiewe lewe (Louw & Louw, 2014:360). Daarom is dit belangrik dat straatkinders ook gehelp moet word om meer van hulself te leer en sodoende 'n eie identiteit te vorm. Hanbury (2002:7) beklemtoon dat elke mens uniek is met 'n eie identiteit. Die meeste deelnemers was in hul adolessente fase en volgens Van Heerden (2015:21) is dit juis tydens hierdie

leuensfase uiters belangrik om 'n eie identiteit te ontwikkel. Selfkennis is baie belangrik omdat dit ook enige persoon se selfbeeld en selfvertroue beïnvloed.

3.3.2.3.2 Die behoefte aan kennis oor gesondheid en 'n gesonde leefstyl

Die oorgrote meerderheid (92%) deelnemers het 'n behoefte gehad aan kennis oor gesondheid en 'n gesonde leefstyl. Slegs 8% van die kinders wou nie meer leer oor hoe om gesond te wees nie.

Dit is belangrik dat enige kind geleer word om 'n gesonde leefstyl te handhaaf. Straatkinders het dikwels 'n groot gebrek aan kennis rondom gesondheid, veral weens die omstandighede waaraan hulle op straat blootgestel is wat 'n nadelige impak op hul gesondheid kan hê (Heineman & Ehrensaft, 2006:24). Louw en Louw (2014:426) beskryf ook dat straatkinders se fisiese gesondheid problematies is as gevolg van risikofaktore soos aanranding en mishandeling, swak voeding, substansmisbruik en blootstelling aan natuurelemente. Hulle beskryf verder dat straatkinders nie gemotiveerd is om mediese fasiliteite te gebruik nie of probleme mag ervaar om toegang tot sodanige fasiliteite te verkry. Van Heerden (2015:85) is van mening dat 'n gesonde leefstyl verband hou met jou keuses as mens, byvoorbeeld hoe om na jouself om te sien, wat om te eet, wat om te drink en wat belangrik is vir jou. Dit is dus belangrik dat die straatkinders ook begelei moet word om te verstaan dat 'n gesonde leefstyl met goeie keuses verband hou.

3.3.2.3.3 Die behoefte aan probleemoplossing

Tabel 3.2 wys dat (92%) van die deelnemers 'n behoefte het aan probleemoplossingsvaardighede. 8% het nie hierdie behoefte geïdentifiseer nie. Hierdie vaardigheid maak deel uit van die kernvaardighede waarvoor die jeug moet beskik (IYF, 2014:8). Tydens die tienerjare word probleemoplossingsvaardighede ontwikkel, omdat tieners gedurig met probleme gekonfronteer word wat hulle self moet hanteer. Hierdie vaardighede is nie ingebore nie, maar moet ontwikkel word. Wanneer probleme opgelos moet word, is dit belangrik dat 'n individu in staat moet wees om kalm te luister en te dink, om opsies te oorweeg, ander individue se opinies en behoeftes te respekteer en om konstruktiewe oplossings te kry, maar soms ook om opofferinge te maak (Little, 2015:2).

Van Heerden (2015:48) noem dat probleme universeel is en wanneer 'n individu sy probleemoplossingsvaardighede gebruik, hy/sy daartoe in staat moet wees om die

probleem te identifiseer en dan toepaslik daarop te reageer. Die navorser is van mening dat dit 'n baie belangrike aspek is ten opsigte van straatkinders aangesien hulle geleer moet word dat die oplossing van probleme ook die neem van verantwoordelikheid behels. Effektiewe probleemoplossingsvaardighede kan straatkinders help om doelgerig te wees en te streef na dit wat hulle in die lewe wil hê (Bedell & Lennox, 1997:163).

3.3.2.3.4 Die behoefte om meer te leer oor selfhandhawing

Die meeste deelnemers het die behoefte weergegee om hul selfhandhawende gedrag te verbeter (94%), terwyl slegs 6% aangetoon het dat hulle nie hieraan 'n behoefte het nie. Selfhandhawing beteken om vas te staan by dit wat jy glo reg en belangrik is (Van Heerden, 2005:65). Thompson (2009: 39) is van mening dat respek vir ander bevorder en word deur selfhandhawing en selfrespek; en dat persoonlike regte ook daardeur beskerm en onderdrukking daardeur voorkom word.

3.3.2.3.5 Die behoefte om in myself te glo

Die meeste deelnemers het 'n behoefte om meer in hulself te glo (90%). Die res van die deelnemers (10%) het nie hierdie behoefte geïdentifiseer nie. Selfvertroue kan beskryf word as die vertroue in jou eie vermoëns en om vertroue in mense, planne of die toekoms te hê; daarom is dit belangrik dat die jeug oor hierdie vaardigheid moet beskik (IYF, 2014:8). 'n Goeie selfbeeld en selfvertroue is noodsaaklik en baie voordelig vir enige mens (Van Heerden, 2015: 57). Tracy en Tracy-Stein (2012:12) is van mening dat 'n goeie selfbeeld en selfvertroue bydra tot 'n gelukkiger lewe. As die straatkinders oor 'n gesonde selfbeeld beskik, kan hulle lewenskwaliteit verhoog word (Louw & Louw, 2014:360).

3.3.2.3.6 Die behoefte aan konflikhantering

Dit blyk duidelik uit tabel 2 dat die oorgrote meerderheid deelnemers, (80%) 'n behoefte het aan inligting rakende konflikhantering. Die ander 20% van die deelnemers het aangetoon dat hulle nie hieraan 'n behoefte het nie. Van Heerden (2015:39-40) wys daarop dat konflik onvermydelik in enige mens se lewe is, en daarom is die effektiewe hantering van konflik baie belangrik. Effektiewe konflikhantering sal straatkinders bemagtig om verskille met ander konstruktief te hanteer en persoonlike groei word sodoende bevorder (Zastrow, 2010:175).

3.3.2.3.7 Die behoefte aan kennis oor Vigs-voorkoming

90% van die deelnemers het aangetoon dat hulle wel meer hieroor wil weet, terwyl 10% aangetoon het dat hulle nie meer omtrent vigsvoorkoming wil weet nie. Die voorkoms van MIV/Vigs onder die Suid-Afrikaanse jeug is 'n groot realiteit. Daarom is inligting rakende vigsvoorkoming noodsaaklik vir jeugdiges (Van Heerden, 2015:89). Louw en Louw (2014:438) merk op dat “[w]anneer die vernietigende effek van Vigs op kinders in aanmerking geneem word, kan geen inligting oor Vigs-voorkoming ooit te veel wees nie”. Michael Lawrence in Van der Merwe (2001:8) noem dat baie seksuele aktiwiteite op straat plaasvind en dikwels sonder beskerming, wat risiko's om MIV/Vigs te kry verhoog. Vigs-voorkoming sal onder meer in die beplande program hanteer word.

3.3.2.3.8 Die behoefte aan finansiële bestuur

Dit blyk dat die hantering van geld vir die deelnemers baie belangrik is, aangesien 86% van die deelnemers genoem het dat hulle wil leer hoe om met geld te werk, terwyl slegs 14% van die deelnemers nie hierdie behoefte het nie. Die ekonomiese omstandighede van die straatkinders is swak en hulle openbaar 'n behoefte aan materiële dinge wat hulle weens hulle omstandighede nie kan kry nie (Semeelo, persoonlike onderhoud 25 Junie 2015). Met die opvoeding van die jeug kan daar meer positiewe finansiële vooruitsigte wees vir volgende generasies (OECD Publishing, 2014:16). Atkinson (2008:195) het ook bevind dat kinders wat voorheen aan trauma blootgestel was, soos straatkinders, 'n gebrek het aan basiese vaardighede soos onder andere finansiële bestuur.

3.3.2.3.9 Die behoefte aan kennis oor verskillende loopbane

Die meerderheid deelnemers (92%) wil meer leer oor verskillende werkseleenthede en loopbane, omdat hulle graag 'n beter lewe wil hê. Van Heerden (2015: 253) wys daarop dat dit belangrik is om te besluit wat jou droomwerk is en om dan daarna te strew. Baie van die straatkinders is in die adolessentefase en “loopbaankeuse en voorbereiding vir 'n beroep vorm een van die belangrikste take van adolessensie” (Louw & Louw, 2014:374). Daar is wel 8% van die deelnemers wat nie hierdie behoefte het nie.

3.3.2.3.10 Die behoefte aan kennis oor hoe om aansoek te doen vir 'n werk

Die meerderheid deelnemers (90%) het aangetoon dat hulle graag wil leer hoe om aansoek te doen vir 'n werk, terwyl 10% van die deelnemers nie 'n behoefte hieraan geïdentifiseer het nie. Van Heerden (2015:253) beklemtoon die belangrikheid daarvan

om te weet hoe om aansoek te doen vir 'n werk. Straatkinders het volgens Atkinson (2008:195) 'n gebrek aan vaardighede om onafhanklik te funksioneer, en daarom is die navorser van mening dat inligting oor hoe om aansoek te doen vir werk, hulle sal bemagtig om nader te beweeg aan onafhanklikheid.

3.3.2.3.11 Die behoefte aan besluitnemingsvaardighede

Dit blyk duidelik uit tabel 1 dat die meerderheid deelnemers (94%) graag toegerus wil wees met hierdie vaardigheid sodat hulle beter besluite kan maak in hul lewens. Slegs (6%) van die deelnemers het aangetoon dat hulle nie 'n behoefte hieraan het nie. Besluitneming kan moeilik wees vir kinders omdat hulle soms oorweldig voel deur al die moontlikhede wat beskikbaar is (Louw & Louw, 2014: 354). Doeltreffende besluitneming lewer 'n bydrae tot 'n gesonde leefstyl, aangesien die individu onafhanklik kan funksioneer (Strydom, 1994:82). Van Heerden (2005:48-52) beklemtoon ook die belangrikheid van effektiewe besluitneming.

3.3.2.3.12 Die behoefte aan kennis aangaande tydsbestuur

Die meerderheid deelnemers wil meer leer van tydsbestuur (98%) en slegs 2% het aangedui dat hulle nie hieraan 'n behoefte het nie. Tydsbestuur is 'n baie belangrike faktor in die lewe (Sasson, 2015:2; Van Heerden, 2015:11) en die navorser is van mening dat dit belangrik is dat straatkinders gehelp moet word om hul tyd effektief te bestuur. Dit sal hulle help om negatiewe aktiwiteite soos substansmisbruik en misdaad te vermy. Morulane (2015:15) beskryf effektiewe tydsbestuur as "the ability to organize and plan effectively and involves a set of related common-sense skills that help you to use your time in the most productive way possible". Die navorser is dus van mening dat effektiewe tydsbestuur 'n noodsaaklike vaardigheid is wat straatkinders moet bemeester. Atkinson (2008:195) bevestig dat straatkinders 'n gebrek het aan effektiewe tydsbestuur as vaardigheid.

3.3.2.3.13 Die behoefte aan kennis oor hoe om doelstellings te stel

90% van die deelnemers het genoem dat hulle meer hieroor wil leer, terwyl die ander 10% nie 'n behoefte hieraan het nie. Van Heerden (2015:4) is van mening dat dit belangrik is om sekere aspekte in ag te neem wanneer 'n individu graag 'n doel wil bereik. Dit is belangrik dat straatkinders ook begelei moet word om realistiese doelwitte te stel. Die stel van realistiese doelwitte is belangrik om toekomstige drome te bereik (Hargie, 2006:43).

3.3.2.3.14 Die behoefte aan kommunikasievaardighede

Uit tabel 3.2 blyk dit dat 88% van die deelnemers die behoefte het om hul kommunikasievaardighede te verbeter, terwyl 12% geen behoefte hieraan het nie. Kommunikasie vorm die basis van enige interpersoonlike verhouding (Thompson, 2009:102) en daarom is effektiewe kommunikasievaardighede noodsaaklik (IYF, 2014:8).

3.3.2.3.15 Die behoefte aan stres hanteringsvaardighede

Die meerderheid deelnemers (74%) het 'n behoefte om te leer hoe om stres te hanteer, terwyl 26% van die deelnemers nie so 'n behoefte het nie. Straatkinders kan moontlik stres ervaar as gevolg van hul omstandighede en hul pogings om te oorleef op straat (Van Rooyen & Hartell 2002:191; Bademci *et al.*, 2015:20). Effektiewe stres hantering is noodsaaklik vir enige mens (Thompson, 2009:24-28).

3.3.2.3.16 Die behoeftes aan kennis aangaande interpersoonlike verhoudinge

Tabel 1 toon dat die meerderheid deelnemers (86%) graag wil leer hoe om hul verhoudings met ander reg te hanteer, terwyl 14% nie die behoefte uitgespreek het nie. Dit is belangrik dat straatkinders geleer moet word hoe om positiewe verhoudings met ander te kweek (Heineman & Ehrensaft, 2006:25, Louw & Louw, 2014:454). Interpersoonlike verhoudings is belangrik omdat dit die mens help om sy emosies en sosiale interaksies te reguleer (Van Heerden, 2015:70). Vermaas (2006:73) beskryf interpersoonlike verhoudings as “the most important part of living for humans.” Interpersoonlike verhoudings sal in die program aandag geniet.

3.3.2.3.17 Die behoefte om te cope met verandering

Die meerderheid deelnemers (92%) het aangetoon dat hulle 'n behoefte het aan kennis aangaande verandering en hoe om dit te hanteer. Daarteenoor het die ander 8% van die deelnemers aangedui dat hulle geen behoefte hieraan het nie. Baie van die straatkinders was van 'n jong ouderdom af op straat en hulle sukkel om te cope met die struktuur en dissipline by die TKJS (Bogatsu, persoonlike onderhoud, 25 Junie 2015). Die kinders sukkel verder om aan te pas by 'n lewe anders as dié op straat. Gesonde coping-vaardighede wat aangeleer word, kan die individu help om verskillende gevoelens te hanteer (Tartakocsky, 2015:1). Greenglass en Fiksenbaum (2009:29) is van mening dat positiewe coping belangrik is sodat geleenthede benut kan word.

3.3.2.3.18 Die behoefte aan kennis rakende vertroue

Die meerderheid deelnemers (96%) wil meer leer oor vertroue, terwyl 4% van die deelnemers nie hieraan 'n behoefte het nie. Bademci *et al.* (2015:21) beklemtoon dat kinders wat voorheen aan trauma blootgestel is, later in hul lewe kan sukkel om ander te vertrou.

3.3.2.3.19 Die behoefte aan inligting rondom kinderregte

Die meerderheid deelnemers het aangetoon dat hul meer oor kinderregte wil leer (92%) en net 8% van die deelnemers het nie 'n behoefte hieraan nie. Wexler (2008: 546) noem dat straatkinders dikwels slagoffers is van geweld en menseregteskendings. Die deelnemers het net soos enige ander kind ook kinderregte en daarom is dit belangrik dat hierdie aspek in die program hanteer sal word. Dit is egter belangrik dat die kinders gehelp moet word om te verstaan dat met regte gepaardgaan met verantwoordelikheid (Louw & Louw, 2014:462).

3.3.2.3.20 Die behoefte om hartseer te kan hanteer

Die meerderheid deelnemers (78%) het 'n behoefte daaraan om bewus gemaak te word van hoe om hartseer gevoelens te hanteer. Die ander 22% van die deelnemers het nie 'n behoefte hieraan nie. As gevolg van die moeilike omstandighede waaraan straatkinders op straat blootgestel word, is gevoelens soos hartseer en hulpeloosheid 'n algemene verskynsel (Mukherjee, 2005:3-4).

3.3.2.3.21 Die behoefte om angs te hanteer

76% van die deelnemers het 'n behoefte om te leer hoe om angs te hanteer, terwyl 24% van die deelnemers nie 'n behoefte hieraan het nie. Mukherjee (2005:3-4) en (Bademci *et al.*, 2015:22) het bevind dat straatkinders dikwels angs ervaar, wat toegeskryf kan word aan die fisiese en emosionele mishandeling wat hulle dikwels op straat beleef.

3.3.2.3.22 Die behoefte om woede te hanteer

Die meerderheid deelnemers (76%) het 'n behoefte om te leer hoe om woede te hanteer, terwyl 24% van die deelnemers nie hierdie behoefte geïdentifiseer het nie. Straatkinders kan moontlik woede ervaar as gevolg van vorige blootstelling aan traumatiese gebeurtenisse (Bademci *et al.*, 2015:21).

3.3.2.3.23 Die behoefte om emosies te beheer

Die meerderheid deelnemers (90%) wil graag leer hoe om hul emosies te hanteer, terwyl 10% van die deelnemers glad nie 'n behoefte hieraan het nie. Die literatuur bevestig dat kinders wat voorheen blootgestel is aan trauma en nie liefde en sorg van hul ouers ontvang het nie, moontlik kan sukkel om hul emosies te reguleer (Bademci *et al.*, 2015:21; Louw & Louw, 2014:439).

3.3.2.3.24 Die behoefte aan kennis aangaande toekomsbeplanning

Die meerderheid deelnemers (92%) wil graag leer om te beplan vir die toekoms, terwyl die ander deelnemers (8%) nie 'n behoefte hieraan uitgespreek het nie. Dit is baie belangrik dat kinders hoop vir die toekoms moet hê (Louw & Louw, 2014:444) ten einde te oorleef in die hedendaagse samelewing, waar werkloosheid en armoede groot maatskaplike probleme is wat ervaar word. Baie kinders dink glad nie aan toekomsbeplanning nie en raak swanger as tieners, wat hul toekomsplanne kan beïnvloed (Panday, Makiwane, Ranchod & Letsoale, 2009:26). Vaardighede ten opsigte van toekomsbeplanning is voorts belangrik sodat kinders die nodige kennis en vaardighede kan verkry om hul ontwikkelingstake suksesvol te voltooi, wat 'n positiewe invloed op hul toekoms kan hê. Dit is byvoorbeeld belangrik dat hulle moet beplan om nie as tiener swanger te word nie, want dit kan hul skoolloopbaan beïnvloed en lei tot armoede (Panday *et al.*, 2009:27).

3.4 DATA VERKRY UIT DIE OOP VRAE (SIEN ADDENDUM E)

Die volgende temas het die meeste voorgekom in die straatkinders se antwoorde op hierdie vrae:

3.4.1 Vraag: Dinge waaroor ek meer wil leer; Wat ek graag wil hê, is ...

3.4.1.1 Toekomsbeplanning

Baie deelnemers het drome geïdentifiseer vir hul toekoms. Die volgende verbatim response is onder meer gekry:

“I want to learn about a better future”

“I want to go to school and get a job”

“One day I want to be a policeman”

“I want to learn about all the things, I did not learn at home, to be a character who is important to someone to get many things.”

Dit is 'n positiewe aanduiding dat die kinders drome het vir hul toekoms, aangesien 92% van die deelnemers ook vroeër (by die geslote vrae van die behoeftebepalingsvraelys) aangetoon het dat hul graag meer wil leer oor toekomsbeplanning. Dit is baie belangrik dat kinders selfvertroue moet hê en optimisties moet wees oor hul toekoms (Centre for Confidence and Well-being, 2015; Louw & Louw, 2014:444).

3.4.1.2 Interpersoonlike verhoudings

Uit die response wat verkry is, wil dit voorkom dat die deelnemers 'n groot behoefte het aan positiewe interpersoonlike verhoudings. Die deelnemers het onder andere die volgende verbatim response gegee:

“My relationship with others”.

“To learn to make more friends”.

“I want to learn not to hurt or steals from my friend.”

“My family to be better and loves me, so I can trust them”.

Dit is in ooreenstemming met die 86% deelnemers wat ook voorheen genoem het dat hulle graag wil leer om beter verhoudings met ander te handhaaf. Positiewe interpersoonlike verhoudings is noodsaaklik om sosiale interaksie met ander te bevorder (Heineman & Ehrensaft, 2006:25, Van Heerden, 2015: 70).

3.4.1.3 Gevoelens / Emosies

Die deelnemers het die behoefte geïdentifiseer om uitdrukking aan hulle gevoelens en emosies te gee, deur onder andere te sê:

“I want to be love[d].”

“What to do if I feels like crying.”

“Why am I getting so angry.”

“I want to learn what must I do if other children fights with me and I feel sad.”

90% van die deelnemers het ook genoem dat hulle wil leer om hul emosies beter te hanteer.

Die literatuur dui daarop dat straatkinders moontlik kan sukkel om hul emosies effektief te reguleer (Bademci *et al.*, 2015:21; Louw & Louw, 2014:439).

3.4.1.4 Gesonde leefstyl

Die deelnemers het aangedui dat hulle graag gesond wil wees en meer wil leer oor gesondheid. 'n Paar verbatim response in hierdie verband was:

“I don't want Aids”

“I want to be healthy”

“My mind and body must not be sick”

Dit hou verband met die bevindinge van die behoeftebepalingsvraelys oor die spesifieke vaardighede waarvoor die kinders wil leer, waar 92% aangetoon het dat hulle meer oor gesondheid en 'n gesonde leefstyl wil leer. Dit is belangrik dat straatkinders geleer moet word om 'n gesonde leefstyl te handhaaf (Heineman & Ehrensaft, 2006:24).

3.4.1.5 Besluitneming

Uit die volgende verbatim response blyk dit dat die deelnemers graag beter besluite wil maak:

“I want to learn to decide not to smoke.”

“I must learn what to do when my friend tell me to do bad things.”

“I must not want to go back to the street”.

Louw en Louw (2014:354) is van mening dat dit normaal is vir kinders om soms te sukkel met besluitneming, maar dat dit noodsaaklik is dat hulle hierdie vaardigheid bemeester. Die Ministry of Youth Development (2015:1) beklemtoon ook die noodsaaklikheid van hierdie vaardigheid. Dit is verblydend dat die deelnemers graag beter besluite wil maak, en dat 94% aangedui het dat hulle meer oor hierdie spesifieke vaardigheid wil leer.

3.5 BESPREKING EN INTEGRASIE VAN BEVINDINGE

Die bevindinge het aangetoon dat die meerderheid deelnemers in die adolessente lewensfase is. Dit is belangrik dat bogenoemde in ag geneem moet word wanneer die lewensvaardighedsprogram saamgestel word, aangesien adolessensie 'n besondere fase in menslike ontwikkeling is, wat die oorgang tussen kinderjare en volwassenheid

verteenwoordig (Louw & Louw, 2014:221). Die meeste adolessente sukkel met vaardighede soos die vorming van 'n eie identiteit, selfaanvaarding, effektiewe besluite, interpersoonlike verhoudings; beroepskeuse; konflikthantering en die hantering en aanvaarding van verantwoordelikheid (Behr, Cilliers & Meyer, 1996:84). Straatkinders kan hierdie oorgang na volwassenheid selfs moeiliker ondervind omdat hul geen volwasse ondersteuningsstelsel het nie en hulself meer kan wend tot risikogedrag soos substansmisbruik, geweld, oneerlikheid en misdaad. Die staatkinders het voorts 'n behoefte geïdentifiseer aan al die lewensvaardighede wat aangedui word in tabel 3.2. Die navorser is van mening dat straatkinders 'n ernstige gebrek het aan die basiese lewensvaardighede wat hulle in staat sal stel om effektief in die gemeenskap te funksioneer.

Wanneer die program saamgestel word, is dit ook belangrik om rekening te hou met die agtergrondomstandighede van die straatkinders. Baie van hulle is tuis of op straat mishandel en sommige se ouers is oorlede of misbruik substansie. Daarom is dit belangrik dat die program ook 'n terapeutiese komponent moet insluit, waar die verskillende gevoelens van die straatkinders aandag geniet.

Dit is noodsaaklik dat die lewensvaardighedsprogram so saamgestel moet word dat bogenoemde faktore so sensitief as moontlik hanteer word, met die inagneming van die ontwikkelingsvlak waarin die deelnemers hulself bevind. Dit is verder ook belangrik dat die program op 'n toepaslike intellektuele vlak moet wees aangesien die meeste deelnemers tussen graad 1 en 7 is.

Vanuit die behoeftebepaling en die literatuur kan die volgende lewensvaardighede as die belangrikstes geïdentifiseer word:

3.5.1 Selfkennis, selfvertrou en selfhandhawing

Die behoefte aan hierdie lewensvaardighede het by die oop sowel as geslote vrae na vore gekom (sien Addendum E vir selfgestruktureerde vraelys). Die literatuur bevestig die noodsaaklikheid van hierdie vaardighede, (IYF, 2008; Louw & Louw, 2014; Thoburn *et al.*, 2008 ; Thompson, 2008; Tracy, Tracey & Stein, 2012) en daarom het die navorser besluit dat hierdie vaardighede in die program ingesluit moet word. Daar is besluit om die 3 vaardighede aan mekaar te koppel en saam te hanteer aangesien dit oor die "self" gaan en omdat al 3 hierdie vaardighede op 'n manier interafhanklik van

mekaar is en mekaar beïnvloed. Al 3 hierdie vaardighede is ook noodsaaklik by die ontwikkeling van 'n eie identiteit, wat veral vir straatkinders belangrik is.

3.5.2 Interpersoonlike verhoudings en vertroue

Die behoefte aan interpersoonlike verhoudings is herhaaldelik geïdentifiseer in die behoeftebepalingsvraelys se bevindinge, en so ook die behoefte aan vertroue. Hierdie twee behoeftes gekombineer word, omdat vertroue in enige verhouding noodsaaklik is. Die bevindinge wys ook dat straatkinders weens mishandeling en gebrekkige verhoudings sukkel om mense te vertrou. Die literatuur bevestig die belangrikheid van hierdie vaardighede (Heineman & Ehrensaft, 2006; Louw & Louw, 2014; Van Heerden, 2015; Vermaas, 2006).

3.5.3 Coping en hantering van emosies

Weens die omstandighede waaraan straatkinders blootgestel is of steeds blootgestel kan word, is dit belangrik dat hulle coping-vaardighede aangeleer moet word, veral om hulle in staat te stel om te cope met die verskillende emosies wat hulle ervaar. Die behoefte aan hierdie vaardighede kom sterk na vore in die bevindinge en die noodsaaklikheid daarvan word ondersteun deur die literatuur (Bademci *et al.*, 2015; Greenglass & Fiksenbaum, 2009; Louw & Louw, 2014; Tartakovsky, 2015; Van Heerden, 2015).

3.5.4 Toekomsbeplanning en besluitneming

Die bevindinge het die behoeftes aan toekomsbeplanning en beter besluitneming herhaaldelik aangedui. Daarom sal hierdie twee vaardighede in die program ingesluit word en gekombineer word, aangesien besluitneming ook toekomsbeplanning beïnvloed. Verskillende keuses wat deur straatkinders gemaak kan word, kan hul toekoms beïnvloed. Die literatuur bevestig ook dat toekomsbeplanning en effektiewe besluitneming baie belangrike vaardighede is (Ministry of Youth Development, 2015; Panday *et al.*, 2009; Strydom, 199). Saam met toekomsbeplanning kan verskillende beroepe waarin hulle moontlik belangstel, hanteer word; asook die prosedure om aansoek te doen vir 'n werk. Die navorser is oortuig dat hierdie twee vaardighede die straatkinders kan bemagtig om 'n beter toekoms te hê.

3.5.5 Gesondheid en 'n gesonde leefstyl

Die behoefte aan kennis oor gesondheid en hoe om 'n gesonde leefstyl te handhaaf, is aangedui by die oop sowel as geslote vrae op die behoeftebepalingsvraelys (Addendum E). Hierdie behoefte van straatkinders kan moontlik daaraan toegeskryf word dat hulle nie die nodige opvoeding of inligting hieroor by hul ouers gekry het nie. Die literatuur bevestig dat straatkinders geleer moet word oor gesondheid en 'n gesonde leefstyl (Heineman & Ehrensaft, 2006:24; Van Heerden, 2015:85).

3.5.6 Kommunikasievaardighede

Die behoefte aan effektiewe kommunikasievaardighede is ook herhaaldelik aangedui deur die bevindinge. Straatkinders moet hul behoeftes en verwagtinge effektief kan kommunikeer, omdat effektiewe kommunikasie hul psigososiale funksionering in die samelewing sal bevorder. Die literatuur dui ook aan dat effektiewe kommunikasievaardighede noodsaaklik is en die basis vorm van enige interaksie tussen mense (IYF, 2014:8; Thompson, 2009:102).

3.5.7 Probleemoplossing en konflikthantering

Die behoeftes aan hierdie twee vaardighede was ook opmerklik in die bevindinge. Die deelnemers het veral by die oop vrae genoem dat hulle graag meer wil leer oor probleemoplossing en konflikthantering. Dit is noodsaaklike vaardighede waarmee straatkinders toegerus moet word, soos ook bevestig word die literatuur (IYF, 2014; Little, 2015; Van Heerden 2015; Zastrow, 2010).

3.5.8 Tydsbestuur

Die meeste deelnemers het genoem dat hul graag wil leer hoe om hul tyd beter te bestee. Die behoefte aan effektiewe tydsbestuur het ook by die oop vrae se bevindinge na vore gekom, deurdat baie van die deelnemers genoem het dat hulle hul tyd beter wil bestuur en nie meer by negatiewe aktiwiteite betrokke wil wraak nie. Op grond van hierdie bevindinge en die literatuurkontrole (Atkinson, 2008; Morulane, 2015; Sasson, 2015; Van Heerden, 2015) blyk dit dat tydsbestuur 'n noodsaaklike vaardigheid is wat die straatkinders moet bemeester.

3.5.9 Finansiële bestuur

Die behoefte aan finansiële bestuur het by die oop sowel as geslote vrae ter sprake gekom, en die literatuur bevestig ook dat kennis aangaande finansiële bestuur belangrik is (Atkinson 2008:195; OECD publishing, 2014:16). Dit is belangrik dat straatkinders moet leer hoe om met geld te werk en te begroot, aangesien hulle dalk nooit voorheen daaraan blootgestel was nie.

3.5.10 Substansmisbruik

Die data bevestig dat substansmisbruik 'n belangrike faktor in die straatkindverskynsel is. Baie van die kinders het op straat beland as gevolg van substansmisbruik deur hul ouers. Baie van die straatkinders het ook genoem dat hulle self een of ander substans gebruik en dat portuurdruk hier dikwels 'n rol speel. Gevolglik is dit belangrik dat die straatkinders ingelig moet word rakende die gevare van substansmisbruik.

3.5.11 Vigs-voorkoming

Weens die hoë voorkoms van Vigs in Suid-Afrika behoort Vigs-voorkoming ook in die program ingesluit te word. Vigs-voorkoming kan moontlik by die gesondheidskomponent van die program ingesluit word.

3.5.12 Kinderregte

Straatkinders moet ook inligting ontvang oor kinderregte en die verantwoordelikhede wat daarmee gepaardgaan, sodat hulle kan weet wat is hulle regte en waar hul kan gaan hulp soek indien hul regte geskend word. Vir hierdie doel is 'n terapeutiese hulpmiddel (die lewenskaartetegniek) gebruik as riglyn in die ontwikkeling van die lewensvaardighedsprogram. Hierdie tegniek sal volledig in die volgende hoofstuk bespreek word. Bogenoemde vaardighede is voorts volgens die temas van die lewenskaartetegniek geïntegreer en saamgestel. Sommige van die onderwerpe kon ook moontlik in die program geïntegreer word of selfs by meer as een sessie hanteer word.

3.6 SAMEVATTING

Dit blyk duidelik uit die bevindinge van fase 1 dat die straatkinders by die TKJS kwesbaar is en 'n groot behoefte het aan sekere lewensvaardighede wat hulle kan bemagtig om hul psigososiale funksionering te bevorder en om te cope met die uitdagings van die moderne samelewing. Uit die gegewens was dit ook duidelik dat die

straatkinders se agtergrondsomstandighede nie baie positief is vir die gesonde ontwikkeling van 'n kind nie. Baie van die kinders is blootgestel aan traumatiese ervarings by hul ouerhuise of op straat. Baie van die kinders is ook mishandel of verwaarloos deur hul ouers, en substansmisbruik deur ouers en die kinders self speel ook 'n rol.

Die straatkinders by die TKJS kan beskou word as kinders wat sorg en beskerming benodig en daar moet gepoog word om in hul behoeftes te voorsien. In hierdie studie is daar beoog om dit te doen met behulp van 'n lewensvaardigheidsprogram vir die straatkinders sodat hulle met vaardighede bemagtig kon word, en hul psigososiale funksionering in geheel bevorder kon word. 'n Gepaste lewensvaardigheidsprogram sal ook die TKJS se dienslewering bevorder.

Die bogenoemde vaardighede is in 'n lewensvaardigheidsprogram vir die straatkinders geïnkorporeer om sodoende die straatkinders te bemagtig om te cope met die uitdagings van die lewe en ook om hul psigososiale funksionering te bevorder. Baie van hierdie vaardighede is intrapersonlike en interpersoonlike vaardighede wat die straatkinders sal help om hulle funksionering binne hul sosiale omgewing te vergemaklik. 'n Terapeutiese aspek is egter ook in die lewensvaardigheidsprogram bewerkstellig, deurdat die lewenskaartetegniek as terapeutiese hulpmiddel gebruik is in die ontwikkeling van die lewensvaardigheidsprogram vir die straatkinders. Die lewenskaartetegniek as terapeutiese hulpmiddel sal volledig in die volgende hoofstuk bespreek word.

Die volgende hoofstuk fokus op die benutting van die lewenskaartetegniek as terapeutiese hulpmiddel en die ontwikkeling van die lewensvaardigheidsprogram.

HOOFSTUK 4: DIE VOORGESTELDE LEWENSWAARDIGHEIDSPROGRAM VIR STRAATKINDERS

4.1 INLEIDING

Een van die doelstellings van hierdie studie is die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram vir straatkinders. Die lewenskaartetegniek is gebruik as terapeutiese hulpmiddel om die program saam te stel. In die vorige hoofstuk is daar gelet op die behoeftes van straatkinders in die algemeen asook die behoeftes aan spesifieke lewensvaardighede van die straatkinders by die TKJS. Die program wat ontwikkel is om die straatkinders se behoeftes aan sodanige lewensvaardighede te akkommodeer, word in hierdie hoofstuk bespreek.

4.2 DIE LEWENSKAARTETEGNIEK

Volgens Mulligan (1998:12) dui lewenskaarte op “tools for self-discovery and guides to various aspects of your life as you experience it”. Met behulp van die lewenskaartetegniek kan die straatkinders bemagtig word (Mayne & Mayne 2002:6) tot selfontdekking deur te fokus op hul verlede, hede en toekoms (Strydom & Herbst, 2007:244). Harbenas (2001:191) bevestig die noodsaaklikheid om op die kliënt se verlede te fokus, sodat die kliënt perspektief kan kry oor wat gebeur het en kan cope met die verandering wat plaasgevind het. Lewenskaarte help die individu om betekenis aan sy lewe te verleen (Herbst & De La Porte, 2006:2).

4.2.1 Die lewenskaartevrae

Die lewenskaartetegniek behels sewe lewensvrae wat die individu moet beantwoord. Dit bied aan die individu die geleentheid vir selfondersoek, en belangrike gebeurtenisse in 'n persoon se lewe word uitgewys. Verder bied dit aan die individu die geleentheid om verbande te trek tussen gebeure van die verlede en maniere waarop dit die toekoms kan beïnvloed. Mulligan (1988:12) formuleer hierdie vrae soos volg:

- Wie is ek?
- Waar kom ek vandaan?

- Waarheen is ek op pad?
- Wat staan in my pad?
- Hoe gaan ek my doel bereik?
- Watter hulp het ek nodig?
- Hoe sal dit wees indien ek my doel bereik?

Vir die doel van hierdie studie sal hierdie sewe lewensvrae egter aangepas word om gebruik te word vir die straatkinders. Na aanleiding van die literatuurstudie en behoeftebepaling is nog twee lewensvrae bygevoeg om dit nog meer toepaslik te maak vir die straatkind se omstandighede, naamlik *Wat het met my gebeur?* en *Wat moet ek doen om op die regte pad te bly?* Die vraag *wat het met my gebeur?* bied aan die straatkinders die geleentheid om te besin oor hoe gebeurtenisse in hul verlede moontlik 'n invloed op hul lewens het, en dit bied hulle ook die geleentheid om die emosies wat hulle ervaar as gevolg van vorige gebeure in hul lewens, te hanteer. Die vraag *wat moet ek doen om op die regte pad te bly?* help die straatkinders om te besef hoe iemand se besluite en gedrag van vandag ook sy toekoms kan beïnvloed; en dit beklemtoon hierdie vraag ook die belangrikheid daarvan om die lewensvaardighede wat aangeleer is, te implementeer in hul daaglikse lewe.

Die lewenskaartetegniek bied die geleentheid vir die straatkinders om hierdie lewensvrae op kreatiewe maniere te beantwoord, soos byvoorbeeld deur middel van skryfwerk, lewensboeke, tekeninge, collages, musiek, foto's of kleibeelde (Strydom & Herbst 2007:245). Hierdie kreatiewe maniere bevorder selfuitdrukking, wat noodsaaklik is by kwesbare groepe soos straatkinders (Smart, 2003:62). Kreatiewe wyses om die lewensvrae te beantwoord is veral nuttig wanneer daar met straatkinders gewerk word, omdat hulle nie noodwendig almal geletterd is nie.

4.2.2 Die waarde van die lewenskaartetegniek in maatskaplike dienslewering

Die lewenskaartetegniek is nuttig in maatskaplikewerk-dienslewering aangesien dit die kliënt help om ondersoek in te stel na sy lewe en om homself en sy omstandighede beter te verstaan (Wethington, 2000:63). Lewenskaarte kan ook die professionele verhouding tussen die maatskaplike werker en die kliënt bevorder,

omdat die maatskaplike werker empaties kan optree wanneer hy die kliënt se situasie beter verstaan.

Herbst (2002:142) beskryf die volgende voordele van die lewenskaartetegniek:

- Dit integreer die hede, verlede en die toekoms van die kliënt.
- Die kliënt kry die geleentheid om in beheer te voel van sy lewe.
- Die kliënt kry perspektief oor sy lewensverhaal en misverstande kan uitgeskakel word.
- Die lewenskaarte wys hoe dinge was, hoe dit tot op hede verander het en watter moontlikhede daar vir die toekoms is.
- Dit bevorder die ontwikkeling van 'n eie identiteit.
- Dit het 'n narratiewe grondslag en is kultuurvriendelik.
- Emosionele hindernisse kan oorkom word.

Die gebruik van lewenskaarte in 'n lewensvaardigheidsprogram het die potensiaal om straatkinders te help om 'n eie identiteit, toekomsvisie en beter selfpersepsie te ontwikkel. Dit is duidelik uit die bevindinge van die behoeftebepaling sowel as die literatuur dat hierdie aspekte belangrik is vir straatkinders en dat dit noodsaaklike vaardighede is wat straatkinders se psigososiale funksionering kan bevorder.

4.3 LEWENSVAARDIGHEDEN EN DIE LEWENSKAARTETEGNIEK

Die temas van die lewenskaartetegniek is geïntegreer met die lewensvaardighede wat hanteer moet word. Dit is gedoen met behulp van die literatuurstudie oor die lewenskaartetegniek, die data van die behoeftebepaling wat in fase 1 van die studie gedoen is asook die opinie van die navorser self. Daar is so ver moontlik gepoog om verbande te trek tussen die lewensvaardighede wat hanteer moet word en die lewenskaarttema. Tabel 4.1 gee 'n uiteensetting van hoe die lewensvaardighede binne die temas van die lewenskaartetegniek gebruik is.

Tabel 4.1 Lewensvaardighede binne die temas van die lewenskaartetegniek

LEWENSKAARTTEMA	LEWENSWAARDIGHEDE
1. Wie is ek?	Selfkennis, Selfvertroue en Selfhandhawing
2. Waar kom ek vandaan?	Interpersoonlike verhoudings <ul style="list-style-type: none"> * Verhoudings met self en ander * Vriendskapverhoudings * Vertroue
3. Wat het met my gebeur? (nuwe vraag)	Coping Hantering van gevoelens <ul style="list-style-type: none"> * Hartseer * Woede * Angs
4. Waarheen is ek op pad?	Toekomsbeplanning en besluitneming <ul style="list-style-type: none"> * Hoe beïnvloed my besluite my toekomsplanne * Verskillende loopbane * Geldbestuur
5. Wat moet ek doen om die struikelblokke op my pad te oorkom?	<ul style="list-style-type: none"> * Groepsdruk * Substansmisbruik * Probleemoplossing * Konflikhantering
6. Hoe gaan ek my doel bereik?	Gesondheid en 'n gesonde leefstyl <ul style="list-style-type: none"> * Gesonde liggaam en gees * Substansmisbruik * Vigs-voorkoming
7. Watter hulp het ek nodig?	Kommunikasievaardighede <ul style="list-style-type: none"> * Effektiewe interaksie met die samelewing * Hoe om hulpbronne in die gemeenskap te gebruik * Kinderregte * Tydsbestuur

8. Hoe sal dit wees indien ek my doel bereik?

Positiewe funksionering

- * **Hoop vir toekoms**
- * **Veerkrachtigheid**

9. Wat moet ek doen om op die regte pad te bly? (nuwe vraag)

Toepassing van vaardighede

- * Implementering van al die lewensvaardighede in daaglikse lewe

Die temas en lewensvaardighede wat deur tabel 4.1 uitgebeeld word, is in die program geïntegreer sodat die lewenskaarttema spesifieke lewensvaardighede aanspreek.

4.3.1 Motivering vir die integrering van lewenskaarttemas en die toegepaste lewensvaardighede

4.3.1.1 Lewenskaarttema 1

By die lewenskaarttema 1 moet die vraag *wie is ek?* beantwoord word. Lewensvaardighede soos selfkennis, selfvertroue en selfhandhawing kan onder hierdie tema hanteer word, aangesien die tema fokus op die breër konsep van identiteit en identiteitsvorming. Laasgenoemde is 'n baie belangrike ontwikkelingstaak vir enige individu (Herbst & de la Porte, 2006:24), maar veral ook vir straatkinders, wat dikwels weens verskeie redes identiteitsprobleme ervaar. Die bevindinge van die behoeftebepaling soos bespreek in hoofstuk 3, bevestig die noodsaaklikheid dat die bogenoemde vaardighede aangespreek moet word. Die literatuur beklemtoon ook die belangrikheid van identiteitsvorming en selfkennis (Louw & Louw, 2014: 360; Thompson, 2009:3; Van Heerden, 2015:21).

4.3.1.2 Lewenskaarttema 2

Die vraag hier is, *waar kom ek vandaan?* In die geval van straatkinders is dit veral belangrik om hierdie vraag te beantwoord omdat baie straatkinders dikwels geen kontak meer het met hul families en gemeenskappe nie. Interpersoonlike verhoudings vorm die kernbasis van die mens se interaksie met ander. Daarom is daar besluit om interpersoonlike verhoudings en vertroue onder hierdie lewenskaarttema te hanteer. Dit sal die straatkind perspektief kan gee op faktore wat sy interpersoonlike verhoudings beïnvloed, hom toerus met antwoorde oor sy agtergrond en aanleidende faktore tot sy lewe op straat. Vertroue vorm die basis van

enige verhouding, en die belangrikheid van vertroue in interpersoonlike verhoudings sal ook hier hanteer word. Bevindinge uit die behoeftebepaling sowel as die literatuurstudie beklemtoon die noodsaaklikheid dat hierdie vaardighede aandag moet geniet (Bademci *et al.*, 2015:21; Heineman & Ehrensaft, 2006:25; Van Heerden, 2015:70).

4.3.1.3 Lewenskaarttema 3

Die vraag hier is *wat het met my gebeur?* Hierdie vraag is bygevoeg by die lewenskaarttemas om die geleentheid te skep om ook aandag te gee aan sekere gebeurtenisse wat die straatkinders ervaar het en wat 'n invloed op hulle kon gehad het. Die literatuur bevestig dat straatkinders weerlose slagoffers is van geweld, misdaad en mishandeling en dat hulle as gevolg hiervan verskeie gevoelens ervaar (Bademci *et al.*, 2015:22; Mukherjee, 2005: 3-4; Wexler, 2008:546). Die klem hier is op coping as 'n vaardigheid en om gevoelens soos woede, angs en hartseer te hanteer. Die bevindinge van die behoeftebepaling bevestig dat straatkinders veral sukkel om die bogenoemde gevoelens te hanteer.

4.3.1.4 Lewenskaarttema 4

Die vraag *waarheen is ek op pad?* word hier beantwoord. Toekomsbeplanning en besluitneming kan hier hanteer word om die straatkind in staat te stel om die vraag te beantwoord. Aspekte soos loopbaanbeplanning en hoe om aansoek te doen vir 'n werk, sowel as geldbestuur kan ook onder hierdie tema ingesluit word. Ruimte word ook voorsien vir ander temas wat na vore mag kom. Die bevindinge van die behoeftebepaling het aangetoon dat die straatkinders meer wil leer oor hierdie vaardighede. Die literatuur bevestig verder dat bogenoemde vaardighede belangrik is (Atkinson, 2008:195; Strydom, 1994:82; Van Heerden, 2015:253).

4.3.1.5 Lewenskaarttema 5

Hier word gefokus op die vraag *wat moet ek doen om die struikelblokke op my pad te oorkom?* Dit is belangrik om aan straatkinders uit te wys dat struikelblokke deel van die lewe is en dat hulle toegerus moet wees met die nodige vaardighede om sodanige struikelblokke te identifiseer en te hanteer. Aspekte soos groepsdruk, substansmisbruik, probleemoplossing en konflikthantering sal hier hanteer word aangesien dit ook duidelik is uit die bevindinge van die behoeftebepaling en die

literatuurstudie dat straatkinders hiermee sukkel (Koller, 1999:61; Malindi & Theron, 2010: 319; Van Heerden, 2015: 39-40).

4.3.1.6 Lewenskaarttema 6

Die vraag *hoe gaan ek my doel bereik?* is hier ter sprake. Die tema oor 'n gesonde liggaam en gees kan hier hanteer kan word aangesien die fokus hier val op 'n gesonde leefstyl in die geheel. 'n Gesonde leefstyl behels ook goeie keuses, wat uiteindelik noodsaaklik is vir doelbereiking. Uit die behoeftebepaling het substansgebruik en -misbruik en risiko's wat verband hou met MIV/Vigs veral uitgestaan as aspekte wat 'n gesonde leefstyl mag beïnvloed. Hierdie temas is dus ook saamgestel volgens die bevindinge van die behoeftebepaling sowel as die literatuurstudie (Heneman & Ehrensaft, 2006:24; Louw & Louw, 2014:426).

4.3.1.7 Lewenskaarttema 7

Die vraag by hierdie tema is *watter hulp het ek nodig?* Die straatkind moet kan insien watter hulp hy nodig het om sy doelstellings en drome te bereik. Omdat kommunikasievaardighede so belangrik is en kommunikasie die mens se interaksie met ander rig, kan hierdie vaardigheid ook onder hierdie tema hanteer word. Effektiewe kommunikasievaardighede kan verder die straatkind se interpersoonlike verhoudings bevorder aangesien dit die basis vorm van interaksie tussen mense. Dit kan daartoe bydra dat die straatkind beter binne sy gemeenskap funksioneer en sy behoeftes meer effektief kan kommunikeer. Hierdie lewenskaarttema kan verder die straatkind blootstelling gee aan beskikbare hulpbronne in die gemeenskap en hoe hierdie hulpbronne benut kan word om doelwitte te bereik. Aspekte soos kinderregte en -verantwoordelikhede en gesonde deelname in die samelewing sal bespreek word. Goeie tydsbestuur as vaardigheid sal ook hier hanteer word aangesien die straatkind moet leer om sy tyd produktief aan te wend ten einde sy doelwitte te bereik. Die bevindinge van die behoeftebepaling en die literatuurstudie bevestig die belangrikheid van hierdie temas.

4.3.1.8 Lewenskaarttema 8

Hierdie tema sentreer rondom die vraag *hoe sal dit wees indien ek my droom bereik?* By hierdie tema is dit belangrik dat die straatkind kan insien hoe sy lewe moontlik beter geword het. Positiewe funksioneringsareas sal hier hanteer word,

soos onder andere veerkragtigheid en hoop vir die toekoms. Die literatuur bevestig die belangrikheid van veerkragtigheid en hoop vir die toekoms (Brendtro & Longhurst, 2005:55; Louw & Louw, 2014:444), veral in 'n samelewing waar groot maatskaplike vraagstukke soos werkloosheid en armoede 'n realiteit is.

4.3.1.9 Lewenskaarttema 9

Hierdie tema is gemoeid met die vraag *wat moet ek doen om op die regte pad te bly?* Dit is 'n nuwe vraag wat byvoeg is by die lewenskaarttemas wat vir die straatkind gebruik is, aangesien dit die straatkind kan bemagtig met spesifieke vaardighede om sy toekoms te benader. Dit is belangrik dat die straatkinders moet weet hoe om die foute van die verlede te vermy. Die straatkinders sal aangemoedig word om al die lewensvaardighede wat hul aangeleer het te implementeer in hul daaglikse lewens.

Die lewensvaardighedsprogram sal in die vorm van 'n maatskaplike groepwerkprogram aangebied word aangesien vorige studies hierdie metode in maatskaplike werk as effektief beskryf het in programme waar die lewenskaartetegniek gebruik word. Sodanige voordele sal vervolgens kortliks bespreek word.

4.3.2 Die waarde van die lewenskaartetegniek in 'n maatskaplike groepwerkprogram

Die voordele daaraan verbode om die lewenskaartetegniek met behulp van groepwerk aan te bied (Strydom & Herbst, 2007: 244-248), is onder andere:

- Die individu word bemagtig om beheer oor sy eie lewe te neem.
- Die individu kry die geleentheid om sy verlede, hede en toekoms te integreer.
- Die lewenskaarte verskaf kontinuïteit en dit kan deelnemers help om 'n eie identiteit te ontwikkel.
- Belangrike lewensvaardighede soos onder andere probleemoplossing en besluitnemingsvaardighede kan aangeleer word.
- Die individu kan sekere aanpassings in sy lewe maak omdat daar nie net gefokus word op sy verlede en hede nie, maar ook sy toekoms.
- Lede sal 'n gevoel van behoort-aan ervaar.
- Veerkragtigheid by lede word bevorder.

- Genesing/“Healing” kan plaasvind.
- Lede kan ’n gevoel van “Wholeness” ervaar.
- Dialoog kan plaasvind tussen lede.
- Samewerking tussen lede word bevorder

Die lewenskaartvrae kan op verskeie kreatiewe maniere beantwoord word soos onder andere met behulp van skryfwerk, tekeninge, storievertelling, collages en musiek. Hierdie is dikwels ook programmedia wat in maatskaplike groepwerk gebruik word. Vervolgens ’n kort bespreking oor maatskaplike groepwerk.

4.4 MAATSKAPLIKE GROEPWERK

Toseland en Rivas (2014:11) beskryf maatskaplike groepwerk as ’n “goal-directed activity with small treatment and task groups aimed at meeting the socioemotional needs and accomplishing tasks. This activity directed to individual members of a group and to the group as a whole within a system of service delivery”. Ander definisies beskryf maatskaplike groepwerk as ’n intervensiemetode van maatskaplike werk waar die groeiproses gebruik word om groei, verandering en ontwikkeling by die individuele lede te weeg te bring (Nicholas, Rautenbach & Maistry, 2010:122). Pierson en Thomas (2006:233) is van mening dat maatskaplike groepwerk die geleentheid bied vir die individu om probleemoplossingsvaardighede aan te leer binne die groep.

4.4.1 Voordele van maatskaplike groepwerk

Groepwerk bemagtig die lede omdat ’n gevoel van kohesie en samehorigheid ervaar word, maar ook omdat lede by mekaar kan leer en ondersteuning aan mekaar kan bied. Die voordele van groepwerk kan soos volg opgesom word:

- Die groep het ’n gemeenskaplike doel.
- Die groep kan die straatkinders bemagtig om ’n gevoel van behoort-aan te ervaar.
- Maatskaplike en individuele verandering kan in die groep bewerkstellig word.
- Die groepsdinamika kan die groeplede bemagtig om hul eie sterktes te identifiseer en daarop voort te bou.

- Belangrike vaardighede soos 'n positiewe selfbeeld en probleemoplossingsvaardighede kan in die groep verkry word.
- Onderlinge ondersteuning kan aan mekaar verleen word.
- Coping skills kan aangeleer word.

(Beck, 2004:30; Collins, 2006:233; Corey & Corey, 2002:92-93; Nicholas, Rautenbach & Maistry, 2010:122).

Maatskaplike groepwerk is om die volgende redes as metode gekies vir hierdie lewensvaardigheidsprogram:

- Elke individu het die behoefte om met iemand anders te identifiseer en iewers te behoort, en dit is veral ook 'n groot behoefte by straatkinders.
- Die straatkinders kan onderlinge ondersteuning aan mekaar verleen.
- Die groep bied aan lede die geleentheid om 'n eie identiteit te ontwikkel.
- Die groep bied geleentheid vir groei en veranderinge asook om uit mekaar se foute te leer.
- Maatskaplike groepwerk is koste-effektief en bied die geleentheid dat al die straatkinders op dieselfde tyd bereik kan word.
- Maatskaplike groepwerk bied die ideale geleentheid om ook in die straatkinders se terapeutiese behoeftes te voorsien.
- Net soos in die lewenskaartetegniek bied die groepwerkproses aan lede die geleentheid vir selfuitdrukking.
- Beide die lewenskaartetegniek en maatskaplike groepwerk is daarop gemik om verandering te weeg te bring.
- Maatskaplike groepwerk is gestruktureerd, maar buigsaam.

Straatkinders kan bemagtig word met belangrike lewensvaardighede in 'n maatskaplike groepwerkprogram waar die lewenskaartetegniek benut word.

4.4.2 Soort groep

Vir die doel van hierdie program is 'n behandelingsgeoriënteerde groep beplan. Toseland en Rivas (2014:20) beskryf hierdie tipe groep soos volg: "Six primary purposes for treatment groups are support, education, growth, therapy, socialization

and self-help.” Die program sluit die volgende komponente van behandelingsgeoriënteerde groepe in:

4.4.2.1 Ondersteuning

Groeplede is aangemoedig om as ondersteuningsnetwerk vir mekaar te dien.

4.4.2.2 Opvoeding

Die program was ook opvoedkundig van aard. Die fokus van opvoedkundige groepe is om inligting aan lede oor te dra of om sekere vaardighede by lede te ontwikkel (Toseland & Rivas, 2014:23; Zastrow, 2014:4). Inligting rakende belangrike lewensvaardighede is aan lede oorgedra, en die klem was ook op vaardigheidsontwikkeling by die lede.

4.4.2.3 Groei

Toseland en Rivas (2014:24) verduidelik dat “groups where there are opportunities for members to become aware of, expand and change their thoughts, feelings and behaviours regarding themselves and others”. Die program se fokus op selfontwikkeling en effektiewe psigososiale funksionering het veral persoonlike groei en ontwikkeling ten doel gehad.

4.4.2.4 Terapie

’n Terapeutiese komponent het ook deel van die program uitgemaak, aangesien die straatkinders gehelp is om te cope met verskillende gevoelens, byvoorbeeld na ervaring van enige fisiese of psigiese gebeure (Toseland & Rivas, 2014:24).

4.4.2.5 Sosialisering

Toseland en Rivas (2014:26) beskryf die funksie van hierdie groepe as dat “[s]ocialization groups help members learn social skills and socially accepted behaviour patterns so they can function effectively in the community”. Die primêre doel hier is om lede te help om houdings en gedrag te ontwikkel wat meer sosiaal aanvaarbaar in die gemeenskap is (Zastrow, 2014:7). Die ontwikkeling van vaardighede soos selfbeeldverbetering en beplanning vir die toekoms is nog ’n belangrike fokus (Zastrow, 2014:7). Die program wat saamgestel is vir die straatkinders, het onder andere op die bogenoemde vaardighede gefokus.

4.5 DIE INHOUD VAN DIE LEWENSWAARDIGHEIDSPROGRAM

Die inhoud en verloop van die lewensvaardigheidsprogram sal vervolgens bespreek word deur 'n skematiese uiteensetting van die program. Daarna volg 'n volledige bespreking oor die inhoud van die program. Diagram 5.1 illustreer die verloop van die program.

Diagram 4.1: Verloop van die program



Die lewensvaardigheidsprogram is in die vorm van nege maatskaplike groepwerksessies aangebied. Voordat die lewensvaardigheidsprogram aangebied is, is daar 'n ontmoeting met die straatkinders gereël waartydens hulle georiënteer is rakende die doel van die program en die voortoetsing wat gedoen is. Hulle is ook voorberei op die natoetsing en die na-natoetsing na afloop van die program. In tabel 4.2 word meer detail verskaf rondom die programinhoud.

Tabel 4.2 Die voorgestelde lewensvaardigheidsprogram vir straatkinders

Sessie no. & Lewenskaart-tema	Lewensvaardighede	Programaktiwiteite	Benodighede
Sessie 1. Wie is ek?	Selfkennis, <ul style="list-style-type: none"> – Selfvertroue – Selfhandhawing 	Verwelkoming en ysbreker Tekeninge van lewenskaarte (Selfbeeld- en selfkennisaktiwiteit) Aktiwiteite en groepbesprekings oor selfkennis, selfvertroue en selfhandhawing Evaluering	Bal vir ysbreker Skryfbehoeftes Ou tydskrifte
Sessie 2. Waar kom ek vandaan?	Interpersoonlike verhoudings <ul style="list-style-type: none"> – Verhouding met self en ander – Vriendskapsverhoudings – Vertroue 	Verwelkoming Ysbreker Gedig (Vriendskapverhouding) Tekening van lewenskaarte oor interpersoonlike verhoudings Verhoudingsaktiwiteite Groepsbespreking oor vertroue en verhoudings Evaluering	Gedig oor verhoudings Skryfbehoeftes vir tekening van lewenskaarte Verhoudingskaarte Ou tydskrifte

<p>Sessie 3. Wat het met my gebeur? (nuwe vraag)</p>	<p>Coping</p> <p>Hantering van gevoelens</p> <ul style="list-style-type: none"> - Hartseer - Woede - Angs 	<p>Verwelkoming</p> <p>Ysbreker</p> <p>Tekening van lewenskaarte (Collage)</p> <p>Gevoelensaktiwiteite</p> <p>Groepsbesprekings</p> <p>Evaluering</p>	<p>Tydskrifte, koerante, gom, skêr vir collage</p> <p>Prente van gevoelens</p> <p>Skryfbehoeftes</p>
<p>Sessie 4. Waarheen is ek op pad?</p>	<p>Toekomsbeplanning, Besluitneming en geldbestuur</p>	<p>Verwelkoming</p> <p>Ysbreker</p> <p>Tekeninge van lewenskaarte</p> <p>Toekomsbeplanning en besluitnemingsaktiwiteit</p> <p>Rollespel van verskillende beroepe</p> <p>Speletjie</p> <p>Groepbespreking</p> <p>Evaluering</p>	<p>Bal vir die ysbreker</p> <p>Riglyn vir die rollespel</p> <p>Skryfbehoeftes</p> <p>Ou tydskrifte</p>
<p>Sessie 5. Wat moet ek doen om die struikelblokke op my pad te oorkom?</p>	<p>Groepsdruk</p> <p>Substansmisbruik</p> <p>Probleemoplossing</p> <p>Konflikhantering</p>	<p>Verwelkoming</p> <p>Ysbreker</p> <p>Tekening van lewenskaarte</p> <p>Aktiwiteite oor groepsdruk en substansmisbruik</p> <p>Probleemoplossing en konflikhantering speletjie en bespreking</p> <p>Evaluering</p>	<p>Ballonne</p> <p>Tydskrifte, koerante, gom, skêr vir collage</p> <p>Probleemoplossing speletjie</p> <p>Skryfbehoeftes</p>

<p>Sessie 6. Hoe gaan ek my doel bereik?</p>	<p>Gesonde leefstyl en keuses vir die toekoms</p> <ul style="list-style-type: none"> – Basiese higiëne – Eetgewoontes – Oefening – Substansmisbruik – Vigs-voorkoming 	<p>Verwelkoming</p> <p>Ysbreker</p> <p>Tekening van lewenskaarte</p> <p>Groepsbespreking oor gesondheid en 'n gesonde leefstyl</p> <p>Collage: substansmisbruik</p> <p>Bespreking oor MIV/Vigs</p>	<p>Pamflette oor gesondheid en gesonde leefstyl</p> <p>Collage</p> <p>Ou tydskrifte</p>
<p>Sessie 7. Watter hulp het ek nodig?</p>	<p>Kommunikasievaardighede</p> <p>Tydsbestuur</p>	<p>Verwelkoming</p> <p>Ysbreker</p> <p>Tekening van lewenskaarte</p> <p>Kommunikasie aktiwiteit en bespreking</p> <p>Bespreking oor effektiewe tydbestuur</p> <p>Evaluering</p>	<p>Skryfbehoeftes</p> <p>Ou telefoon vir kommunikasie-aktiwiteit</p>
<p>Sessie 8. Hoe sal dit wees indien ek my doel bereik?</p>	<p>Positiewe funksionering</p> <ul style="list-style-type: none"> – Hoop vir die toekoms – Veerkragtigheid 	<p>Verwelkoming</p> <p>Ysbreker</p> <p>Tekening van lewenskaarte</p> <p>Rollespel</p> <p>Groepsbespreking</p>	<p>Riglyn vir die rollespel</p> <p>Skryfbehoeftes</p>

Sessie 9. Wat moet ek doen om op die regte pad te bly? (nuwe vraag)	Toepassing van vaardighede – Implementering in daaglikse lewe	Verwelkoming Ysbreker Toepassing van vaardighede Tekening van lewenskaarte Samevattende aktiwiteit	Skryfbehoeftes
--	---	--	----------------

4.5.1 Sessie 1: *Wie is ek?* (selfkennis, selfvertroue en selfhandhawing)

4.5.1.1 Doelwitte

- Om groeplede te verwelkom en op hul gemak te laat voel.
- Om aan lede die geleentheid te bied vir selfontdekking wat gepaardgaan met selfkennis, selfvertroue en selfhandhawing.
- Om selfkennis en selfvertroue by lede te bevorder.

4.5.1.2 Programaktiwiteite

- Die groeplede word verwelkom en 'n ysbreker word gedoen om 'n gemaklike atmosfeer te skep
- Lewenskaarttema 1 word hanteer (Aktiwiteit 1)
- Terugvoer oor lewenskaarte
- Aktiwiteit 2: “Ek is spesiaal”
- Aktiwiteit 3: Selfhandhawing
- Groepbespreking oor selfkennis, selfvertroue en selfhandhawing
- Evaluering

4.5.1.3 Inhoud en toepassing van sessie 1

Ysbreker (10 minute)

'n Bal word gebruik om van een kind na die volgende kind te gooi. Die kind met die bal in die hand moet sy naam hardop sê en iets omtrent homself met die groep deel, byvoorbeeld sy gunsteling vrugte, groente, sport of enige iets anders waarvan hy hou.

Aktiwiteit 1: Tekening van lewenskaarttema 1 (werkblad A1)

(20 minute)

Instruksie vir die groep

Werkblad A1: Beeld jou liggaamsfiguur uit. Hierdie figuur moet uitbeeld waarvan jy hou of nie hou nie, en ook wat jou sterk punte en swak punte is. Jy kan binne die figuur van jouself woorde neerskryf wat jouself beskryf of jy kan prente uit die tydskrifte gebruik om jouself te beskryf. (Hierdie aktiwiteit is aangepas soos gebruik deur Hanbury (2002:45) as daar met straatkinders gewerk word).

Bespreking (15 minute)

’n Bespreking rakende die lede se terugvoer oor hul lewenskaarte word dan gefasiliteer. Temas soos die belangrikheid van selfkennis en selfvertroue word bespreek. Ruimte word ook gebied vir ander temas wat moontlik na vore kan kom uit die groeplede se terugvoer.

Aktiwiteit 2: Ek is spesiaal (15 minute)

Instruksie vir die groep

Werkblad A2 bevat voorbeelde van hoe elke mens se vingerafdrukke verskil van dié van ander, en dat alle mense se vingerafdrukke uniek is. Dit beteken dat jou vingerafdrukke nie dieselfde lyk as enige iemand anders s’n nie.

Maak jou eie unieke vingerafdrukke in Werkblad A2, en:

- Skryf drie dinge oor jouself neer waarvan jy hou.
- Skryf drie dinge oor jouself neer waarvan jy nie hou nie.
- Jy kan ook prente gebruik as jy nie wil skryf nie.

Daarna word ’n gesprek gefasiliteer oor hoekom elke mens uniek en spesiaal is.

Aktiwiteit 3: Selfhandhawing (15 minute)

Die groeppasiliteerder vra vrae aan die groep rondom selfhandhawing (*sien uitdeelstuk 1*) en ’n bespreking oor selfhandhawing en die belangrikheid daarvan word gefasiliteer.

Samevatting (15 minute)

Die sessie word saamgevat en die belangrikheid van selfkennis, selfvertroue en selfhandhawing word deur groepfasiliteerder beklemtoon. Daarna word groeplede versoek om die sessie te evalueer (*sien uitdeelstuk 2*).

Werkblad: A1

Aktiwiteit 1

Lewenskaarttema 1: Wie is ek?




"You are the hero of your own story." Joseph Campbell

Werkblad A2

Aktiwiteit 2: Ek is spesiaal

Voorbeelde van vingerafdrukke:



Maak jou eie unieke vingerafdruk
in die blokkie hierbo.

Drie (3) dinge in myself waarvan ek hou, is:



1.....
.....
.....

2.....
.....
.....

3.....
.....
.....

Drie (3) dinge in myself waarvan ek nie hou nie, is:




1.....
.....
.....

2.....
.....
.....

3.....
.....
.....

Aktiwiteit 3: Uitdeelstuk 1

Selfhandhawingvraelys



Antwoord ja of nee op die volgende vrae:

(omkring jou antwoord)

1. Ek weet hoe om nee te sê as ek nie iets wil doen nie. (Ja/Nee)
2. As ek iemand se hulp nodig het, dan vra ek dit. (Ja/Nee)
3. Ek doen wat reg is, selfs al weet ek dat my vriende nie daarvan gaan hou nie. (Ja/Nee)
4. As iemand my seer gemaak het, dan sê ek dit vir hulle. (Ja/Nee)
5. As ek iets nie verstaan nie, dan vra ek hulp. (Ja/Nee)
6. Ek kan sê hoe ek voel oor 'n saak al verskil dit van ander se menings. (Ja/Nee)
7. Ek luister na my vriende, maar doen nie altyd wat hulle sê nie. (Ja/Nee)
8. Ek kan op 'n mooi manier vir my vriend sê as ek nie saamstem met alles wat hy doen nie. (Ja/Nee)

Hoe om selfhandhawend te wees:

- Sê duidelik wat jy wil hê.
- Verdedig jou reg om te kry wat jy wil hê of benodig. Sê hoe jy voel en dink.
- Moet nie iets doen as jy voel dit is nie reg nie.
- Respekteer ander mense.

(Hanbury, 2002:79)

Evaluering: Uitdeelstuk 2



EK HET MEER GELEER OOR MYSELF

JA ____ **NEE** ____

WAT EK OOR MYSELF GELEER HET, IS:

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

4.5.2 Sessie 2: Waar kom ek vandaan? (interpersoonlike verhoudings en vertroue)

4.5.2.1 Doelwitte

- Om lede te help om 'n oorsig te kry van hul verlede en die rol wat interpersoonlike verhoudings daarin speel.
- Om lede te help om die belangrikheid van interpersoonlike verhoudings en vertroue te verstaan.
- Om lede te help om verskillende interpersoonlike verhoudings te identifiseer,
- Om lede aan te moedig om gesonde en opbouende interpersoonlike verhoudings te handhaaf.

4.5.2.2 Programaktiwiteite

- Verwelkoming van groeplede
- Voorlees van gedig
- Tekeninge van lewenskaarte oor interpersoonlike verhoudings
- Verhoudingsaktiwiteite oor verskillende interpersoonlike verhoudings
- Groepbesprekings oor vertroue en verhoudings
- Evaluering van die sessie

4.5.2.3 Inhoud en toepassing van sessie 2

Ysbreker (10 minute) (Gedig word aan groep voorgelees; sien Uitdeeltuk 3.)

Aktiwiteit 1: Tekenning van Lewenskaarttema 2 **Werkblad B1**

(20 minute)

Instruksie vir die groep

Die fokus van hierdie sessie is op jou geskiedenis en wie almal 'n rol in jou lewe gespeel het. Maak 'n tekening op Werkblad B1 van jouself en jou verhoudings met almal wat vir jou belangrik was. Dit kan enige een wees, soos jou familie, vriende of enige ander mens. Jy kan dan prente of woorde gebruik om jou verlede en jou verhoudings met hierdie mense te beskryf.

Bespreking (20 minute)

'n Bespreking rakende die lede se terugvoer oor hul lewenskaarte word dan gefasiliteer. Die bespreking kan temas insluit soos hoe die kinders se interpersoonlike verhoudings van die verlede hulle beïnvloed het en steeds hul toekoms kan beïnvloed. Daar kan aandag gegee word aan wat goed en sleg was van hul verhoudings met ander. Die belangrikheid van vertroue in interpersoonlike verhoudings kan ook bespreek word. Voorsiening word gemaak vir ander temas wat moontlik uit die kinders se lewenskaarte mag voorkom.

Aktiwiteit 2: Voorbeelde van verskillende interpersoonlike verhoudings (Uitdeeltuk 4 – 20 minute)

Verskillende interpersoonlike verhoudings word bespreek. Die groeplede word daarna versoek om saam met 'n ander groeplid enige verhouding wat hy met iemand anders het, te bespreek en te besluit of dit 'n goeie of slegte verhouding is. Die groeplede word voorsien van eienskappe van 'n positiewe interpersoonlike verhouding (*Uitdeeltuk 4*).

Vriendskapspeletjie (20 minute)

Groeplede word in kleiner groepies verdeel en gevra om 'n liedjie, dans of gedig saam te stel wat 'n goeie vriendskap uitbeeld.

Daarna vind 'n groepsgesprek plaas. Temas wat verband hou met interpersoonlike verhoudings en vertroue, word bespreek. Lede kan verder gehelp word om positiewe en negatiewe verhoudings in hul lewe te identifiseer. Dit word beklemtoon dat hulle nie hul nie verhoudings van die verlede kan verander nie, maar wel verantwoordelikheid kan neem vir toekomstige verhoudings.

Daarna word lede versoek om die sessie te evalueer (sien uitdeeltuk 5).

Uitdeelstuk 3

Gedig oor vriendskap

Best friends are like stars



**Best friends are like stars on a cloudy night
you may not see them but you know they are always there
through thick or thin their friendship will always shine bright**

**You both can share the times of laughter and the times of sorrow
and those little secrets shared are safe and kept forever
there's never a doubt each of you will be there come tomorrow**

**Even if life's path changes along the way and one moves away
distance and time can never change the bond between best friends
that truly special friendship in each others heart is there to stay**

John Gabriel ©

Werkblad B1

Lewenskaarte Tema 2: *Waar kom ek vandaan?* (my interpersoonlike verhoudings)

“You don’t develop courage by being happy in your relationships every day. You develop it by surviving difficult times and challenging adversity.”
Epicurus

Uitdeelstuk 4: Voorbeelde van verskillende interpersoonlike verhoudings




VRIENDE



PA EN SEUN



MA EN SEUN



ONDERWYSER EN LEERLING



BROER EN SUSTER

Uitdeelstuk 4: Verskillende interpersoonlike verhoudings



MAN EN VROU



SUSTERS

Eienskappe van 'n positiewe interpersoonlike verhouding

- Vertroue
- Liefde
- Respek
- Kommunikasie
- Omgee
- Aanvaarding

Evaluering: Uitdeelstuk 5

In vandag se sessie het ek meer geleer oor my interpersoonlike verhoudings.



JA =

NEE=

Wat ek vandag geleer het, is:

4.5.3 Sessie 3: *Wat het met my gebeur?* (coping, hantering van gevoelens soos hartseer, woede, angs)

4.5.3.1 Doelwitte

- Om geleentheid aan lede te bied om te praat oor gebeure in hul verlede wat moontlik 'n invloed op hul gehad het
- Om geleentheid te bied vir lede om uiting te gee aan gevoelens soos hartseer, woede en angs
- Om lede te help om coping-vaardighede aan te leer
- Om lede aan te moedig om mekaar te ondersteun

4.5.3.2 Programaktiwiteite

- Verwelkoming
- Ysbreker
- Collage/lewenskaartetekening
- Gevoelensaktiwiteite
- Groepbespreking
- Evaluering

4.5.3.3 Inhoud en toepassing van sessie 3

Ysbreker (10 minute)

Die groeplede staan in 'n sirkel. Een groeplid begin met die sin: "iets wat ek van die vorige twee sessies onthou, is ..."

Die volgende groeplid herhaal wat die vorige lid gesê het en begin dan weer met die sin: "iets wat ek van die vorige twee sessies onthou, is ..." en so volg die res van die groeplede totdat almal 'n beurt gehad het. Sodoende kry elke groeplid die geleentheid om iets te identifiseer wat hy van die vorige sessies kan onthou.

Aktiwiteit 1: Lewenskaarttema 3 – Wat het met my gebeur? (werkblad C1)

(40 minute)

Instruksie vir die groep oor tekening van lewenskaart 3

Maak 'n collage om belangrike dinge wat met jou gebeur het uit te beeld. Dit kan dinge wees wat jou goed laat voel het of dinge wat jou baie seer gemaak het. Jy kan tekeninge of prente gebruik.

Gebruik dan ook tekeninge of prente om die volgende vrae in Werkblad C2 te beantwoord:

- Wat maak my hartseer?
- Wat maak my kwaad?
- Wat maak my bang?

4.5.3.4 Bespreking (40 minute)

'n Bespreking rakende die lede se terugvoer oor hul lewenskaarte word gefasiliteer. Temas wat daarmee verband hou, soos coping met verandering en die hantering van emosies word, aangebied. Ruimte word ook gebied vir ander temas wat uit groeplede se lewenskaarte mag voorkom.

Die hantering van gevoelens soos woede, angs en hartseer word ook hanteer (sien uitdeeltuk 6). Groeplede wat hierdie emosies al ervaar het, kan met die groep deel hoe hulle dit hanteer het. Die groeppasiliteerder beklemtoon die noodsaaklikheid van emosies en stel moontlike hanteringsvaardighede aan die groep bekend. Laastens word die groep versoek om die sessie te evalueer (uitdeeltuk 7).

Werkblad C1

Lewenskaarttema 3: Wat het met my gebeur?

“Yesterday is history, tomorrow is a mystery, today is a gift of God, which is why we call it the present.”

Werkblad C2



Wat maak my kwaad?



Wat maak my hartseer?



Wat maak my bang?

Uitdeelstuk 7: Evaluering



In hierdie sessie het ek geleer van:

Wat ek sal verander, is:

4.5.4 Sessie 4: Waarheen is ek op pad? (toekomsbeplanning, besluitneming en geldbestuur)

4.5.4.1 Doelwitte

- Om lede te help om 'n visie vir die toekoms te formuleer
- om die belangrikheid van effektiewe besluitneming en die verwantskap met toekomsbeplanning aan lede te verduidelik
- om lede te help om te onderskei tussen verskillende beroepe
- om die basiese beginsels van geldbestuur aan lede te verduidelik

4.5.4.2 Programaktiwiteite

- Verwelkoming
- Ysbreker
- Tekening van lewenskaart 4
- Besluitnemingsaktiwiteit
- Rollespel van verskillende beroepe
- Speletjie en bespreking oor basiese beginsels van geldbestuur
- Evaluering

4.5.4.3 Inhoud en toepassing van sessie 4

Ysbreker (10 minute)

Groeplede staan in 'n sirkel. Die groeppasiteerder gooi 'n bal in die lug en die groeplid wat die bal vang moet sê wat hy graag eendag wil word. Die proses word herhaal totdat elke groeplid 'n beurt gekry het.

Aktiwiteit 1: Tekening van lewenskaarttema 4: *Waarheen is ek op pad?* (werkblad D1 – 30 minute)

Instruksie vir die groep oor tekening van lewenskaart 4

Maak 'n tekening van hoe jy jou toekoms sien of graag wil hê. Jy kan ook prente gebruik om jou drome vir die toekoms uit te beeld.

Bespreking

'n Bespreking oor groeplede se lewenskaarte word gefasiliteer. Moontlike temas wat daaruit kan spruit, soos toekomsbeplanning en besluitneming, word bespreek. Ruimte word ook gebied vir ander moontlike temas wat na vore mag kom uit die groeplede se terugvoer.

Aktiwiteit 2: Toekoms beplanning en besluitneming (uitdeelstuk 8 – 20 minute)


Groeplede word in kleiner groepies verdeel, en elke groep kry dan 5 besluite wat moontlik hul toekoms positief kan beïnvloed en 5 besluite wat hul toekoms moontlik negatief kan beïnvloed. Die groeplede bespreek dit in kleiner groepies en daarna volg 'n bespreking hieroor in die groot groep. Hierdie aktiwiteit bied aan die groeplede die geleentheid om te dink hoe besluitneming 'n mens se toekoms kan beïnvloed.

Aktiwiteit 3: Verskillende loopbane (uitdeelstuk 9 – 15 minute)

Die groeplede kry elkeen 'n beurt om 'n prentjie uit 'n hoed te trek wat 'n beroep of ambag uitbeeld. Die groeplid moet dan deur middel van mimiek die betrokke beroep of ambag vir die res van die groep probeer uitbeeld. Groeplede moet dan raai watter beroep of ambag dit is.

Aktiwiteit 4: Hoe om geld te bestuur (winkel-winkelspeletjie – 15 minute)

- 'n Winkel word geskep met leë kruidenierswarehouers. Elke groeplid ontvang 'n bedrag geld (byvoorbeeld "Monopoly"-geld) wat hulle kan gebruik om aankope te maak. Dit is hulle sakgeld.
- Die groeplede ontvang die opdrag om kruideniersware te gaan koop. Hulle moet ook 'n verjaarsdaggeskenk met hierdie geld koop. Later die maand gaan Thakaneng op 'n uitstappie na Gold Reef City neem, en hulle moet ook beplan om self daarvoor te betaal.
- Een van die groeplede speel die winkelassistent en hy het die opdrag om die groeplede te oortuig om al hul geld te bestee deur onnodige artikels in die winkel aan te koop.

- 
- Die groeplede moet daarom ook van selfhandhawende gedrag gebruik maak deur nee dankie te sê, ten einde genoeg geld oor te hou vir die ekstra uitgawes wat hulle het.
 - Die aankope word dan bespreek en daar word gefokus op noodsaaklike items. Die groeplede kry die geleentheid om bekend te maak wat hulle alles gekoop het en of hulle nog geld oor het vir die uitstappie en die verjaarsdaggeskenk wat hulle nog moet aankoop.
 - Die lede wat niks oor het nie, kan eenvoudig nie die geskenk koop of saam op die uitstappie gaan nie.

Hierdie oefening leer die leerders wat 'n begroting is en hoe om dit te bestuur. Daarna word oordeelkundige geldbesteding bespreek.

(Hierdie speletjie is aangepas soos gebruik deur Van Heerden, 2001:209).

Groeplede word daarna versoek om die sessie te evalueer (uitdeelstuk 10).



Werkblad D1:

Lewenskaarttema 4: Waarheen is ek op pad?

*“Dreams are extremely important; you can’t do it unless you imagine it.”- **George Lucas***



Uitdeelstuk 8: Besluite wat my toekoms kan beïnvloed

5 Positiewe besluite

- * Die besluit om my skoolloopbaan te voltooi
- * Die besluit om eendag 'n goeie werk te hê
- * Die besluit om hard te werk vir dit wat ek wil hê
- * Die besluit om gelukkig te wees met dit wat ek het
- * Die besluit om 'n gesonde leefstyl te handhaaf

5 Negatiewe besluite

- * Die besluit om terug te gaan straat toe
- * Die besluit om substansie soos alkohol, dagga, gom en sigarette te gebruik
- * Die besluit om nie my medemens te respekteer nie
- * Die besluit om by misdaad betrokke te raak
- * Die besluit om nie aan my toekoms te dink nie




Uitdeelstuk 9: Voorbeelde van verschillende beroepe





Uitdeelstuk 10: Evaluering

Vandag het ek geleer oor ...



4.5.5 Sessie 5: *Wat moet ek doen om die struikelblokke in my pad te oorkom?* (groepsdruk, substansmisbruik, probleemoplossing en konflikthantering)

4.5.5.1 Doelwitte

- Om lede bewus te maak van struikelblokke wat op hul pad kan kom
- Om lede te help om groepsdruk te identifiseer en te hanteer
- Om lede bewus te maak van maniere om nie te sê vir substansmisbruik
- Om lede toe te rus met probleemoplossings- en konflikthanteringsvaardighede

4.5.5.2 Programaktiwiteite

- Verwelkoming
- Ysbreker
- Tekening van lewenskaarte en bespreking
- Aktiwiteit en bespreking oor portuurdruk en substansmisbruik
- Probleemoplossings- en konflikthanteringspeletjie
- Bespreking oor probleemoplossing en konflikthantering
- Evaluering

4.5.5.3 Inhoud en toepassing van sessie 5

Ysbreker (10 minute)

Elke groeplid kry 'n ballon wat hulle moet opblaas. Die ballon verteenwoordig 'n struikelblok – iets wat in hulle pad staan om hul drome te bereik. Elke groeplid kry dan die geleentheid om aan die res van die groep te wys hoe hy hierdie struikelblik gaan hanteer, deur byvoorbeeld die ballon stukkend te trap of enige ander kreatiewe manier wat hulle wil gebruik.

Aktiwiteit 1: Tekening van lewenskaarttema 5 (werkblad E1 – 30 minute)

Instruksie vir die groep oor tekening van lewenskaart 5

Gebruik tekeninge, prente of woorde om te beskryf watter struikelblokke moontlik op jou pad kan kom. Dit is dinge wat nie goed is vir jou toekomsplanne of drome nie.

Hierna volg 'n bespreking van moontlike struikelblokke wat op hul pad mag kom en temas soos groepsdruk, konflik, probleemoplossing en substansmisbruik word ingesluit. Ruimte word ook gebied vir enige ander tema wat na vore mag kom.

Aktiwiteit 2: Groepsdruk en substansmisbruik (20 minute)

Die groep word voorsien van 'n scenario (uitdeeltuk 11) wat hulle in kleiner groepies moet bespreek. Die opdrag is dat hulle moet bespreek wat hulle in hierdie scenario sal doen en wat die gevolge van hulle besluit sal wees. Daarna gee al die kleingroepies terugvoer en 'n bespreking word gefasiliteer oor portuurdruk en substansmisbruik. Daar word ook wenke aan groeplede gegee oor hoe om portuurdruk te hanteer en nee te sê vir substansie (dwelms) (uitdeeltuk 12).

Aktiwiteit 3: Probleemoplossings- en konflikhanteringspeletjie (20 minute)

Groeplede moet die scenario uitbeeld en demonstreer hoe hulle die situasie gaan hanteer. Probleemoplossing en konflikhantering word daarna bespreek.

Scenario: Verkeersbaan

'n Verkeersbaan word op 'n plakkaat geteken. Die groep word in vier kleiner groepe verdeel en elke groep kry 'n speelgoedmotor. Die groepe ontvang die opdrag om elkeen met hul motors na 'n spesifieke punt te ry, maar hulle moet al die verkeersreëls ignoreer. 'n Ongeluk vind dan plaas waarin al vier die motors betrokke is en al die betrokke partye blameer mekaar oor wie se skuld dit is dat die ongeluk plaasgevind het. (Hierdie scenario is aangepas soos gebruik deur Van Heerden, 2001:214). Die proses van probleemoplossing en konflikhantering word dan aan die hand van die scenario bespreek. Die groeplede word ook voorsien van stappe wat hulle kan help met die proses van probleemoplossing en konflikhantering (uitdeeltuk 13).

Groeplede word dan versoek om uitdeeltuk 14 te voltooi, wat as evaluering van die sessie dien (**10 minute**).



Werkblad E1

Lewenskaarttema 5: Hoe kan ek die struikelblokke op my pad oorkom?

“Everything negative, pressure and challenges is all an opportunity for me to rise”.

Kobe Bryant

Uitdeelstuk 11: Scenario

Portuurdruk en substansmisbruik

Jy is 'n lid van jou skool se sokkerspan. Een Saterdagmiddag speel jou span 'n wedstryd teen 'n ander skool in die dorp. Jou span wen en jou spanmaats besluit om die oorwinning te gaan vier deur in die veld te gaan dagga rook en alkohol te drink. Jy wil nie hierdie substans gebruik nie en sê vir hulle dat jy nie saamgaan nie. Van jou spanmaats sê aan jou dat dit deel is van die spangees en as jy nie saamgaan en doen wat hulle doen nie, dan mag jy nie meer deel wees van die sokkerspan nie. Jy wil baie graag steeds deel wees van die sokkerspan, maar jy wil nie dagga rook nie en jy wil nie alkohol drink nie, want jy weet dit is sleg vir jou. Hoe gaan jy die situasie hanteer?



Uitdeelstuk 12

Wenke om portuurdruk te hanteer:

- Haal diep asem
- Dink oor die situasie waarin jy jousef bevind
- Dink aan die nagevolge van jou aksies
- Stap weg as jy gedwing word om iets te doen wat jou in die moeilikheid gaan laat beland
- Sê ferm nee
- Probeer situasies vermy wat jou kan blootstel aan portuurdruk

Wenke om nee te sê vir dwelms

- Sê ferm nee dankie.
- Gee 'n rede vir jou besluit.
- Stap weg, indien moontlik.
- Vermy situasies waar jy aan dwelms blootgestel kan word.
- Ignoreer die persoon wat vir jou dwelm aanbied.
- As iemand oor dwelms praat, verander die onderwerp.
- Se nee dankie, ek het gedink jy is my vriend.
- Noem hoekom dit sleg is om dwelms te gebruik.
- Stel 'n alternatief voor.
- Bly kalm.
- Hou by jou besluit om nie dwelms te gebruik nie.



Uitdeelstuk 13:

Stap 1: Stop



Die belangrikste stap is om te stop en om kalm oor die probleem/situasie te dink

Stap 2: Identifiseer die probleem



*Vra jouself af wat is die probleem? Wie se probleem is dit? Hoe laat dit my voel?
Hoekom maak dit my kwaad of ongelukkig?*

Stap 3: Dink aan oplossings



Dink aan soveel moontlike oplossings as wat jy kan.


Stap 4: Evalueer al die oplossings

Dink aan die moontlike gevolge van elke oplossing vir die probleem of situasie.

(Van Heerden, 2001:214.)

Uitdeelstuk 14: Evaluering

Die grootste struikelblokke op my pad, is:



Ek gaan dit hanteer deur die volgende te doen:

“Problems are only oppertunities in work clothes”

H.J. Kaise

4.5.6 Sessie 6: *Hoe gaan ek my doel bereik?* (gesonde leefstyl en keuses vir die toekoms)

4.5.6.1 Doelwitte

- Om lede te motiveer om verantwoordelike keuses te maak ten einde 'n gesonde leefstyl en keuses vir die toekoms te handhaaf
- Om aan lede te demonstreer dat 'n gesonde liggaam en gees nodig is om jou drome vir toekoms te bereik
- Om lede terug te verwys na die gevare van substansmisbruik en die implikasies daarvan op gesondheid
- Om bewustheid rakende MIV/Vigs en voorkoming daarvan by lede te bevorder

4.5.6.2 Programaktiwiteite

- Verwelkoming
- Ysbreker
- Tekening van lewenskaarte
- Groepbespreking oor gesondheid en 'n gesonde leefstyl
- Collage oor die gevare van substansmisbruik
- Storievertelling en bespreking oor MIV/Vigs

4.5.6.3 Inhoud en toepassing van sessie 6

Ysbreker (10 minute)

Die groep kry die opdrag om 'n liedjie saam te stel. Die tema van die liedjie is: **“A HEALTHY MIND AND BODY CAN HELP ME REACH MY GOALS BECAUSE ...”**. Die liedjie word dan gesing.

Aktiwiteit 1: Tekening van lewenskaarttema 6: *Hoe gaan ek my doel bereik?* (werkblad F1 – 20 minute)

Instruksies aan groep oor tekening van lewenskaart 6

Gebruik tekeninge of prente om te wys hoe jy jou liggaam en gees gesond gaan hou en hoe dit jou gaan help om jou drome en doel in die lewe te bereik.

Bespreking

Terugvoer oor lede se lewenskaarte en 'n bespreking daarvan vind dan plaas.

Aktiwiteit 2: Hoe kan 'n gesonde liggaam en gees my help om my doelwitte te bereik? (15 minute)

Gesondheid en 'n gesonde leefstyl en die verwantskap met doelbereiking word bespreek. Eienskappe van 'n gesonde leefstyl word bespreek aan die hand van uitdeeltuk 15.

Aktiwiteit 3: die gevare van dwelmmisbruik op gesondheid en doelbereiking (20 minute)

Groeplede word versoek om 'n collage saam te stel om die gevare van substansmisbruik uit te beeld. Daarna vind 'n bespreking plaas oor hoekom substansmisbruik negatief is vir goeie gesondheid en hoe dit doelbereiking kan belemmer.


Aktiwiteit 4: MIV/Vigs (15 minute)

Lede word voorsien van 'n inligtingstuk (uitdeeltuk 16) en belangrike inligting rondom MIV/Vigs word aan hulle oorgedra. Moontlike vrae rondom hierdie onderwerp word beantwoord. Die MIV/Vigs-noodsituasieriglyne vir opvoeders deur die Departement Basiese Onderwys (2000) is gebruik om die inligtingstuk saam te stel. Lede word ook daardeur gemotiveer om 'n gesonde leefstyl te handhaaf.

Aktiwiteit 5 (10 minute)

Lede word versoek om 'n samevattende aktiwiteit oor die temas van die sessie te doen (werkblad F2).

Daarna word die sessie mondelings geëvalueer deurdat lede gevra word of hulle die sessie geniet het asook wat hulle geleer het.




Werkblad F1: Lewenskaarttema 6 – *Hoe gaan ek my doel bereik?*

“A healthy outside starts from the inside.”

Robert Urich

Uitdeelstuk 15: Gesonde liggaam en gees

'n Boom se krag lê in sy wortels, maar dit is belangrik dat hierdie boom sonskyn en water moet kry. As al hierdie dinge beskikbaar is, sal die boom kan groei om mooi vrugte of blare te hê. Dit is dieselfde met die mens se gesondheid omdat daar heelwat aspekte is wat deel uitmaak van algehele gesondheid.



UITDEELSTUK 16: MIV/Vigs

MIV/Vigs



Wat is MIV?

- MIV is 'n baie klein kiem of organisme, wat 'n virus genoem word, waarmee mense geïnfekteer raak.
- Dit kan nie met die blote oog gesien word nie, maar slegs onder 'n mikroskoop.
- Die liggaam se natuurlike vermoë om siekte te bestry, word die immuunstelsel

genoem. Dit is die liggaam se weerstand teen infeksie.

- MIV val die immuunstelsel aan en verminder die liggaam se weerstand teen allerhande soortesiektes, insluitende griep, diarree, longontsteking, tuberkulose en sekere kankers.

Wat is Vigs?

- Vigs is die finale stadium van infeksie met MIV en dit is wat veroorsaak dat die mens sterf.
- Mense met Vigs het gewoonlik verskillende siektes tegelykertyd.

- Dit verskil van persoon tot persoon.

Hoe word MIV versprei?

- MIV is 'n aansteeklike siekte, maar daar is net sekere maniere waarop dit aan ander mense oorgedra kan word.
- Seksuele gemeenskap is die algemeenste manier waarop mense geïnfekteer raak, omdat die virus in sperma en vaginale vloeistof oorleef.
- Babas van moeders met MIV kan ook geïnfekteer raak net voor en gedurende geboorte, of gedurende borsvoeding.

- Die virus kan deur geïnfekteerde bloed versprei word as die bloed byvoorbeeld teen stukkende vel spat, of deur vriende of gesinslede wat lemmetjies, skeermesse of tandeborsels deel.
- Dwelmverslaafdes wat naalde deel kan mekaar infekteer.



Wat versprei NIE die virus NIE

- Jy kan nie met MIV geïnfekteer raak deur 'n huis, lessenaar, stoel, kantoor, kar, taxi, sluitkas, telefoon, koppie, vurk, bord, beker, toilet, handdoek, beddegoed of klere te deel met iemand

wat geïnfekteer is nie.

- Jy kan nie met MIV geïnfekteer raak deur kos, 'n bad of 'n swembad te deel met of hande te skud met iemand wat geïnfekteer is nie.
- As jy iemand met MIV 'n druk of 'n soen op die mond gee, kan jy nie



geïnfekteer raak nie.

- Jy kan nie met MIV geïnfekteer raak deur die byt van 'n muskiet, weeluis, bosluis of vlooi wat iemand gebyt het wat reeds met MIV geïnfekteer is nie.

Wat is die simptome van MIV?

- Die meeste mense met MIV het vir 'n lang tyd geen simptome nie. Hulle lyk en voel net soos jy en ek.


Hoe kan ek voorkom om MIV/Vigs te kry?

- *Beoefen veiliger seks*

Die meerderheid MIV-infeksies vind tydens seks plaas. Om MIV te voorkom, moet veiliger seksuele praktyke beoefen word.

- *Liefde en vertroue*

Mens kry nie MIV as jy bloot net baie kêrels of meisies het nie. Mense wat seks met baie verskillende mense het, het 'n groter kans om MIV te kry, maar MIV tas nie net mense aan wat baie seksmaats het nie. As daar net een van die seksmaats is wat geïnfekteer was en nie kondome gebruik het



nie, kan mense
geïnfekteer raak.

- *Dwelms en alkohol*


Dwelms en alkohol
word ook aan baie
gevalle van MIV
gekoppel. Dronk mense
vergeet dikwels om
kondome te gebruik.

Mans maak dikwels
misbruik van dronk
vrouens om seks te kry,
met of sonder 'n
kondoom. Dieselfde
kan gebeur met mense
wat dwelms gebruik.
Party verslawende
dwelms soos heroïen

word deur middel van 'n
inspuiting geneem.
Baie mense het al MIV
gekry deurdat hulle
spuitnaalde en spuite
met ander deel.

Werkblad F2

Wat ek nodig het om my liggaam en gees gesond te hou, is:



4.5.7 Sessie 7: Watter hulp het ek nodig? (kommunikasievaardighede en effektiewe tydsbestuur)

4.5.7.1 Doelwitte

- Om die belangrikheid van effektiewe kommunikasievaardighede aan lede te verduidelik
- Om die lede te help om die kommunikasieproses te verstaan
- Om lede te bemagtig om effektief te kan kommunikeer in hul gemeenskappe
- Om lede bewus te maak van hul regte en verantwoordelikhede as kinders en om hulpbronne in hul gemeenskappe te identifiseer en te benut
- Om die belangrikheid van effektiewe tydsbestuur aan lede te verduidelik

4.5.7.2 Programaktiwiteite

- Verwelkoming
- Ysbreker
- Tekening van lewenskaarte
- Kommunikasie aktiwiteit
- Bespreking oor kommunikasievaardighede
- Bespreking oor die belangrikheid van effektiewe tydsbestuur

4.5.7.3 Inhoud en toepassing van sessie 7

Ysbreker (20 minute)

Die groep kry die opdrag om 'n "RAP" liedjie saam te stel. Die tema is: **"My rights as a child are ..."** en **"I need your help to fulfill my dreams ..."** Nadat die groep die liedjie gesing het, word die tema van kinderregte bespreek. Saam met regte word ook klem gelê op verantwoordelikhede wat daarmee verband hou.

Aktiwiteit 1: Tekening van lewenskaarttema 7: *Watter hulp het ek nodig?* (werkblad G1 – 30 minute)

Instruksie vir die groep oor tekening van lewenskaart 7

Gebruik woorde, tekeninge of prente om te beskryf watter hulp jy nodig het in jou gemeenskap om jou drome te bereik.

Daarna word die temas uit die lede se lewenskaarte bespreek. Temas soos beskikbare hulpbronne en dienste in die gemeenskap, asook hoe kinderregte daarin pas, kan daarby ingesluit word.

Aktiwiteit 2: Kommunikasiespeletjie (*telefoontjie* – 20 minute)

Die groeplede staan in 'n ry. Die fasiliteerder fluister 'n storie in die eerste groeplid se oor en hy moet dit dan in die volgende persoon se oor fluister. So gaan die proses aan totdat dit by die laaste persoon uitkom. Die laaste persoon moet dan hardop vertel wat die storie is. Die groep moet dan bepaal hoe die storie vergelyk met die oorspronklike weergawe.

'n Bespreking oor die kommunikasieproses, die belangrikheid van kommunikasie en die verskillende kommunikasievorme word dan gefasiliteer aan die hand van uitdeeltukke 17 en 18.


Aktiwiteit 3: Hoe kan kommunikasie my help om die hulp te verkry wat ek nodig het? (20 minute)

'n Bespreking word gefasiliteer oor beskikbare hulpbronne in die gemeenskap en hoe kommunikasievaardighede die lede kan help om hulp te verkry (sien uitdeeltuk 19).

Aktiwiteit 4: Tydbestuur

Lede word gevra wat tydsbestuur is. Daarna word hulle gevra hoeveel ure daar in 'n dag is en wat hulle alles in hierdie tyd moet doen. Die belangrikheid van effektiewe tydbestuur word dan bespreek. Dinge wat tyd kan verspil, word bespreek. Die lede word dan voorsien van wenke om tyd beter te beplan (uitdeeltuk 20).

Laastens word die sessie geëvalueer deurdat die groeplede gevra word of hulle weet watter ondersteuning (hulpbronne) en vaardighede hulle nodig het om hul doel te bereik.




Werkblad G1: Lewenskaarttema 7 – *Watter hulp het ek nodig?*

“Nobody can do everything, but everyone can do something”

Author Unknown

Uitdeelstuk 17: Die kommunikasieproses

Kommunikasie is 'n baie belangrike lewensvaardigheid. Die mens kommunikeer vandat hy gebore word.




SENDER= Persoon wat boodskap oordra

ONTVANGER= Persoon wat die boodskap moet ontvang

Dit is baie belangrik om op so 'n wyse te kommunikeer dat ander ons kan verstaan.

Uitdeelstuk 18: Verskillende maniere om te kommunikeer



Uitdeeltstuk 19: Hoe kan kommunikasievaardighede my help om die hulp te verkry wat ek nodig het?

Die doel is hier om hulpbronne in die gemeenskap te identifiseer en te benut.

Voorbeelde van hulpbronne in die gemeenskap is:



Ek moet my behoeftes goed kan kommunikeer aan die personeel van Thakaneng.



Kommunikasievaardighede kan my help om mediese sorg te kry indien ek dit benodig.




Ek benodig goeie kommunikasievaardighede om goed in my gemeenskap met ander mense oor die weg te kom.



Om toegang tot al hierdie hulpbronne en dienste in my gemeenskap te kry, moet ek kan kommunikeer.

Uitdeelstuk 20: Wenke vir tydsbestuur



1. Bepaal wat jy alles moet doen



2. Doen die belangrike take eerste

simply ask for H E L P



3. Vra vir hulp as jy sukkel met 'n taak



4. Moenie uitstel nie



5. Sê nee vir dinge wat jou tyd sal mors (Van Heerden, 2015:15-23).

4.5.8 Sessie 8: Hoe sal dit wees indien ek my droom bereik? (positiewe funksionering)

4.5.8.1 Doelwitte:

- Om groeplede te help om hul toekoms te visualiseer
- Om veerkragtigheid by lede te bevorder
- Om lede te help om hoopvol oor die toekoms te wees

4.5.8.2 Programaktiwiteite

- Ysbreker
- Verwelkoming
- Tekening van lewenskaarte
- Rollespel
- Groepsbespreking

4.5.8.3 Inhoud en toepassing van sessie 8

Ysbreker (10 minute)

Refleksiesirkel: Groeplede sit in 'n sirkel en elkeen kry dan 'n beurt om te sê wat hulle tot dusver geniet het omtrent die program.

Aktiwiteit 1: Tekening van lewenskaarttema 8: *Hoe gaan dit wees indien ek my droom bereik?* (werkblad H1 – 30 minute)

Instruksie vir die groep oor tekening van lewenskaart 8

Gebruik tekeninge, prente of woorde om te wys hoe jou lewe sal lyk as jy jou drome vir die toekoms bereik het.

Daarna kry lede geleentheid om terugvoer te gee oor hul lewenskaarte; en temas wat daaruit kom, word bespreek. Positiewe funksioneringsareas soos veerkragtigheid en hoop vir die toekoms word ook bespreek.


Aktiwiteit 2: Hoe die sterktes in my lewe my kan help om my drome te bereik (30 minute)

'n Voormalige straatkind, wat intussen 'n volwassene geword het en 'n sukses van sy lewe gemaak het, spreek die straatkinders toe oor hoe om die sterktes in jou lewe te gebruik om jou drome te bereik.

Aktiwiteit 3: 'n Brief aan myself (20 minute)

Die groeplede word gevra om 'n brief aan hulself te skryf waar hulle identifiseer wat die sterktes in hulle lewens is en hoe hulle hierdie sterktes gaan gebruik om hul drome te bereik (werkblad H2).

Daarna word lede versoek om die sessie te evalueer (uitdeeltuk 21).



Werkblad H1: Lewenskaarttema 8 – *Hoe sal dit wees indien ek my droom bereik?*

“Everything you can imagine is real”

Pablo Picasso

Werkblad H2: 'n Brief aan myself

DATUM: _____

AAN: _____

DIE STERKTES IN MY LEWE IS: _____

HOE EK DIE STERKTES IN MY LEWE GAAN
AANWEND OM MY DROME TE BEREIK IS: _____

HANDTEKENING _____

Uitdeelstuk 21: Evaluering

Hierdie sessie het my meer hoop vir die toekoms gegee ja/nee



JA



NEE



Ek het geleer dat:

4.5.9 Sessie 9: Wat moet ek doen om op die regte pad te bly? (toepassing van vaardighede)_

4.5.9.1 Doelwitte:

- Om lede te help om verantwoordelikheid te neem om nie weer op straat te beland nie
- Om 'n samevattende gesprek te fasiliteer oor al die lewensvaardighede wat hanteer is
- Om lede te motiveer om die lewensvaardighede wat aangeleer is in hul lewens te implementeer

4.5.9.2 Programaktiwiteite

- Verwelkoming
- Ysbreker (Samevattende aktiwiteit)
- Toepassing van al die lewensvaardighede wat hanteer is
- Tekening van lewenskaarte

4.5.9.3 Inhoud en toepassing van sessie 9

Ysbreker (samevattende aktiwiteit – 30 minute)

Al die lewensvaardighede wat in die program hanteer is, word in 'n hoed gegooi. Elke groeplid kry 'n beurt om een vaardigheid te trek en dit aan die res van die groep te demonstreer of te verduidelik, terwyl die res van die groep moet raai watter vaardigheid dit is. Daarna gee die groeppasiliteerder 'n opsomming en samevatting van die lewensvaardighede en alles wat tydens die groepwerkreeks bespreek is.

Aktiwiteit 1: Foute van my verlede (20 minute)

Lede word gevra om te dink oor foute wat hulle in die verlede gemaak het. Lede gee dan terugvoer daarvoor as hulle sou wou. Die groeppasiliteerder beklemtoon dat foute deel van die lewe is, maar dat dit belangrik is om nie weer dieselfde foute te begaan nie. Die gesprek word verder gefasiliteer rondom die tema van foute asook wat 'n mens kan doen om nie jou foute te herhaal nie – dit wil sê, wat om te doen om op die regte pad te bly.

Aktiwiteit 2: Tekening van lewenskaarte tema 9: *Wat moet ek doen om op die regte pad te bly?* (werkblad I1 – 30 minute)

Instruksie vir die groep oor tekening van lewenskaart 9

Gebruik tekeninge, prente of woorde om te wys wat belangrik is vir jou om te doen om op die regte pad te bly.

’n Bespreking word dan gefasiliteer oor lede se terugvoer rakende hul lewenskaarte en temas wat daarmee verband hou.

Aktiwiteit 3: *Wat vat ek saam op my pad?* (werkblad I2 – 10 minute)

Lede word voorsien van ’n lys met al die lewensvaardighede wat hanteer is. Daarna moet hulle aandui watter van die lewensvaardighede hulle uit die program gaan saamneem en hoe hulle beplan om dit in hul lewens te gaan toepas (werkblad I2).



Werkblad I1: Wat moet ek doen om op die regte pad te bly?

“The time is always right to do what is right.”

Martin Luther King Jr.

Werkblad I2

Watter van die lewensvaardighede gaan jy in hierdie tas pak en saam met jou vat?



HOOFSTUK 5: DIE IMPLEMENTERING EN EVALUERING VAN DIE LEWENSWAARDIGHEIDSPROGRAM

5.1 INLEIDING

Hierdie studie is in drie fases gedoen. In fase 1 is 'n behoeftebepaling gedoen om die straatkinders se behoeftes aan spesifieke lewensvaardighede te bepaal (sien hoofstuk 3 vir die bevindinge daarvan). Fase 2 se doel was om, op grond van die behoeftebepaling, 'n lewensvaardigheidsprogram vir die straatkinders te ontwikkel. 'n Lewensvaardigheidsprogram wat gebaseer is op die lewenskaartetegniek is na aanleiding hiervan ontwikkel. Fase 3 het gefokus op die implementering en die evaluering van die lewensvaardigheidsprogram. Die saamgestelde lewensvaardigheidsprogram (sien hoofstuk 4, tabel 4.2) is in die vorm van nege maatskaplike groepwerksessies aangebied. In hierdie hoofstuk sal die resultate van fase 3 aangebied, geïnterpreteer en bespreek word.

Die gestandaardiseerde ***Kinderfunksioneringsinventaris – Senior Primêr (CFI-SPRIM)***, soos bespreek in hoofstuk 1, is gebruik om die psigososiale funksionering van straatkinders te bepaal.

Die navorser het ook kwalitatiewe data verkry uit die programaktiwiteite soos verbind met lewenskaarttemas in elke sessie van die lewensvaardigheidsprogram. Die navorser het elke sessie se data bestudeer en die inligting verkry uit die lewenskaarttemas, tematies volgens Tesch se benadering verwerk (Creswell, 2014:198; Poggenpoel, 1998: 334-353). 'n Paar weke na afloop van die program is fokusgroepe gehou met lede van die eksperimentele groepe ten einde mondelingse terugvoer van deelnemers te verkry en 'n evaluering te kan maak (Greeff, 2005: 300-305). Tydens die fokusgroepe het die navorser volgens 'n fokusgroepskedule gewerk en vrae aan deelnemers gevra rakende die lewensvaardigheidsprogram (sien addendum B vir fokusgroepskedule).

5.2 DIE KWANTITATIEWE BEVINDINGE

Die ***Kinderfunksioneringsinventaris – Senior Primêr (CFI-SPRIM)*** wat gebruik is om die psigososiale funksionering van die straatkinders te bepaal, het gefokus op die volgende funksioneringsareas: positiewe funksioneringsareas; selfpersepsie; traumadinamika; interpersoonlike verhoudings; dwelm- en alkoholgebruik en

toekomspektief. Tabel 5.1 bied 'n opsomming van elke primêre funksioneringsarea, sowel as die subskale van hierdie afdeling en die beskrywing daarvan.

Tabel 5.1: Beskrywing van tellings van die *Kinderfunksioneringsinventaris* – Senior Primêr (CFI-SPRIM) se funksioneringsareas

Afdeling	Subskale	Optimale Funksionering	Waarskuwings-area	Tellings meer/minder as optimale funksionering
Positiewe Funksionering	Deursettings-vermoë Groepsdruk	'n Telling van 65% en hoër is in die aanbevole area.	Telling wat wissel tussen 60% en 64% dui 'n waarskuwing aan en dat aandag aan hierdie konstruk gegee moet word.	'n Telling van minder as 60% toon 'n behoefte vir verbetering aan.
Selfpersepsie	Selfvertroue Selfkennis Assertiwiteit	'n Telling van 35% en laer is in die aanbevole area.	Telling wat wissel tussen 36% en 40% dui 'n waarskuwing aan dat aandag aan hierdie konstruk gegee moet word.	'n Telling van meer as 40% toon 'n behoefte vir verbetering aan.
Traumadinamika	Woede Hartseer Angs	'n Telling van 35% en laer is in die aanbevole area.	Telling wat wissel tussen 36% en 40% dui 'n waarskuwing aan en dat aandag aan hierdie konstruk gegee moet word.	'n Telling van meer as 40% toon 'n behoefte vir verbetering aan.
Dwelm- en Alkoholmisbruik	Alkoholmisbruik Dwelmmisbruik	'n Telling van 35% en laer is in die aanbevole area.	Telling wat wissel tussen 36% en 40% dui 'n waarskuwing aan en dat aandag aan hierdie konstruk gegee moet word.	'n Telling van meer as 40% toon 'n behoefte vir verbetering aan.
Interpersoonlike Verhoudings	Verhoudings Wantroue (Vertroue)	'n Telling van 65% en hoër is in die aanbevole area	Telling wat wissel tussen 60% en 64% dui 'n waarskuwing aan dat aandag aan hierdie konstruk gegee moet word.	'n Telling van minder as 60% toon 'n behoefte vir verbetering aan.

Toekomsvisie	Toekomspektief	'n Telling van 65% en hoër is in die aanbevole area	Telling wat wissel tussen 60% en 64% dui 'n waarskuwing aan dat aandag aan hierdie konstruk gegee moet word.	'n Telling van minder as 60% toon 'n behoefte vir verbetering aan.
---------------------	----------------	---	--	--

Tabel 5.2: Voorstelling van die verskillende groepe en die kliniese afsnypunt


1: Eksperimentele Groep 1 Voortoets	5: Eksperimentele Groep 2 Slegs Natoets
2: Eksperimentele Groep 1 Natoets	6: Vergelykende Groep 2 Slegs Natoets
3: Vergelykende Groep 1 Voortoets	7: Kliniese Afsnypunt
4: Vergelykende Groep 1 Natoets	

Tabel 5.2 bied die voorstelling van die verskillende groepe en die kliniese afsnypunt in verskillende kleure aan by figure 5.1 tot 5.6.

5.2.1 Positiewe funksionering

Figuur 5.1 dui die deelnemers se positiewe funksionering by die onderskeie subskale aan.

Figuur 5.1: Positiewe Funksionering (Gesonde Leefstyl)



0 - 59%	60% - 64%	65% - 100%
Ondergeaktiveer	Waarskuwingsarea	Optimaal geaktiveer

	Eksperimentele Groep 1	Vergelykende Groep 1	Eksperimentele Groep 2	Vergelykende Groep 2
Deursettingsvermoë	Verbeter van 19% na 69%	Verbeter van 19% na 36%	Ondergeaktiveer, met 'n telling van 50%	Ondergeaktiveer, met 'n telling van 17%
Groepsdruk	Verbeter van 42% na 52%	Versleg van 30% na 26%	Optimaal geaktiveer, met 'n telling van 67%	Ondergeaktiveer, met 'n telling van 23%

5.2.1.1 Deursettingsvermoë

- **Eksperimentele groep 1 (voor- en natoets)**

Die voortoets het aangetoon dat die deelnemers 'n gebrek toon aan doelwitstelling, selfmotivering, 'n begeerte om te groei en te verander en die vermoë om moeilike take suksesvol te voltooi. Nadat die deelnemers die lewensvaardigheidsprogram voltooi het en die natoets gedoen is, het hul deursettingsvermoë verbeter van 19% na 69%. Hierdie verbetering kan moontlik toegeskryf word aan die lewensvaardigheidsprogram wat die deelnemers deurloop het.

- **Vergelykende groep 1 (voor- en natoets)**

Hierdie konstruk het verbeter van 19% na 36%. Dit is egter steeds ondergeaktiveer en die deelnemers toon 'n gebrek aan doelwitstelling, selfmotivering, 'n begeerte om te groei en te verander en die vermoë om moeilike take suksesvol te voltooi.

- **Eksperimentele groep 2 (slegs natoets)**

Eksperimentele groep 2 het slegs die natoets gedoen en hul deursettingsvermoë is ondergeaktiveer, met 'n telling van 50%.

- **Vergelykende groep 2 (slegs natoets)**

Die deelnemers het slegs die natoets voltooi en hul deursettingsvermoë is ondergeaktiveer, met 'n telling van 17%. Die deelnemers toon dus 'n gebrek toon aan doelwitstelling, selfmotivering, 'n begeerte om te groei en te verander en die vermoë om moeilike take suksesvol te voltooi.

5.2.1.2 Groepsdruk

- **Eksperimentele groep 1 (voor- en natoets)**

Die voortoets het daarop gedui dat die deelnemers 'n gebrek toon aan vaardighede om groepsdruk effektief te hanteer. Na die voltooiing van die lewensvaardigheidsprogram het 'n verbetering plaasgevind van 42% na 52%. 'n Behoefte om die hantering van groepsdruk by deelnemers te bevorder, word egter steeds aangedui.

- **Vergelykende groep 1 (voor- en natoets)**

Die deelnemers van vergelykende groep 1 toon 'n gebrek aan vaardighede om groepsdruk te hanteer. Groepsdruk het van 30% (ondergeaktiveer) tot 26% (steeds ondergeaktiveer) verswak. Indien die standaardmetingsfout van 2% in ag geneem word, kan afgelei word dat die deelnemers se groepsdruk wesenlik dieselfde gebly het.

- **Eksperimentele groep 2 (slegs natoets)**

Eksperimentele groep 2 het slegs die natoets gedoen en hul vermoë om groepsdruk te hanteer, is optimaal met 'n telling van 67%. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die lewensvaardigheidsprogram wat hulle deurloop het.


- **Vergelykende groep 2 (slegs natoets)**

Groepsdruk by hierdie deelnemers is ondergeaktiveer, met 'n telling van 23%.

5.2.2 Selfpersepsie

Hierdie funksioneringsarea het die volgende subskale ingesluit: selfvertroue, selfkennis en assertiwiteit.

Figuur 5.2: Selfpersepsie



0% – 35%	36% - 40%	41% - 100%
Optimaal geaktiveer	Waarskuwingsarea	Oorgeaktiveer

	Eksperimentele Groep 1	Vergelykende Groep 1	Eksperimentele Groep 2	Vergelykende Groep 2
Selfvertroue	Verbeter van 73% na 51%.	Verbeter van 81% na 62%	Optimaal geaktiveer, met 'n telling van 33%	Oorgeaktiveer, met 'n telling van 70%.
Selfkennis	Verbeter van 66% na 50%.	Versleg van 62% na 76%.	Oorgeaktiveer, met 'n telling van 43%.	Oorgeaktiveer, met 'n telling van 76%.
Assertiwiteit	Verbeter van 58% na 48%.	Versleg van 70% na 74%. Indien die standaardmetingsfout van 2% in ag geneem word, kan afgelei word dat die deelnemers se assertiwiteit weselik dieselfde gebly het.	Optimaal geaktiveer, met 'n telling van 33%	Oorgeaktiveer, met 'n telling van 77%.

5.2.2.1 Selfvertroue

- Eksperimentele groep 1 (voor- en natoets)**

Die voortoets het aangetoon dat die deelnemers 'n gebrek het aan selfvertroue. Nadat hulle die lewensvaardigheidsprogram voltooi het, het hul selfvertroue verbeter van 73% na 51%. Die verbetering in hul selfbeeld kan moontlik toegeskryf word aan identiteitsontwikkeling wat bevorder is nadat die deelnemers blootgestel is aan 'n program waar hulle meer oor hulself kon leer (Hanbury, 2002:8). Alhoewel daar 'n groot verbetering was, is dit steeds oorgeaktiveer en dit dui aan

dat die deelnemers se selfvertroue nog baie moet verbeter. Die literatuur bevestig dat kwesbare kinders soos straatkinders dikwels 'n swak selfbeeld en 'n gebrek aan selfvertroue het (Harter, 2006:19; Steiger, Allemann, Robins & Fend, 2014). 'n Goeie selfbeeld is noodsaaklik vir enige mens se positiewe funksionering (IYF, 2014:8; Louw & Louw, 2014:360).

- **Vergelykende groep 1 (voor- en natoets)**

Die voortoets het aangetoon dat hierdie deelnemers ook 'n gebrek het aan selfvertroue. Die deelnemers se selfvertroue het met die natoets verbeter van 81% na 62%. Dit is egter steeds oorgeaktiveer en dui daarop dat die deelnemers se selfvertroue nog baie moet verbeter, aangesien dit hul psigososiale funksionering nadelig kan beïnvloed (Van Heerden, 2015:57).

- **Eksperimentele groep 2 (slegs natoets)**

Selfvertroue by die deelnemers van eksperimentele groep 2 is optimaal geaktiveer, met 'n telling van 33% (natoets). Dit kan moontlik toegeskryf word aan die lewensvaardigheidsprogram wat die deelnemers deurloop het.

- **Vergelykende groep 2 (slegs natoets)**

Die deelnemers van hierdie groep het slegs die natoets gedoen.

Selfvertroue is oorgeaktiveer, met 'n telling van 70% (natoets). Die deelnemers toon dus 'n gebrek aan selfvertroue.

5.2.2.2 Selfkennis

- **Eksperimentele groep 1 (voor- en natoets)**

Die voortoets het aangedui dat die deelnemers nie oor voldoende selfkennis beskik nie. Die natoets het daarop gedui dat die deelnemers se selfkennis verbeter het van 66% na 50%. Hierdie telling is egter steeds oorgeaktiveer en die deelnemers se selfkennis kan nog baie verbeter.

- **Vergelykende groep 1 (voor- en natoets)**

Die deelnemers toon 'n gebrek aan selfkennis. Tydens die voortoets was die telling 62% en dit het met die natoets versleg na 76%.

- **Eksperimentele groep 2 (slegs natoets)**

Selfkennis by hierdie respondente is oorgeaktiveer, met 'n telling van 43%. 'n Telling van meer as 40% dui aan dat aandag aan hierdie konstruksie gegee moet word. Die deelnemers toon egter steeds 'n gebrek aan voldoende selfkennis.

- **Vergelykende groep 2 (slegs natoets)**

Die natoets het aangetoon dat hierdie deelnemers 'n gebrek toon aan selfkennis. Selfkennis is oorgeaktiveer, met 'n telling van 76%.

Selfkennis bevorder selfpersepsie en 'n goeie selfbeeld, wat noodsaaklik is vir positiewe funksionering (Thoburn, Chand & Procter, 2008:23, Thompson 2009:3).

5.2.2.3 Assertiwiteit

- **Eksperimentele groep 1 (voor- en natoets)**

Die voortoets het daarop gedui dat die deelnemers 'n gebrek toon aan assertiwiteit. Die natoets het aangetoon dat daar 'n verbetering van 58% na 48% ten opsigte van assertiwiteit plaasgevind het. 'n Telling van meer as 40% toon egter steeds 'n behoefte vir verbetering aan. Thompson (2009: 39) asook Zastrow en Kirst-Ashman (2016:358) beklemtoon die belangrikheid van hierdie vaardigheid vir die positiewe funksionering van mense.

- **Vergelykende groep 1 (voor- en natoets)**

Die deelnemers toon 'n gebrek aan assertiwiteit. Hul assertiwiteit het versleg van 70% (voortoets) na 74% (natoets). Indien die standaardmetingsfout van 2% in ag geneem word, kan afgelei word dat die deelnemers se assertiwiteit wesenlik dieselfde gebly het.

- **Eksperimentele groep 2 (slegs natoets)**

Assertiwiteit is optimaal geaktiveer, met 'n telling van 33% (natoets). Die deelnemers beskik oor die vermoë om assertief op te tree en dit kan moontlik toegeskryf word aan die lewensvaardigheidsprogram wat die deelnemers voltooi het.

- **Vergelykende groep 2 (slegs natoets)**


Die natoets het aangetoon dat hierdie deelnemers 'n gebrek toon aan assertiwiteit aangesien assertiwiteit oorgeaktiveer is, met 'n telling van 77%.

Selfvertroue, selfkennis en assertiwiteit is noodsaaklike vaardighede vir elke mens se positiewe psigososiale funksionering.

5.2.3 Traumadinamika

Die deelnemers se ervaring en belewenisse van woede, hartseer en angs is hier gemeet. Figuur 5.3 gee 'n aanduiding daarvan.

Figuur 5.3: Traumadinamika



0% - 35%	36% - 40%	41% - 100%
Optimaal geaktiveer	Waarskuwingsarea	Oorgeaktiveer

	Eksperimentele Groep 1	Vergelykende Groep 1	Eksperimentele Groep 2	Vergelykende Groep 2
Woede	Verbeter van 100% na 50%.	Bly dieselfde met 'n telling van 100%.	Oorgeaktiveer, met 'n telling van 50%	Oorgeaktiveer, met 'n telling van 71%.
Hartseer	Verbeter van 75% na 13%.	Versleg van 63% na 75%.	In die waarskuwingsarea, met 'n telling van 38%.	Oorgeaktiveer, met 'n telling van 81%.
Angs	Verslag van 62% na 66%. Indien die standaard-metingsfout van 2% in ag geneem word, kan afgelei word dat die deelnemers se angsvlakke wesenlik dieselfde gebly het.	Versleg van 61% na 74%.	Oorgeaktiveer, met 'n telling van 53%.	Oorgeaktiveer, met 'n telling van 76%.

5.2.3.1 Woede

- **Eksperimentele groep 1 (voor- en natoets)**

Die voortoets (100%) het daarop gedui dat die deelnemers woede beleef en sukkel met die hantering van hierdie emosie. Die natoets het daarop gedui dat die hantering van woede van 100% (oorgeaktiveer) na 50% (steeds oorgeaktiveer) verbeter het. Alhoewel daar 'n verbetering plaasgevind het, sukkel die deelnemers steeds met die hantering van hierdie emosie.

- **Vergelykende groep 1 (voor- en natoets)**

Beide die voor- en natoets het daarop gedui dat die deelnemers woede beleef en sukkel met die hantering van hierdie emosie. Die hantering van woede het dieselfde gebly, met 'n telling van 100% vir beide die voor- en natoets.

- **Eksperimentele groep 2 (slegs natoets)**

Hierdie deelnemers beleef ook woede. Die hantering van woede is oorgeaktiveer, met 'n telling van 50%

- **Vergelykende groep 2 (slegs natoets)**

Die natoets het daarop gedui dat die deelnemers woede beleef. Die hantering van woede is oorgeaktiveer, met 'n telling van 71%.

5.2.3.2 Hartseer

- **Eksperimentele groep 1 (voor- en natoets)**

Die bevindinge van die voortoets (75%) het daarop gedui dat die deelnemers hartseer is en verwerping beleef en sukkel met die hantering van hierdie emosie. Die natoets het daarop gedui dat 'n verbetering plaasgevind het van 75% (voortoets) tot 13% (natoets). Hierdie verbetering kan moontlik toegeskryf word aan die lewensvaardighedsprogram waar hierdie deelnemers vaardighede aangeleer het oor hoe om hierdie emosie te hanteer.

- **Vergelykende groep 1 (voor- en natoets)**

Die voor- en natoets het daarop gedui dat die deelnemers hartseer beleef en sukkel om hierdie emosie te hanteer. Hartseer gevoelens en die hantering daarvan het versleg van 63% (voortoets) na 75% (natoets).

- **Eksperimentele groep 2 (slegs natoets)**

Hierdie respondente is in die waarskuwingsarea, met 'n telling van 38%. Dit is belangrik dat hierdie deelnemers gehelp word met vaardighede wat hulle in staat sal stel om hierdie emosie beter te hanteer.

- **Vergelykende groep 2 (slegs natoets)**

Die natoets (81%) het daarop gedui dat die deelnemers hartseer beleef en nie weet hoe om hierdie emosie te hanteer nie

5.2.3.3 Angs

- **Eksperimentele groep 1 (voor- en natoets)**

Die voor en die natoets het daarop gedui dat die deelnemers angstig is en 'n gebrek aan veiligheid in hul omstandighede ervaar. Hul angsvlakke het versleg van 62% (voortoets) na 66% (natoets). Indien die standaardmetingsfout van 2% in ag geneem word, kan afgelei word dat die deelnemers se angsvlakke wesenlik dieselfde gebly het.

- **Vergelykende groep 1 (voor- en natoets)**

Angstigheid by hierdie deelnemers het versleg van 61% (voortoets) na 74% (natoets).

- **Eksperimentele groep 2 (slegs natoets)**

Die natoets het aangetoon dat die deelnemers angstig is en 'n gebrek aan veiligheid ervaar. Angstigheid is oorgeaktiveer, met 'n telling van 53%.

- **Vergelykende groep 2 (slegs natoets)**


Die natoets het aangetoon dat die deelnemers se angstigheid oorgeaktiveer is met 'n telling van 76%.

Dit is normaal vir straatkinders om die bogenoemde emosies te ervaar, dit kan moontlik toegeskryf word aan traumatiese gebeurtenisse in hul lewens (Bademci *et al.*, 2015:21; Louw & Louw, 2014:439).

5.2.4 Dwelm- en alkoholgebruik

Figuur 5.4 toon die tellings aan van deelnemers ten opsigte van dwelm- en alkoholgebruik.

Figuur 5.4: Dwelm- en Alkoholmisbruik



0% - 35%	36% - 40%	41% - 100%
Optimaal geaktiveer	Waarskuwingsarea	Oorgeaktiveer

	Eksperimentele Groep 1	Vergelykende Groep 1	Eksperimentele Groep 2	Vergelykende Groep 2
Alkoholmisbruik	Verbeter van 100% na 0%.	Versleg van 71% na 86%.	Oorgeaktiveer, met 'n telling van 64%.	Oorgeaktiveer, met 'n telling van 93%.
Dwelmmisbruik	Verbeter van 86% na 14%.	Versleg van 64% na 71%.	Oorgeaktiveer, met 'n telling van 50%.	Oorgeaktiveer, met 'n telling van 100%.

5.2.4.1 Alkoholmisbruik

- **Eksperimentele groep 1 (voor- en natoets)**

Die voortoets het aangedui dat die deelnemers se houding teenoor alkoholmisbruik 'n groot risikofaktor is. Alkoholmisbruik het verbeter van 100% na 0%. Dit is moontlik dat die deelnemers, nadat hulle die lewensvaardigheidsprogram voltooi het, nou voornemens het om nie weer alkohol te gebruik nie.

- **Vergelykende groep 1 (voor- en natoets)**

Alkoholmisbruik het by hierdie groep versleg van 71% (voortoets) na 86% (natoets).

- **Eksperimentele groep 2 (slegs natoets)**

Die deelnemers van hierdie groep se alkoholmisbruik is oorgeaktiveer, met 'n telling van 64% (natoets).

- **Vergelykende groep 2 (slegs natoets)**

In die natoets het 93% van die deelnemers se houding teenoor alkoholmisbruik as 'n groot risikofaktor uitgestaan.

5.2.4.2 Dwelmmisbruik

- **Eksperimentele groep 1 (voor- en natoets)**

Die voortoets (86%) het aangetoon dat die deelnemers se dwelmmisbruik 'n risikofaktor is en dat hulle dwelms gebruik om hulself te kalmeer en om hulle te help om die lewe te hanteer. Die natoets het 'n verbetering na 14% aangetoon. Dit

kan moontlik toegeskryf word aan 'n verhoogde insigontwikkeling rakende dwelmmisbruik, nadat die deelnemers die lewensvaardigheidsprogram voltooi het.

- **Vergelykende groep 1 (voor- en natoets)**

Die voor- en natoets het aangetoon dat die deelnemers se dwelmmisbruik 'n probleem is. Die deelnemers se dwelmmisbruik het versleg van 64% (voortoets) na 71% (natoets).

- **Eksperimentele groep 2 (slegs natoets)**

Dwelmmisbruik by hierdie groep is oorgeaktiveer, met 'n telling van 50% (natoets).

- **Vergelykende groep 2 (slegs natoets)**


Die natoets (100%) het aangetoon dat dwelmmisbruik 'n groot probleem by hierdie deelnemers is.

Alkohol- en dwelmmisbruik is 'n algemene probleem onder straatkinderen (Narayan & Suresh, 2013:139). Hulle gebruik dikwels hierdie substansie om van hulle realiteite en moeilike omstandighede te ontsnap (Louw & Louw, 2014:426; Malindi & Theron, 2010:319).

5.2.5 Interpersoonlike verhoudings

Figuur 5.5 gee 'n aanduiding van die deelnemers se interpersoonlike verhoudings en wantroue.

Figuur 5.5: Interpersoonlike Verhoudings



0 - 59%	60% - 64%	65% - 100%
Ondergeaktiveer	Waarskuwingsarea	Optimaal geaktiveer

	Eksperimentele Groep 1	Vergelykende Groep 1	Eksperimentele Groep 2	Vergelykende Groep 2
Verhoudings	Versleg van 23% na 0%.	Versleg van 24% na 3%.	Ondergeaktiveer, met 'n telling van 1%.	Ondergeaktiveer, met 'n telling van 2%.
Wantroue	Bly ondergeaktiveer, met 'n telling van 30%.	Bly ondergeaktiveer, met 'n telling van 15%.	Ondergeaktiveer, met 'n telling van 40%.	Ondergeaktiveer, met 'n telling van 35%.

5.2.5.1 Interpersoonlike verhoudings

- **Eksperimentele groep 1 (voor- en natoets)**

Beide die voor- en natoets het aangetoon dat die deelnemers 'n gebrek beleef aan openheid, liefde, respek en samewerking in hul interpersoonlike verhoudings met ander. Die deelnemers se interpersoonlike verhoudings het versleg van 23% na 0%.

- **Vergelykende groep 1 (voor- en natoets)**

Hierdie deelnemers ervaar ook 'n gebrek aan positiewe interpersoonlike verhoudings. Hul interpersoonlike verhoudings het versleg van 24% (voortoets) na 3% (natoets).

- **Eksperimentele groep 2 (slegs natoets)**

Die natoets het aangetoon dat interpersoonlike verhoudings by die deelnemers ondergeaktiveer is, met 'n telling van 1%.

- **Vergelykende groep 2 (slegs natoets)**

Die natoets het aangetoon dat interpersoonlike verhoudings by die deelnemers ondergeaktiveer is, met 'n telling van 2%.

Positiewe interpersoonlike verhoudings dui op wedersydse respek en aanvaarding tussen individue (Cox & Demmitt, 2014:120). Dit is duidelik uit die bogenoemde bevindinge dat die straatkinders 'n gebrek hieraan ervaar.

5.2.5.2 Wantroue

- **Eksperimentele groep 1 (voor- en natoets)**

Beide die voor- en natoets het aangetoon dat wantroue ondergeaktiveer is, met 'n telling van 30%. Dit is vir die deelnemers moeilik om ander te vertrou.

- **Vergelykende groep 1 (voor- en natoets)**

Beide die voor- en natoets het aangetoon dat wantroue ondergeaktiveer is, met 'n telling van 15%.

- **Eksperimentele groep 2 (slegs natoets)**


Die natoets (40%) het aangetoon dat die deelnemers wantroue ervaar en sukkel om ander te vertrou.

- **Vergelykende groep 2 (slegs natoets)**

Die natoets (35%) het aangetoon dat die deelnemers wantroue ervaar.

Figuur 5.6 gee 'n aanduiding van die deelnemers se toekomsvisie.

Figuur 5.6: Toekomsvisie



0 - 59%	60% - 64%	65% - 100%
Ondergeaktiveer	Waarskuwingsarea	Optimaal geaktiveer

	Eksperimentele Groep 1	Vergelykende Groep 1	Eksperimentele Groep 2	Vergelykende Groep 2
Toekomspektief	Verbeter van 47% na 70%.	Verbeter van 42% na 53%.	Optimaal geaktiveer, met 'n telling van 70%.	Ondergeaktiveer, met 'n telling van 51%.

5.2.6 Toekomspektief

- **Eksperimentele groep 1 (voor- en natoets)**

Die voortoets (47%) het aangetoon dat die deelnemers pessimisties is oor hulle toekoms. Die deelnemers se toekomspektief het verbeter na 70% (natoets).

- **Vergelykende groep 1 (voor- en natoets)**

Die voor- en natoets het aangetoon dat hierdie deelnemers ook pessimisties oor hul toekoms is. 'n Verbetering het egter plaasgevind van 42% (voortoets) na 53% (natoets). Die deelnemers se toekomspektief is egter steeds nie positief nie.

- **Eksperimentele groep 2 (slegs natoets)**

Toekomspektief by hierdie deelnemers is normaal geaktiveer, met 'n telling van 70% (natoets).

- **Vergelykende groep 2 (slegs natoets)**

Die natoets (51%) het aangetoon dat hierdie deelnemers ook pessimisties oor hulle toekoms is.

Dit is belangrik vir jeugdiges om positief oor die toekoms te wees (Centre for Confidence and Well-being, 2015; Louw & Louw, 2014:444).

5.3 BESPREKING VAN DIE KWANTITATIEWE BEVINDINGE

Die doel met die kwantitatiewe data-insamelingsproses was om die psigososiale funksionering van die straatkinders te bepaal.


Ten opsigte van **positiewe funksionering** het 'n verbetering plaasgevind by lede van die eksperimentele groepe se deursettingsvermoë en hul vaardighede om groepsdruk te hanteer. Die vergelykende groepe het 'n groot gebrek aan bogenoemde vaardighede. **Selfpersepsie**, wat selfvertroue, selfkennis en assertiwiteit ingesluit het, het ook verbeter by die eksperimentele groepe, alhoewel die data by beide groepe by sekere konstrunkte steeds 'n behoefte vir verbetering aangetoon het. By **traumadinamika**, wat gefokus het op die hantering van emosies en, spesifiek woede, hartseer en angs, het die bevindinge weereens daarop gedui dat die lede van die eksperimentele groepe beter daartoe in staat is as die vergelykende groepe om bogenoemde emosies te hanteer. Alhoewel verbetering plaasgevind het by sommige van die emosies by lede van die eksperimentele groepe, bly die belewenis van hierdie emosies 'n groot probleem vir beide groepe en hulle sukkel oor die algemeen met die hantering van die emosies. Wat **dwelm-en alkoholmisbruik** betref, het groei plaasgevind veral by lede van eksperimentele groep 1. Dwelm- en alkoholgebruik bly egter steeds 'n groot risikofaktor by al die groepe. Al die deelnemers in al vier groepe toon 'n gebrek aan **positiewe interpersoonlike verhoudings en die vertroue** wat daarmee gepaard gaan. Lede van die eksperimentele groepe het 'n toekomspektief ontwikkel na voltooiing van die lewensvaardigheidsprogram, terwyl die vergelykende groepe steeds 'n gebrek toon aan 'n toekomspektief.

Opsommend kan daar uit die kwantitatiewe bevindinge afgelei word dat die psigososiale funksionering van die lede van die eksperimentele groepe verbeter het in die meeste van die funksioneringsareas na voltooiing van die lewensvaardigheidsprogram, maar dat daar steeds ruimte is vir verbetering.


**5.4 EVALUERING VAN DIE LEWENSWAARDIGHEIDSPROGRAM:
KVALITATIEWE BEVINDINGE VERKRY UIT DEELNEMERS SE
LEWENSKAARTE**

Die kwalitatiewe temas soos verkry uit die deelnemers se lewenskaarte tydens die lewensvaardigheidsprogram, sal vervolgens bespreek word. Tabel 5.3 dui die temas van die lewenskaartetegniek (sien bespreking oor die lewenskaartetegniek in hoofstuk 4) asook die subtemas en voorbeelde soos verkry uit die deelnemers se lewenskaarte aan.

Tabel 5.3: Temas van die lewenskaartetegniek, voorbeelde en subtemas soos verkry uit deelnemers se lewenskaarte

SESSIE EN LEWENSKAARTTEMA	Voorbeeld van 'n deelnemer se lewenskaart en subtemas soos verkry uit die lewenskaarte
Sessie 1. Wie is ek?	 <p>Subtemas:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lae selfbeeld • Gebrek aan selfkennis


2. Waar kom ek vandaan?



Subtemas:

- Swak interpersoonlike verhoudings
- Gebrek aan vertroue

3. Wat het met my gebeur?



Subtemas:

- Stigmatisering en mishandeling
- Gevoelens van woede, angs en hartseer

4. Waarheen is ek op pad?



Subtemas:

- Toekomsbeplanning en besluitneming
- Loopbaanbeplanning
- Gelukkigheid en geestelike tevredenheid

5. Wat moet ek doen om die struikelblokke op my pad te oorkom?



Subtemas:

- Gebrek aan hulpbronne
- Substansmisbruik
- Gebrek aan ouerlike ondersteuning

6. Hoe gaan ek my doel bereik?

Werkblad F1: Lewenskaartitem 6: How am I going to reach my dreams?




Subtema

- Gesonde besluitneming wat toekoms beïnvloed

7. Watter hulp het ek nodig?

Werkblad H1:



Subtemas:

- Thakaneng en ander organisasies
- Kommunikasievaardighede

8. Hoe sal dit wees indien ek my doel bereik?

Werkblad H1:

When I grow up I want
to have a new life with my
family I will have a car and
a house
me and wife




"Everything you can imagine is real"
Pablo Picasso

Subtemas:

- Veerkragtigheid
- Hoop vir die toekoms

9. Wat moet ek doen om op die regte pad te bly?

Werkblad 1.1



1) I want to respect old people who care
for me and to become a good person
2) To be a Soccer player when I finish
School
3) To work as Soldier Submarine
4) no drugs

"The time is always right to do what is right" - Martin Luther King, Jr.

Subtema:

- Toepassing van lewensvaardighede

5.5 BESPREKING VAN DIE TEMAS EN SUBTEMAS SOOS VERKRY UIT DEELNEMERS SE LEWENSKAARTE TYDENS DIE GROEPSESSIES

5.5.1 Sessie 1: Lewenskaarttema 1

Die doel van hierdie tema was om aan die deelnemers die geleentheid te bied vir selfontdekking wat gepaardgaan met selfkennis en selfvertroue en selfhandhawing. Die volgende subtemas is geïdentifiseer:

5.5.1.1. Lae selfbeeld

Response soos *I am a sinner; I am nobody* bevestig dat die meeste van hierdie deelnemers 'n baie lae en swak selfbeeld het. Die literatuur bevestig dat kinders wat 'n gebrek aan 'n positiewe ouer-kindverhouding het, ook 'n swak selfbeeld en 'n gebrek aan selfvertroue kan hê (Harter, 2006:519; Scroufe, 2002:187). Dit is belangrik dat kinders 'n positiewe selfbeeld ontwikkel, aangesien 'n swak selfbeeld langtermynimplikasies vir die persoon kan hê, soos byvoorbeeld 'n geneigdheid tot antisosiale gedrag asook fisiese en geestelike probleme (Steiger, Allemand, Robins & Fend, 2014). 'n Goeie selfbeeld en selfvertroue is noodsaaklik vir 'n mens om positief te funksioneer.

5.5.1.2 Gebrek aan selfkennis

'n Gebrek aan selfkennis het sterk na vore gekom uit die deelnemers se response. Een voorbeeld van so 'n respons is *I don't know me*. Die literatuur bevestig dat daar 'n noue verband is tussen selfkennis en selfvertroue. 'n Ander deelnemer het gesê: *I don't know what is good about me*. Selfkennis bevorder selfvertroue (Thoburn, Chand & Procter, 2008:23, Thompson 2009:3).

Hierdie subtemas soos verkry uit die deelnemers se lewenskaarte, bevestig die noodsaaklikheid dat hierdie vaardighede in die lewensvaardigheidsprogram ingesluit moet word.

5.5.1.3 Evaluering van die sessie

Die deelnemers was opgewonde oor die program en kommunikasie was positief. Hulle het aanvanklik gesukkel om aan te dui waarvan hulle hou of nie hou nie. Dit wou voorkom asof die deelnemers 'n gebrek aan selfkennis ervaar, aangesien dit vir hulle moeilik was om hulself te beskryf en oor hulself te praat. Die aktiwiteite wat in hierdie sessie gedoen was, het die deelnemers gehelp om oor hulself te dink en meer oor hulself te leer.

Die doelwitte van hierdie sessie soos bespreek in hoofstuk 4, is bereik. Die evalueringsaktiwiteit (uitdeelstuk 2) van hierdie sessie toon ook aan dat die deelnemers meer oor hulself geleer het.

5.5.2 Sessie 2: Lewenskaarttema 2 – Waar kom ek vandaan?

Hierdie tema het aan die lede 'n geleentheid gegee om hul geskiedenis/agtergrond en veral hul interpersoonlike verhoudings te beskryf.

5.5.2.1. Subtemas: Swak interpersoonlike verhoudings en 'n gebrek aan vertroue

Die lewenskaarte en gesprekke daaruit toon aan dat die deelnemers swak interpersoonlike verhoudings het en dat hul vertroue dikwels gebrek is deur mense naby aan hulle, byvoorbeeld hulle ouers of ander naby familie. Response soos *I don't trust my family*; *Someone hates me like Franco does*, en *My relationship with God is the only thing that keeps me going*, was 'n aanduiding dat die deelnemers 'n gebrek aan positiewe interpersoonlike verhoudings en vertroue ervaar. Twee groeplede het egter beskryf dat hulle positiewe interpersoonlike verhoudings met die personeellede van Thakaneng ervaar.

Die belangrikheid van interpersoonlike verhoudings en vertroue is bespreek en die deelnemers is verder gehelp om positiewe en negatiewe verhoudings in hul lewe te identifiseer. Die deelnemers is aangemoedig om verantwoordelikheid te aanvaar om positiewe interpersoonlike verhoudings te handhaaf. Dit is beklemtoon dat hul nie hul nie verhoudings van die verlede kan verander nie, maar wel verantwoordelikheid kan neem vir toekomstige verhoudings. Interpersoonlike verhoudings vorm die basis van die mens se interaksie met mekaar. Positiewe interpersoonlike verhoudings is noodsaaklik vir positiewe funksionering (Bademci *et al.*, 2015:21; Heineman & Ehrensaft, 2006:25; Van Heerden, 2015:70).

5.5.2.2 Evaluering van die sessie

Die deelnemers het dit geniet om hul lewenskaarte te teken. Dit was vir hulle aanvanklik moeilik om die verband te trek tussen hul verlede en die rol van hul interpersoonlike verhoudings, maar nadat dit met 'n voorbeeld geïllustreer is, het die deelnemers dit beter verstaan.

Die doelwitte van hierdie sessie (sien hoofstuk 4) is bereik. Die deelnemers het aangedui dat die sessie leersaam was en dat hulle meer geleer het oor die belangrikheid van verskillende interpersoonlike verhoudings en vertroue. Die evalueringsaktiwiteit (uitdeeltstuk 2) dui ook aan dat die lede meer geleer het oor hul verskillende interpersoonlike verhoudings en die maniere waarop dit hul verlede beïnvloed het. Hulle is ook nou beter in staat om die eienskappe van positiewe en negatiewe interpersoonlike verhoudings te identifiseer.

5.5.3 Sessie 3: Lewenskaarttema 3 – *Wat het met my gebeur?*

Hier het lede die geleentheid gekry om te praat oor dinge wat in hul verlede gebeur het en wat 'n invloed op hul lewens gehad het of steeds het. Lewensvaardighede wat tydens hierdie sessie behandel is, sluit in die hantering van verskillende emosies en, meer spesifiek, woede, hartseer en angs. Die volgende subtemas is geïdentifiseer.

5.5.3.1. Stigmatisering en mishandeling

Die deelnemers het beskryf dat hulle stigmatisering en mishandeling ervaar. As gevolg van straatkinders se leefstyl en daaglikse roetine word hulle baie blootgestel en is hulle dikwels slagoffers van stigmatisering en van fisiese of emosionele mishandeling (Tyler & Beal, 2010:103). Hierdie stigmatisering en mishandeling het dikwels 'n negatiewe impak op die lang termyn en ontlok verskeie emosies.

5.5.3.2 Gevoelens van woede, angs en hartseer

Deelnemers se lewenskaarte het aangetoon dat hulle woede, angs en hartseer ervaar. Die ervaring van hierdie emosies kan aan baie faktore toegeskryf word, soos byvoorbeeld mishandeling, verwaarlosing, stigmatisering en 'n gebrek aan sekuriteit op straat (Tyler & Beal, 2010:103; Wexler, 2008:546). Response soos *It hurts inside of me*; *I am sad*; en *The world made me angry*, het daarop gedui dat die deelnemers sukkel om te cope met die bogenoemde emosies. Pettinelli (2012:71) beskryf emosies as 'n kombinasie van gedagtes en gevoelens. Dit is uiters noodsaaklik dat bogenoemde emosies behandel moet word en dat die deelnemers die geleentheid moet kry om oor hul emosies te praat. 'n Deelnemer se mededeling, *Dis die eerste keer dat ek nou vir iemand gaan vertel van die slegte goed wat met my gebeur het*, dui daarop dat dit positief was om geleentheid te kry om oor gebeure uit die verlede te praat. Wanneer emosies nie effektief gereguleer word nie, vind die individu dit moeilik om te cope met sy ervarings en om verskillende emosies te verwerk en te prosesseer (Leahy, Tirsch & Napolitano, 2011:2).

5.5.3.3 Evaluering van die sessie

Dit was 'n emosiebelaaide sessie en baie groeplede het vertel van hagglike omstandighede en ontstellende gebeure. Die deelnemers het verskillende emosies wat hulle ervaar het, met mekaar gedeel en is aangemoedig om mekaar te ondersteun. Die groeppasiliteerder het die belangrikheid van die regte hantering van emosies bespreek, en moontlike hanteringsvaardighede aan die groep bekend gestel.

Alhoewel die sessie baie emosioneel was, is die doelwitte van hierdie sessie bereik. Hierdie sessie was egter baie tydsaam en meer tyd moes by al die aktiwiteite toegestaan word.

5.5.4 Sessie 4: Lewenskaarttema 4 – *Waarheen is ek op pad?*

Die doel van hierdie lewenskaarttema was om die deelnemers te help om 'n toekomsvisie te formuleer.

5.5.4.1 Subtemas geïdentifiseer uit lewenskaarttema 4

5.5.4.1.2 Toekomsbeplanning en besluitneming

Toekomsbeplanning en besluitneming is subtemas wat herhalend na vore gekom het uit die deelnemers se lewenskaarte en die gepaardgaande bespreking daarvan. Deelnemers het by hierdie tema onder andere aangetoon *I want to make good choices for my future; I want to be famous; en I want a good job, so I must do school*. Die belangrikheid van besluitneming en die verwantskap daarvan met toekomsbeplanning is aan die deelnemers uitgewys en word ook deur die literatuur bevestig (Ministry of Youth Development, 2015; Panday *et al.*, 2009; Strydom, 1994).

5.5.4.1.3 Loopbaanbeplanning

Die meeste deelnemers het die vraag by hierdie lewenskaarttema beantwoord deur te fokus op hul droomberoep, byvoorbeeld *I want to be a police officer; I want to be a electrician; I want to be a famous soccer player en I want lots of money*. Die literatuur bevestig die belangrikheid van loopbaanbeplanning by kinders (Louw & Louw, 2014:374, Van Heerden, 2015: 253).

5.5.4.1.4 Gelukkigheid en geestelike tevredenheid

Die deelnemers het beskryf dat hulle gelukkig wil wees en geestelike tevredenheid wil ervaar. Response soos *I want a happy life; I want to go to church; en I want to be happy*

and pray everyday, bevestig die bogenoemde subtemas en ondersteun ook die feit dat die deelnemers hoopvol oor hul toekoms is.

5.5.4.2 Evaluering van die sessie

Die sessie is positief beleef deur die deelnemers en hulle het hierdie sessie baie geniet. Dit was vir hulle aangenaam om hoopvol oor die toekoms te dink. Al die doelwitte van hierdie sessie (sien hoofstuk 4) is bereik. Die evalueringsaktiwiteit (uitdeelstuk 10) toon ook aan dat die deelnemers meer geleer het oor toekomsbeplanning, hoe besluite jou toekoms kan beïnvloed en hoe om met geld te werk.

5.5.5 Sessie 5: Lewenskaarttema 5 – Wat moet ek doen om die struikelblokke op my pad te oorkom?

Tydens hierdie sessie was dit belangrik dat die deelnemers die struikelblokke op hul pad moes identifiseer. Belangrike lewensvaardighede soos substansmisbruik, portuurdruk, probleemoplossing en konflikhantering is tydens hierdie sessie bespreek.

5.5.5.1. Gebrek aan hulpbronne

Die deelnemers het 'n gebrek aan hulpbronne geïdentifiseer as een van hul grootste struikelblokke. Hierdie hulpbronne sluit onder andere in toegang tot organisasies in hul gemeenskappe, soos byvoorbeeld gesondheidsorgfasiliteite, skole en finansiële ondersteuning. Deelnemers het response gegee soos *I don't have any money to go to school; When I'm sick clinic don't take me because I don't have a clinic card; en I don't have money to go to university.*

5.5.5.2 Substansmisbruik

Die deelnemers was baie eerlik en het substansmisbruik ook as 'n struikelblok geïdentifiseer. Hulle het verder beskryf dat substansmisbruik hulle dikwels in die moeilikheid bring en daartoe lei dat hulle by misdad of konflik op straat betrokke raak. Een deelnemer het vertel: *If I use substances like dagga and alcohol than my head don't work and I fight and do bad stuff.* 'n Ander deelnemer het die volgende gemeld: *The dagga that I use is my obstacle.* Struikelblokke soos konflik op straat en substansmisbruik is nadelig vir die straatkinders se positiewe ontwikkeling. Hoe langer straatkinders op straat is hoe groter is die kans dat hulle by gevaarlike en nadelige aktiwiteite betrokke kan raak (Tyler & Beal, 2010:103).

5.5.5.2 Gebrek aan ouerlike ondersteuning

Die gebrek aan ouerlike ondersteuning het ook sterk na vore gekom. Die volgende voorbeelde van deelnemers se response bevestig dat ouerlike ondersteuning 'n groot leemte in hul lewens is: *If my parents don't fight me, than maybe I can learn at school; Where is my father, he must help me but he don't care* en *My parents only say to people how bad I am, they don't help me in life*. Indien 'n kind nie ouerlike leiding en ondersteuning ervaar nie kan dit nadelige langtermyn gevolge inhou soos byvoorbeeld 'n lae selfbeeld en 'n groter geneigdheid tot antisosiale gedrag (Harter, 2006:519; Scroufe, 2002:187).

5.5.5.3 Evaluering van die sessie

Die deelnemers was in staat om die struikelblokke op hul pad te identifiseer. Dit was by tye moeilik om die deelnemers te beheer, veral tydens besprekings omdat hulle almal tegelyk hul struikelblokke wou bespreek. Daar is toe terugverwys dat almal mekaar moet respekteer en dat almal 'n geleentheid sou kry om te praat. Die deelnemers het daarna beter samewerking gegee en die aktiwiteite van die sessie is toe afgehandel.

Alhoewel die doelwitte van hierdie sessie bereik is, was die sessie baie langer as wat aanvanklik beplan was, aangesien die deelnemers langer geneem het om al die aktiwiteite doen.

5.5.6 Sessie 6: Lewenskaarttema 6 – Hoe gaan ek my doel bereik?

Hier was dit belangrik vir die deelnemers om die vraag te beantwoord, wat hulle plan van aksie sou wees om hul doel te bereik. Die belangrikheid van besluitneming sowel as gesondheid en 'n gesonde leefstyl is tydens hierdie sessie beklemtoon.

5.5.6.1. Subtemas verkry uit lewenskaarttema 6

5.5.6.2 Gesonde besluitneming wat toekoms beïnvloed

Voorbeelde van die deelnemers se response op hierdie vraag was: *I have to go to school and study hard; I must go to church* en *I must stay away from drugs*. Hierdie response dui daarop dat die deelnemers die impak van besluitneming op hul toekomsplanne besef. Dit is juis daarom belangrik dat hulle inligting moet kry rakende 'n gesonde leefstyl en besluitneming, wat doelbereiking kan bevorder (Van Heerden, 2015:85).

5.5.6.3 Evaluering van die sessie

Hierdie sessie het goed verloop. Die deelnemers het aktief deelgeneem aan al die aktiwiteite en die gesprekvoering en die doelwitte van hierdie sessie is bereik. Die samevattende aktiwiteit (aktiwiteit F2) het aangedui dat die deelnemers se begrip van besluitneming, 'n gesonde leefstyl en die impak daarvan op doelbereiking verbeter het.

5.5.7 Sessie 7: Lewenskaarttema 7 – *Watter hulp het ek nodig?*

Hier moes die deelnemers 'n aanduiding gegee het van watter hulp hulle nodig het. Die belangrikheid van kommunikasievaardighede en effektiewe tydsbestuur is ook tydens hierdie sessie hanteer.

5.5.7.1. Thakaneng en ander organisasies

Die deelnemers het aangedui dat hulle Thakaneng en ander organisasies in die gemeenskap nodig het. *Thakaneng must help me; If my family can support me and take me to other organizations for help; I must be able to tell other's what I need en I need the church and the other organisations in the community*, is enkele voorbeelde van deelnemers se response by hierdie lewenskaarttema. Die deelnemers het onder andere 'n behoefte uitgespreek aan gesondheidsorgfasiliteite, sosiale ondersteuning, skole, geestelike ondersteuning en finansiële ondersteuning. Dit is belangrik dat straatkinders toegang moet hê tot belangrike hulpbronne in die gemeenskap, byvoorbeeld gesondheidsorgfasiliteite, skole en skuilings, aangesien dit hul veerkragtigheid kan bevorder (Cheunwattana & Meksawat, 2002:89; Ungar, 2008:227). Straatkinders het heelwat vaardighede nodig om in hul basiese behoeftes te voorsien en hulpbronne in hul gemeenskap te gebruik.

5.5.7.2 Kommunikasievaardighede

Die deelnemers het veral kommunikasievaardighede nodig om hul behoeftes te kommunikeer en toegang tot noodsaaklike hulpbronne te verkry. Die deelnemers is van mening dat hulle nie altyd weet hoe om hul behoeftes aan ander te kommunikeer nie. Sommige deelnemers het aangedui *I dont know what to say if I need help from others; People don't understand me if I am talking; en I ask but people don't listen to me*. Die belangrikheid van kommunikasievaardighede mag nie onderskat word nie; daarom is dit juis belangrik dat die deelnemers moet weet en hoe om effektief te kommunikeer met ander mense (Thompson, 2009:102; IYF, 2014:8).

5.5.7.3 Evaluering van hierdie sessie

Die lede moes hier insien watter hulp hulle nodig het om hulle doelstellings te bereik en drome te verwesenlik. Groeplede het aanvanklik gesukkel om hierdie vraag te beantwoord, maar nadat die navorser verduidelik het watter hulpbronne sy nodig het om haar eie drome te bereik, het hulle beter verstaan hoe om die vraag te beantwoord.

Die deelnemers kon insien hoe kommunikasievaardighede hulle kan help om hul behoeftes aan hulpbronne in die gemeenskap effektief te kan kommunikeer. Die deelnemers begryp ook dat hulle goeie tydsbestuur moet toepas om hul doelwitte te bereik. Tydens die evaluering van die sessie is daar aan die deelnemers gevra of hulle nou weet watter vaardighede hulle nodig het. Hulle response daarop het aangedui dat hulle in staat was om hierdie lewensvaardighede te identifiseer en in hul lewens toe te pas.

5.5.8 Sessie 8: Lewenskaarttema 8 – Hoe sal dit wees as ek my doel bereik?

By hierdie tema is dit belangrik dat die deelnemer kan insien hoe sy lewe moontlik beter geword het. Positiewe funksionering en veerkragtigheid is tydens hierdie sessie hanteer.

5.5.8.1. Subtemas van lewenskaarttema 8

5.5.8.1.1. Veerkragtigheid en hoop vir die toekoms

Die deelnemers was baie opgewonde en optimisties in hulle response: *I will have a big house and a car; I will believe in myself and have a important job; en I will have a big happy family.* Voorbeelde van deelnemers se response oor nuwe vaardighede wat hulle aangeleer het is: *I have learnt about myself and I know that I must work hard for my dreams; I learnt that I must make good de[c]isions for my future like to not use substances; en I learnt how to be positive about my future.* Papazoglou (2013:196) beklemtoon ook dat dit belangrik is om op die positiewe dinge in die lewe te fokus.

Dit is belangrik om 'n positiewe uitkyk op die lewe te hê, aangesien dit hoop vir die toekoms fasiliteer en veerkragtigheid bevorder (Schoon, 2006:79). Veerkragtigheid is bevorder by die straatkinders deurdat hulle nuwe vaardighede aangeleer het om suksesvol te cope met die uitdagings van die lewe (Brendtro & Longhurst, 2005:55).

5.5.8.2 Evaluering van die sessie

Die deelnemers het dit geniet om hierdie lewenskaart se tema te teken. Dit was vir hulle lekker om uit te beeld hoe hulle lewens sal lyk as hulle hul doel in die lewe bereik het. Die sessie was suksesvol, lede was optimisties en hoopvol oor die toekoms en het vaardighede in hul tekeninge en gesprekke weerspieël.

5.5.9 Sessie 9: Lewenskaarttema 9 – Wat moet ek doen om op die regte pad te bly?

Tydens hierdie sessie was die fokus op die implementering van die lewensvaardighede in hulle daaglikse roetine en funksionering.

5.5.9.1 Subtema soos verkry uit lewenskaarttema 9

5.5.9.2 Toepassing van lewensvaardighede

Die belangrikheid om die lewensvaardighede wat aangeleer is in hul daaglikse lewe te implementeer het hier sterk na vore gekom. Voorbeelde van die deelnemers se response op hierdie vraag was: *I must say no to drugs; I must stay away from the street;* en *I must use all the new skills in my life.* Dit is noodsaaklik vir die deelnemers om hierdie lewensvaardighede in hul daaglikse lewe te implementeer aangesien dit hulle kan help om uitdagings van die lewe beter te hanteer.

5.5.9.3 Evaluering van die sessie

Tydens hierdie sessie is alle vorige sessies is saamgevat. Dit was positief om te sien hoe die deelnemers verantwoordelikheid neem vir hul toekoms. Werkblad I2 wat die deelnemers voltooi het, het 'n aanduiding gegee dat die deelnemers van plan was om die lewensvaardighede in hul daaglikse lewens te implementeer.

5.6 BESPREKING VAN DIE SUBTEMAS VERKRY UIT DIE DEELNEMERS SE LEWENSKAARTE

Die subtemas wat verkry is uit die deelnemers se lewenskaarte, het die deelnemers se behoefte aan en die noodsaaklikheid van die lewensvaardighedsprogram bevestig. Die lewensvaardighedsprogram, gebaseer op die lewenskaartetegniek, het aan die deelnemers die geleentheid gegee vir selfontdekking. Die aktiwiteite was daarop gemik om selfontdekking te bevorder deurdat deelnemers die geleentheid gekry het om te dink oor hulself, te glo in hulself en die vraag te beantwoord *Wie is ek?* Die belangrikheid van positiewe interpersoonlike verhoudings het na vore gekom toe die deelnemers die vraag moes beantwoord *Waar kom ek vandaan?* Die deelnemers het kennis opgedoen

rakende die belangrikheid van interpersoonlike verhoudings en eienskappe van positiewe en negatiewe verhoudings is aan hulle uitgewys. Dit was noodsaaklik, veral omdat die bevindinge daarop gedui het dat die deelnemers 'n gebrek ervaar aan positiewe interpersoonlike verhoudings.

Hierdie program het voorts aan deelnemers die geleentheid gegee om te beskryf wat met hulle gebeur het. As gevolg van aspekte soos stigmatisering en mishandeling het die deelnemers heelwat emosies soos woede, hartseer en angs ervaar. Die program het gefokus op gesonde maniere om genoemde emosies te hanteer en om uiting daaraan te gee.

Die program het verder die deelnemers bemagtig met vaardighede om hul struikelblokke te identifiseer en te hanteer. Struikelblokke soos 'n gebrek aan hulpbronne, substansmisbruik en 'n gebrek aan ouerlike ondersteuning het sterk na vore gekom. Die deelnemers moes die hulp wat hulle nodig het, identifiseer en dink oor wat hulle nodig het om hierdie hulp te verkry. Samevattend kan daar gesê word dat die deelnemers met vaardighede bemagtig is wat nodig is vir positiewe psigososiale funksionering.

Die navorser is van mening dat die lewenskaartetegniek die lewensvaardigheidsprogram aangevul het met praktiese maniere om oor die lewe te dink en bemagtiging by deelnemers bevorder het. Deelnemers het die geleentheid gekry om te dink oor hulself en wat hulle in die lewe wil hê. Die subtemas wat na vore gekom het, stem ooreen met die beskrywings in die literatuur rondom straatkinders.

5.7 DIE KWALITATIEWE RESULTATE SOOS VERKRY UIT DIE FOKUSGROEPE

Die kwantitatiewe bevindinge wat uit die fokusgroepe verkry is en die interpretasie daarvan word weerspieël in tabelle 5.4 -5.10. Die data is ontleed volgens Tesch se benadering (Poggenpoel, 1998:343), na aanleiding van die vrae wat tydens die fokusgroepe gevra is. Voorbeelde van verbatim response en die sentrale temas soos geïdentifiseer, word terselfdertyd by die genoemde tabelle ingesluit. Daarna volg 'n literatuurkontrolle en belangrike afleidings wat gemaak kan word.

Tabel 5.4 Ervaring van die lewensvaardigheidsprogram

Vraag 1	Hoe was dit vir jou om aan hierdie lewensvaardigheidsprogram deel te neem?
Doel van die vraag	Die oogmerk van hierdie vraag was om die deelnemers se ervaring van die lewensvaardigheidsprogram te verken deur hulle die geleentheid te gee om in hul eie woorde te beskryf hoe hulle die lewensvaardigheidsprogram ervaar het.
Voorbeelde van verbatim response	<p><i>For me it was a good experience because I had a chance to express how I feel about myself, and I learned about drugs, I learned a lot. I really enjoyed it because I learned a lot, I did all the activities.</i></p> <p><i>Wat ek van die program gehou het was dat ek alles kon doen wat ek nooit geweet het nie soos hoe om nee te sê vir drugs en hoe my lewe vorentoe gaan lyk.</i></p> <p><i>I enjoyed it and learned about drugs, if you use drugs you are going to do crimes and lots of things.</i></p>
Sentrale temas	<ul style="list-style-type: none"> • Goeie ervaring • Leersaam • Aktiewe deelname • Leer meer oor die gevare van dwelmmisbruik

5.7.1 Literatuurkontrole en belangrike afleidings

Die deelnemers het die program oorwegend positief en leersaam ervaar. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die interaktiewe manier waarop die program aangebied is. Die deelnemers was heeltyd aktief betrokke in die program en dit kon heel moontlik die sukses van die program bevorder het (Mercy *et al.*, 2002:43). Deurdat deelnemers betrek is in al die aktiwiteite van die program, het dit ook bygedra tot hul selfkennis en motivering. Mmusi (2013:19) beklemtoon dat die deelnemers gemotiveerd moet wees om die sukses van 'n program te bevorder.

Die afleiding kan gemaak word dat aktiewe betrokkenheid en selfmotivering die positiewe ervaring van deelnemers aan lewensvaardigheidsprogramme bevorder.

Tabel 5.5 Wat deelnemers sal onthou van die program

Vraag 2	Voltooi die volgende sin met die eerste gedagte wat in jou kop kom: "Wat ek altyd sal onthou van die lewensvaardigheidsprogram, is ...
Doel van die vraag	Die doel van hierdie vraag was bloot om uit te vind wat in die lewensvaardigheidsprogram vir die deelnemers uitgestaan het en wat van die program hulle altyd sal onthou.
Voorbeelde van verbatim response	<p><i>I will never forget what I learned about myself and my identity</i></p> <p><i>I would remember that I had to write about my life</i></p> <p><i>Ek sal nooit vergeet hoe ek die eerste keer hier aangekom het confuse en hoe om sekere goed nie te doen nie, maar toe leer jy my hoe om my lewe reg te kry</i></p> <p><i>I would always remember that in life you have to express how you are feeling, never keep a grudge inside of you, so in the life skill program I had a chance to express myself and I learned that I should always express how I feel</i></p>
Sentrale temas	<ul style="list-style-type: none"> • Verhoging in selfkennis • Geleentheid vir selfontdekking • Geleentheid/ervaring van selfuitdrukking

5.7.2 Literatuurkontrole en belangrike afleidings

Die deelnemers het aangedui dat hulle meer oor hulself en hul lewens geleer het. Die meeste deelnemers was in die adolessentefase, waar die vorming van 'n eie identiteit 'n belangrike ontwikkelingstaak is (Van Heerden, 2015:21; Zastrow & Kirst-Ashman, 2016:336). Erik Erikson beklemtoon dat die ontwikkeling van 'n identiteit noodsaaklik is vir 'n gelukkige en produktiewe lewe (Louw & Louw, 2014:360). Die lewensvaardigheidsprogram het ook gefokus op selfontdekking, wat die vorming van 'n eie identiteit bevorder en die individu in staat stel om beter keuses oor die toekoms te maak (Strydom & Herbst, 2007:244).

Die lewensvaardigheidsprogram het verder selfuitdrukking by die kinders bevorder. Selfuitdrukking is belangrik by kwesbare groepe soos straatkinders aangesien dit hulle die geleentheid bied om te verbaliseer hoe hulle oor sekere aspekte voel (Smart, 2003:62). Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat wanneer programme aangebied word vir kwesbare kinders, dit belangrik is om ook voorsiening te maak vir aspekte wat fokus op selfontdekking en selfuitdrukking. Dit is dikwels die eerste geleentheid wat sodanige kinders kry om oor hulself en hul lewens te praat en te dink, asook om hulle gevoelens uit te druk. Dit is dus dikwels die eerste keer dat hierdie kinders met hulle innerlike self in aanraking kom.

Tabel 5.6 Die gevoelens van deelnemers

Vraag 3	Watter gevoelens het jy gehad terwyl jy jou lewenskaarte geteken het?
Doel van die vraag	Die doel van hierdie vraag was om ondersoek in te stel na die emosies wat deelnemers moontlik ervaar het terwyl hul besig was met hul lewenskaarte,
Voorbeelde van verbatim response	<p><i>It sometimes was difficult and made me sad because of my life.</i></p> <p><i>It was sometimes sad because I knew my potential and I didn't know after matric what I'm gonna do because I want to have a brighter future like anyone else, so it made me sad sometimes.</i></p> <p><i>It made me hopeful for the future.</i></p> <p><i>Dit was vir my nogals 'n groot storie gewees ek het kwaad geword en dan in my hart het ek sad geword oor die goed wat ek voorheen in my lewe gedoen het, maar toe ons in die toekoms begin dink het, het ek begin dink hoe om my toekoms reg te kry en hoe om my lewe se belonings te kry.</i></p>
Sentrale temas	<ul style="list-style-type: none"> • Gevoelens soos hartseer en woede • Moeilike lewensomstandighede • Hoop vir die toekoms

5.7.3 Literatuurkontrolle en belangrike afleidings

Die literatuur bevestig dat gevoelens soos hartseer en woede dikwels deur straatkinders beleef word (Bademci *et al.*, 2015:21; Mukherjee, 2005:3-4). Dit kan moontlik toegeskryf word aan hul moeilike lewensomstandighede. Tyler en Beal (2010:103) bevestig dat straatkinders moeilike lewensomstandighede ervaar en blootgestel word aan onder andere stigmatisering, wanvoeding en mishandeling.

'n Paar van die deelnemers het egter ook genoem dat hulle hoopvol voel oor hul toekoms. Louw en Louw (2014:444) beklemtoon dat dit belangrik is vir die jeug om hoopvol oor die toekoms te wees veral met al die maatskaplike uitdagings wat hul in die gesig staar. Die Centre for Confidence and Well-being (2015) beklemtoon ook die belangrikheid van 'n positiewe toekomspektief onder die jeug.

'n Belangrike afleiding wat gemaak kan word is dat, programme wat op straatkinders gerig word, hulle moontlike emosies in ag moet neem. Deeglike kennis rakende hul lewensomstandighede is ook noodsaaklik. Sodanige programme moet ook daarop gemik word om die sterktes van hierdie kinders te gebruik om hulle te bemagtig om 'n positiewe uitkyk op die lewe te hê en veerkragtigheid te ondersteun.

Tabel 5.7: Wat deelnemers geleer het

Vraag 4	Kan jy aan enige iets dink wat jy geleer het gedurende die program? Indien so, deel asseblief met die groep wat jy geleer het.
Doel van die vraag	Die doel van hierdie vraag was om uit te vind of die deelnemers dink dat hulle iets nuut uit die program geleer het.
Voorbeelde van verbatim response	<i>Ek het geleer hoe om my lewe te express en hoe om 'n goeie elektrisiën te word. I learned how to plan my future. I learned to have good relationships with other people. I learned that substance abuse is not good for us. Not to fight with anybody.</i>
Sentrale temas	<ul style="list-style-type: none">• Toekomsbeplanning• Positiewe interpersoonlike verhoudings• Effektiewe besluitneming

5.7.4 Literatuurkontrole en belangrike afleidings

Die deelnemers se response het daarop gedui dat hulle belangrike lewensvaardighede soos onder andere toekomsbeplanning, positiewe interpersoonlike verhoudings en effektiewe besluitneming aangeleer het. Hierdie vaardighede is belangrik en kan die deelnemers se psigososiale funksionering bevorder (Panday, Makiwane, Ranchod & Letsoale, 2009:26; Van Heerden, 2015:70).

Daar kan afgelei word dat die deelnemers ervaar het dat hulle bepaalde kennis en vaardighede tydens die lewensvaardighedsprogram bekom het, wat hulle bemagtig vir die toekoms.

Tabel 5.8: Veranderinge wat deelnemers in hul lewe moet maak

Vraag 5	Dink jy die program het jou laat dink oor veranderinge of keuses wat jy in jou lewe moet maak? Indien so, vertel ons meer van hierdie veranderinge/keuses.
Doel van die vraag	Die doel van hierdie vraag was om te bepaal of die program bygedra het tot die ontwikkeling van lewensvaardighede by die deelnemers.
Voorbeelde van verbatim response	<i>I used to abuse other children and the programme taught me that no abuse is good, I am not going to abuse anyone anymore I don't want to use alcohol and drugs anymore because it's bad for you I don't want to be a street kid Don't want to be in the street again.</i>
Sentrale temas	<ul style="list-style-type: none"> • Positiewe besluite oor alkohol- en substansmisbruik • Veranderde houding teenoor ander • Vermyding van 'n lewe op straat

5.7.5 Literatuurkontrole en belangrike afleidings

Die response van die deelnemers het meestal daarop gedui dat hulle na afloop van die program in staat was om beter besluite oor ander, hulle gewoontes en lewe te neem as in die verlede. Effektiewe besluitneming is 'n belangrike lewensvaardigheid (Ministry of Youth Development, 2015; Panday *et al.*, 2009; Strydom, 1994) en die afleiding word

gemaak dat die deelnemers in hierdie studie bemagtig is om ingeligte keuses en besluite in die lewe te maak.

Tabel 5.9: Veranderinge aan die program

Vraag 6	Wat sou jy wou verander aan die program?
Doel van die vraag	Die doel van hierdie vraag was om die program te evalueer ter verbetering daarvan. Deelnemers is die geleentheid gebied om aan te dui of hulle iets in die lewensvaardigheidsprogram sou wou verander, weglaat of insluit.
Voorbeelde van verbatim response	<i>Maybe it can be longer</i> <i>It must never stop</i> <i>I enjoyed the activities that was outside, maybe if there can be more activities outside it will be good</i> <i>Maybe not draw map of life every session because it made me sad to think about my life</i>
Sentrale temas	<ul style="list-style-type: none"> • Langer tyd beskikbaar vir die program • Meer buiteligaktiwiteite • Tekeninge van lewenskaarte ontlok soms hartseer emosies

5.7.6 Literatuurkontrolle en belangrike afleidings

Deelnemers het die program geniet en het gevra dat die program nog langer moes aanhou. Die literatuur bevestig dat jeugdige programme geniet waar hulle aktief betrokke is en dat hulle gemotiveerd is om die program suksesvol te voltooi (Mercy *et al.*, 2002:43; Mmusi, 2013:19). Die deelnemers het veral ook die buiteligaktiwiteite positief beleef. Aktiwiteite buite in die natuur kan bydra tot die positiewe ervaring van deelnemers. Robertson (2000:5) beskryf die natuur as “a sense of place, of belonging, of emotional healing, that which the complexities of societal living often fails to provide”. Aktiwiteite buite in die natuur is voordelig en kan bydra tot die sukses van programme wat aan jeugdige gebied word. Ruimte moet in die program gebied word om die emosies wat tydens die teken van lewenskaarte ontlok word, te hanteer.

Tabel 5.10: Deelnemers se toekomsplanne

Vraag 7	Hoe het die program jou toekomsplanne beïnvloed?
Doel van die vraag	Die doel van die vraag was om vas te stel of die deelnemers toekomsplanne het en hoe die program hul toekomsplanne beïnvloed het.
Voorbeelde van verbatim response	<i>When I was in grade 9 I was expelled from school because I was using drugs and alcohol, now I want to go back to school and study hard. I am going to work hard in school and look for a job.</i> <i>I want to be a police officer</i> <i>I am not going to make bad decisions for my future.</i>
Sentrale temas	<ul style="list-style-type: none">• Terugskouing op die verlede• Duidelike beroepsoriëntasie• Verantwoordelikeidneming

5.7.7 Literatuurkontrole en belangrike afleidings

Dit wil voorkom asof die deelnemers lesse uit die verlede geleer het en verantwoordelikheid wil neem vir hulle toekoms. Die deelnemers het verder genoem dat hulle hard sal moet werk om hulle drome te bereik. Dit is duidelik dat hulle konkrete toekomsplanne het. Dit is egter belangrik dat hulle realisties moet wees, en die literatuur bevestig ook dat realistiese doelwitte gestel moet word ten einde jou drome te bereik (Hargie, 2006:43). Aangesien deelnemers konkrete toekomsplanne het, is dit belangrik dat hulle so ver as moontlik van al die vaardighede wat hulle aangeleer het, in hul lewens sal moet toepas ten einde hul drome te bereik.

5.8 BESPREKING VAN DIE FOKUSGROEPBEVINDINGE

Die doel van die fokusgroepe was om mondelingse terugvoer van die deelnemers te verkry rakende hul ervaring van die lewensvaardighedsprogram. Uit die bevindinge van die fokusgroepe kan daar afgelei word dat die deelnemers die lewensvaardighedsprogram oorwegend positief ervaar het en dat hulle die program leersaam gevind het. Die feit dat die program interaktief was en die deelnemers gemotiveerd was, het bygedra tot die positiewe ervaring van die program. Op die vraag oor wat hulle altyd sal onthou, het die deelnemers van die kernvaardighede en

elemente wat deur die program hanteer is, geïdentifiseer. Die fokusgroeponderhoue het ook aan die deelnemers die geleentheid gegee om te praat oor gevoelens wat ontlok is terwyl hulle besig was met hul lewenskaarte. Die deelnemers se response oor wat hulle geleer het, was 'n aanduiding dat hulle met noodsaaklike lewensvaardighede bemagtig is en die belangrikheid van hierdie lewensvaardighede begryp. Response soos *I am not going to make bad decisions for my future* en *I want to plan for the future* het daarop gedui dat die deelnemers ook 'n toekomspektief ontwikkel het. Laastens het die deelnemers ook die geleentheid gekry om aanbevelings te maak ten opsigte van wat hul graag sou wou verander in die program. Hierdie aanbevelings kan moontlik die kwaliteit van die program bevorder vir toekomstige aanbieding daarvan.

5.9 DIE BELANGRIKSTE KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE BEVINDINGE

Vervolgens word die belangrikste kwantitatiewe en kwalitatiewe bevindinge krities vergelyk en weergegee aan die hand van 'n bespreking. Van die belangrikste temas wat kwantitatief of kwalitatief geëvalueer is, sal bespreek word. Daar sal gefokus word op die bevindinge van die voor- na en nameting asook die bevindinge van die lewenskaarttemas, met die oog op die integrasie van bogenoemde bevindinge.

5.9.1 Selfkennis, selfvertroue en selfhandhawing

Die **kwantitatiewe bevindinge** soos verkry uit die **voortoets** het aangetoon dat die deelnemers 'n gebrek toon aan selfkennis, selfvertroue en selfhandhawing. Die resultate van die **natoets** het bevestig dat 'n verbetering plaasgevind het by die deelnemers van die eksperimentele groepe se selfkennis, selfvertroue en selfhandhawing. Beide die **voor- en natoets** het getoon dat die vergelykende groepe 'n gebrek ervaar aan die bogenoemde vaardighede. Die **kwalitatiewe data** wat verkry is uit die deelnemers se lewenskaarte bevestig die deelnemers se behoefte aan bogenoemde vaardighede. Die na-nameting wat in die vorm van fokusgroepe (**kwalitatief**) met deelnemers van die eksperimentele groepe gedoen is, ondersteun die kwantitatiewe bevindinge. Die verband tussen selfkennis, selfvertroue en selfhandhawing het in beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe bevindinge na vore gekom. Die behoeftebepaling, die literatuur en die bevindinge van hierdie studie beklemtoon die noodsaaklikheid van die bogenoemde lewensvaardighede in 'n program wat vir straatkinders aangebied word.

5.9.2 Interpersoonlike verhoudings en vertroue

Die **kwantitatiewe data** soos verkry uit die **voor- en natoets** dui daarop dat deelnemers van beide die vergelykende en eksperimentele groepe 'n gebrek ervaar aan positiewe interpersoonlike verhoudings en dat beide groepe dit moeilik vind om ander te vertrou. Die **kwalitiewe data** soos verkry uit deelnemers se lewenskaarte ondersteun hierdie bevindinge. Uit die literatuur, sowel as die kwantitatiewe bevindinge, is dit duidelik dat vertroue 'n belangrike aspek is vir positiewe interpersoonlike verhoudings en dat dit 'n normale verskynsel is vir kwesbare kinders om 'n gebrek hieraan te ervaar. Die bevindinge van die **fokusgroepe** tydens die na-nameting het aangetoon dat die deelnemers van die eksperimentele groepe insig ontwikkel het oor die belangrikheid van positiewe interpersoonlike verhoudings. Die waarde van positiewe interpersoonlike verhoudings moet nie onderskat word nie, en kwesbare kinders het veral 'n behoefte daaraan.

5.9.3 Die hantering van emosies soos woede, hartseer en angs

Die **kwantitatiewe bevindinge** van die voor- en natoets het aangetoon dat beide die eksperimentele en vergelykende groepe sukkel met die hantering van hul emosies, en dat hulle spesifiek woede, hartseer en angs ervaar. Wat woede betref, het 'n verbetering plaasgevind na voltooiing van die program by deelnemers van die eksperimentele groep 1. Eksperimentele groep 2 se telling was ook aansienlik beter as die vergelykende groepe se tellings. Die gevoel van hartseer is met die natoets optimaal geaktiveer by eksperimentele groep 1 en dit was in die waarskuwingsarea by eksperimentele groep 2. Beide die vergelykende groepe se tellings is met die voor- en natoets oorgeaktiveer. Die **kwalitiewe data** soos verkry uit die deelnemers se lewenskaarte, het die behoefte sterk beklemtoon dat daar aan hierdie spesifieke emosies aandag gegee moet word. Die bevindinge van die **fokusgroepe** (na-nameting) bevestig ook die behoefte aan die effektiewe hantering van emosies en selfuitdrukking.

5.9.4 Toekomspektief

Die **kwantitatiewe data** bevestig dat die deelnemers van die eksperimentele groepe 'n toekomspektief ontwikkel het. Die voortoets het daarop gedui dat die eksperimentele sowel as die vergelykende groepe se deelnemers nie positief is oor hul toekoms nie. Die natoets het toe daarop gedui dat lede van die eksperimentele groepe

van hul pessimistiese gevoelens oor hul toekoms beweeg het na meer hoop vir die toekoms, asook om beter besluite rakende hul toekoms te maak. Die **kwalitatiewe data** soos verkry uit die lewenskaarte steun ook die bevinding dat deelnemers van die eksperimentele groepe meer hoopvol oor hul toekoms is. Tydens die **fokusgroeponderhoude** het hierdie deelnemers ook hul hoop vir die toekoms uitgespreek.

5.9.5 Dwelm- en alkoholgebruik

Wat dwelm- en alkoholmisbruik betref, dui die **kwantitatiewe bevindinge** van die voor- en natoets daarop dat daar moontlik verhoogde insigontwikkeling plaasgevind het rakende dwelm- en alkoholmisbruik by die deelnemers van die eksperimentele groepe. Aanvanklik was hierdie deelnemers se houding teenoor alkohol en dwelms 'n groot risikofaktor, maar na voltooiing van die program het dit aansienlik verbeter. Die vergelykende groepe se houding teenoor dwelm- en alkoholmisbruik is met beide die voor- en natoets as oorgeaktiveer aangetoon. Die **kwalitatiewe temas** soos verkry uit die deelnemers se lewenskaarte het aangetoon dat dwelm en alkoholmisbruik 'n groot risikofaktor by die deelnemers is en baie van die deelnemers het dit as 'n struikelblok in hul lewens geïdentifiseer. Voorts bevestig die kwalitatiewe bevindinge van die **fokusgroepe** dat die deelnemers moontlik insig ontwikkel wat hul houding teenoor dwelms en alkohol beïnvloed.

5.10 SAMEVATTING

Daar is 'n duidelike ooreenstemming en verband tussen die kwantitatiewe en kwalitatiewe bevindinge. Die behoeftebepaling wat in fase 1 gedoen is, het bygedra tot die insluiting van spesifieke lewensvaardighede in die program. Die implementering van hierdie lewensvaardighede in die deelnemers se daaglikse lewe het daartoe bygedra dat hul psigososiale funksionering by die meeste afdelings verbeter het. Dit is duidelik dat die deelnemers wat aan die lewensvaardigheidsprogram deelgeneem het, beter funksioneer by die verskillende afdelings wat gemeet is as die deelnemers van die vergelykende groepe wat nie die program deurloop het nie. Die deelnemers het die program positief en leersaam ervaar, en die bevindinge bevestig dit.

Nadat die bevindinge van die studie in hierdie hoofstuk aangebied is en die interpretasie van hierdie bevindinge bespreek is, word gevolgtrekkings wat uit die studie gemaak kan word, in hoofstuk 6 bespreek. Die data sal voorts met die sentrale teoretiese argument

(kwalitatief) en die hipotese (kwantitatief) vergelyk word en aanbevelings uit die bevindinge sal gemaak word. Hoofstuk 6 word afgesluit deur die unieke bydrae van hierdie studie te bespreek.

HOOFSTUK 6 SAMEVATTENDE OPSOMMING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die samevattende opsomming, gevolgtrekkings en aanbevelings van hierdie studie aangebied. Die navorsingsmetodologie sal kortliks opgesom word en die sentrale teoretiese stelling en hipotese sal met die bevindinge vergelyk en bespreek word. Hierdie hoofstuk word afgesluit met aanbevelings wat die navorser maak en die uniekheid en bydrae van die studie tot die studieveld word uiteengesit.

Die algemene doelstelling van hierdie studie was om die psigososiale funksionering van straatkinders by die TKJS te bevorder deur die ontwikkeling, implementering en evaluering van 'n lewensvaardigheidsprogram gebaseer op die lewenskaartetegniek. Ten einde hierdie doelstelling te bereik, is 'n literatuurstudie sowel as 'n empiriese ondersoek onderneem. Die navorsingsverslag is in proefskrifformaat aangebied en in 6 hoofstukke weergegee. Vervolgens word die inhoud van elke hoofstuk kortliks saamgevat.

6.2 SAMEVATTING VAN HOOFSTUKKE

Hoofstuk 1 is die inleidende hoofstuk en het gefokus op die oriëntering tot die studie en die navorsingsmetodologie. Aspekte wat aandag geniet het, is die rasional van die studie; die probleemstelling; doelstelling en doelwitte; die teoretiese begroning en belangrike sleuteltermes is gedefinieer. Die navorsingsmetodologie is verder volledig in hierdie hoofstuk bespreek en die beperkinge van die ondersoek is uitgelig.

Hoofstuk 2 het die straatkindverskynsel asook programme en dienste wat beskikbaar is vir straatkinders in Suid-Afrika in die literatuur ondersoek. Aandag is geskenk aan die tipes straatkinders in Suid-Afrika en die oorsake en gevolge van die straatkindverskynsel is belig. Moontlike oorsake waarom kinders hul tot die lewe op straat wend, is met behulp van stoot- en trekfaktore beskryf. Hierdie stoot- en trekfaktore gaan gepaard met maatskaplike probleme soos byvoorbeeld armoede, gesinsgeweld, groepsdruk en substansmisbruik.

'n Kritiese ontleding is ook gedoen rakende wetgewing, beleid en beskikbare programme en dienste vir straatkinders in Suid-Afrika. In die kritiese ontleding is daar

gelet op die sterktes, die tekortkominge die geleenthede en die bedreigings van wetgewing van toepassing op straatkinders, asook programme en dienste wat vir hierdie teikengroep beskikbaar is. 'n Belangrike gevolgtrekking waartoe die navorser gekom het na aanleiding van die inhoud van hierdie hoofstuk is dat wetgewing en beleid oor die jare verbeter het om die behoeftes van straatkinders aan te spreek en dat daar heelwat programme en dienste beskikbaar is vir hierdie kinders, maar dat daar steeds tekortkominge is, wat dienslewering aan straatkinders belemmer.

Hoofstuk 3 bespreek die psigososiale omstandighede en behoeftes van straatkinders. Die literatuur bevestig dat die psigososiale omstandighede van straatkinders nie gunstig is vir die gesonde groei en ontwikkeling van 'n kind nie. Daar is verder ook aandag gegee aan die bevindinge van die behoeftebepaling wat in fase 1 van die studie gedoen is rakende die spesifieke behoeftes aan lewensvaardighede wat straatkinders by die Thakaneng Kinder- en Jeugsorgsentrum aangedui het. Die waarde van 'n behoeftebepaling het in hierdie hoofstuk uitgestaan.

Hoofstuk 4 is toegespits op die ontwikkeling van die lewensvaardigheidsprogram vir straatkinders. Die benutting van die lewenskaartetegniek as terapeutiese hulpmiddel in die lewensvaardigheidsprogram is breedvoerig bespreek. Die voorgestelde lewensvaardigheidsprogram is saamgestel uit die behoeftes en die literatuur. Dit was vir die navorser veral belangrik dat die aktiwiteite eenvoudig en maklik verstaanbaar moes wees.

In **hoofstuk 5** is die implementering van die lewensvaardigheidsprogram en die uitkomst daarvan op die psigososiale funksionering van die straatkinders by die Thakaneng Kinder- en Jeugsorgsentrum weergegee. Die navorsingsbevindinge is krities bespreek, vergelyk en met die literatuur gekontroleer. Die bevindinge van die studie bevestig dat die lewensvaardigheidsprogram bygedra het tot die bevordering van die deelnemers se psigososiale funksionering.

Hoofstuk 6 behels die samevatting en gevolgtrekkings waartoe die navorser deur die loop van die studie gekom het. Aanbevelings vir die praktyk rakende dienslewering aan straatkinders sowel as aanbevelings vir wetgewing en beleid en die unieke bydrae van die studie is weergegee.

6.3 DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE

'n Literatuurstudie sowel as 'n empiriese ondersoek is gedoen om die doelwitte van die studie te bereik en die navorsingsvrae te beantwoord. Die empiriese ondersoek was beide kwalitatief en kwantitatief van aard.

6.3.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie is onderneem om meer inligting rakende straatkinders te bekom. Toepaslike literatuur ten opsigte van straatkinders se omstandighede en behoeftes en die rol van lewensvaardighede vir straatkinders het veral aandag geniet. Die navorser het haarself georiënteer ten opsigte van die probleem, navorsingsmetode en die prosedures wat gevolg moes word (Fouché & Delpont, 2011:135). Literatuur is gebruik om die data te ondersteun of te verwerp, of om nuwe inligting oor die aspek te verkry. Daar is van nasionale sowel as internasionale literatuur gebruik gemaak, insluitend verskeie handboeke, proefskrifte, vaktydskrifte, navorsingsverslae en TKJS-dokumentasie ten einde die probleem te omlin en 'n indiepte-literatuurstudie te onderneem. Soekenjins soos EBSCO Host, Eric, SA Publications, Google Scholar asook die internet is gebruik.

6.3.2 Empiriese ondersoek

Gemengde-metodenavorsing is gebruik deurdat kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe navorsingstegnieke en -metodes -in die studie benut is (Creswell, 2014:228). Die empiriese ondersoek het bestaan uit drie fases, naamlik: **Fase 1**, 'n literatuurstudie en behoeftebepaling. Hier is gebruik gemaak van 'n selfontwerpte vraelys (met oop en geslote vrae) om die behoeftes van die straatkinders aan spesifieke lewensvaardighede te bepaal. **Fase 2** het gefokus op die programontwikkeling en **fase 3** op die implementering en evaluering van die program. Tydens fase 3 is daar van eksperimentele navorsing met 'n Solomon-viergroep fokus, gebruik gemaak vir die voor-en natoetsing wat gedoen is met behulp van 'n gestandaardiseerde meetinstrument, die gestandaardiseerde *Kinderfunksioneringsinventaris* – Senior Primêr (CFI-SPRIM). Tydens die empiriese ondersoek is daar van die meervoudige fase-ontwerp binne die gemengde-metodenavorsing gebruik gemaak deurdat die studie gedoen is in verskeie fases, wat kwalitatief, kwantitatief of beide was (Creswell & Plano Clark, 2011:100). Die totale inwonende populasie van die TKJS, wat op daardie stadium 50 was, het die

deelnemers aan hierdie studie uitmaak. Die navorsingsoogmerke van hierdie studie was verkennend, beskrywend, verklarend en evaluerend van aard.

6.4 GEVOLGTREKKINGS

Vervolgens word die belangrikste gevolgtrekkings waartoe die navorser deur die loop van die studie gekom het, weergegee.

6.4.1 Gevolgtrekkings van belang vir nasionale beleid en wetgewing ten opsigte van straatkinders

- Dienslewering aan straatkinders in Suid-Afrika het oor die jare verbeter in die vorm van wetgewing sowel as beskikbare programme en dienste maar daar is steeds tekortkominge en uitdagings wat dienslewering aan hierdie teikengroep belemmer.
- Alhoewel Wetgewing en beleid in plek is om die behoeftes van straatkinders te hanteer, is die publiek nie altyd ingelig hieroor nie en word daar steeds nie voldoende in straatkinders se behoeftes voorsien nie.
- Wetgewing en dienslewering aan straatkinders is nie altyd goed belyn nie. Alhoewel die wetgewing en beleid beskikbaar is, word dit nie altyd geïmplementeer nie, weens verskeie redes soos 'n tekort aan maatskaplike werkers, finansies of kinder- en jeugsorgwerkers en noodsaaklike hulpbronne.

6.4.2 Gevolgtrekkings van belang vir kinder- en jeugsorgsentrums

- Dit is belangrik dat lewensvaardighedsprogramme deel moet wees van 'n KJS se dienslewering aan straatkinders. Lewensvaardighede is noodsaaklik vir enige individu; en straatkinders het juis as gevolg van hul psigososiale omstandighede 'n groot behoefte aan lewensvaardighede.
- Die potensiaal van 'n lewensvaardighedsprogram aan straatkinders mag nie onderskat word nie; so ook nie die veerkragtigheid van hierdie kinders nie.
- Dit is uiters noodsaaklik dat 'n behoeftebepaling gedoen moet word voordat programme vir straatkinders geloods word.
- Kennis rakende die psigososiale omstandighede en die behoeftes van straatkinders is noodsaaklik om dienslewering aan hulle te bevorder.

6.4.3 Gevolgtrekkings van belang vir maatskaplike werk dienslewering

- Die lewenskaartetegniek lewer 'n waardevolle bydrae ten opsigte van programme vir kwesbare groepe soos straatkinders. Hierdie terapeutiese hulpmiddel bied die geleentheid vir selfuitdrukking, wat dikwels 'n groot behoefte is by straatkinders en ander kwesbare groepe.
- Verder bied dit die geleentheid om te dink oor die verlede en die impak daarvan op die individu se lewe, die hede te beskryf sowel as om te beplan vir die toekoms.
- Maatskaplike werkers en ander persone betrokke by dienslewering aan straatkinders moet geduld, empatie en deursettingsvermoë hê, aangesien dit baie moeilik is om met hierdie kinders te werk weens verskeie faktore soos byvoorbeeld aggressiewe gedrag, kort aandagspan, en 'n gebrek aan opvoeding en skoolstudiese opleiding; asook groot vertrouensprobleme wat dikwels deur die straatkinders geopenbaar word.
- Die opbou van 'n vertrouensverhouding is van uiterste belang vir dienslewering aan hierdie teikengroep.
- Die bevindinge van hierdie studie toon aan dat 'n lewensvaardigheidsprogram wat gebaseer is op die lewenskaartetegniek, die psigososiale funksionering van straatkinders verbeter het, alhoewel hulle in sekere areas steeds nie optimaal funksioneer nie. Dit kan aan verskeie redes toegeskryf word, byvoorbeeld dat die tydperk van die program te kort was. Nog beter resultate sou moontlik verkry kon word indien die program vir 'n langer tydperk aangebied is.

6.4.4 Gevolgtrekking van belang vir verdere navorsing

Alhoewel die straatkinderskynsel in die wêreld en ook in Suid-Afrika, nie onbekend is nie, is daar groot leemtes in die literatuur rakende die psigososiale behoeftes van straatkinders en die rol wat lewensvaardighede kan speel om bogenoemde behoeftes aan te spreek.

6.5 DIE SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT (kwalitatief)

Die sentrale teoretiese argument soos in hoofstuk 1 gestel, word deur die navorsingsbevindinge bevestig. Die kwalitatiewe data soos verkry uit die lewenskaarttemas en die fokusgroeponderhoue het daarop gedui dat die lewensvaardigheidsprogram bygedra het tot die positiewe psigososiale funksionering van straatkinders.

6.6 HIPOTESE (kwantitatief)

Die hipotese wat in hoofstuk 1 gestel is, word gedeeltelik deur die bevindinge bewys. Die kwantitatiewe data het gewys dat groei plaasgevind het by die meeste afdelings wat onder die hipotese genoem is, alhoewel die groei by sekere primêre funksioneringsareas klein was en die deelnemers by van die areas steeds nie optimaal funksioneer nie.

6.7 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings kan gemaak word op grond van die bevindinge en gevolgtrekkings wat uit hierdie studie verkry is.

6.7.1 Aanbevelings vir die praktyk

- Meer navorsing moet gedoen word oor die rol wat lewensvaardigheidsopvoeding kan speel om die psigososiale behoeftes van straatkinders te hanteer.
- Beter interdepartementele samewerking moet plaasvind tussen verskeie organisasies en ander betrokkenes wat dienste lewer aan straatkinders ten einde oplossings te vind vir die tekortkominge wat steeds ervaar word.
- Lewensvaardigheidsprogramme met 'n terapeutiese komponent kan geïmplementeer word by meer organisasies wat dienste aan straatkinders lewer.
- Die lewenskaartetegniek kan meer gebruik word in dienslewering aan hierdie teikengroep, sowel as by ander kwesbare groepe.
- Dienslewering aan straatkinders moet gerig word deur hulle spesifieke behoeftes. Daarom moet 'n behoeftebepaling ten alle tye gedoen word voordat daar op 'n diens besluit word.
- Ondersoek moet ingestel word na die agtergrondomstandighede voordat programme vir hierdie teikengroep geloods word.
- Lewensvaardigheidsprogramme wat vir straatkinders aangebied word, moet ook toepaslik wees vir die ontwikkelingsvlak van die teikengroep, die program (sessies) moet nie te lank wees nie en voorsiening moet gemaak word vir kinders wat byvoorbeeld nie kan lees of skryf nie. Alle aktiwiteite moet daarom verstaanbaar en toeganklik wees vir alle deelnemers.
- Dit is belangrik dat sodanige programme ook geëvalueer moet word om die kwaliteit van die program te verbeter.

- Meer bewusmakingsprogramme oor beskikbare dienste vir straatkinders kan geloods word.

6.7.2 Aanbevelings ten opsigte van wetgewing en beleid

- Wetgewing en beleid rakende dienslewering aan straatkinders moet realisties, uitvoerbaar en toeganklik wees.
- Meer studies kan gedoen word om die verband tussen wetgewing en beleid, en beskikbare dienste aan straatkinders te illustreer en aanbevelings te maak dat bogenoemde beter geïntegreer word.

6.8 Die uniekheid en bydrae van die studie

Die studie kan as uniek beskou word aangesien dit die eerste keer is dat navorsing gedoen word oor die gebruik van die lewenskaartetegniek in die ontwikkeling en implementering van 'n lewensvaardigheidsprogram vir straatkinders. Die navorsing is verder uniek omdat baie min navorsing gedoen word oor die psigososiale funksionering van straatkinders en hulle behoeftes rakende spesifieke lewensvaardighede.

Hierdie navorsing het aan die navorser die geleentheid gegee om dieper ondersoek in te stel na die straatkinders by die TKJS se psigososiale funksionering en hoe 'n lewensvaardigheidsprogram met 'n terapeutiese hulpmiddel (die lewenskaartetegniek) as agtergrond hul psigososiale funksionering kan bevorder. Die navorsing het die ook uitgewys dat alhoewel straatkinders baie kwesbaar is, hul veerkragtigheid nooit onderskat moet word nie. Die teoretiese begroning van hierdie studie, naamlik die sterkteperspektief en bemagtiging, ondersteun die bogenoemde stelling. Die literatuurstudie wat gedoen is, het insig gebied oor die straatkinderskynsel in Suid-Afrika; en die kritiese ontleding wat gedoen is, het meer lig gewerp op pogings om dienslewering aan straatkinders in Suid-Afrika te bevorder, maar ook op 'n groot aantal tekortkominge wat daarmee gepaardgaan. Die straatkinders is deur hierdie studie die geleentheid gegee om met vaardighede bemagtig te word wat noodsaaklik is om die eise van die lewe die hoof te bied. Die bevindinge van hierdie studie toon aan dat hierdie lewensvaardigheidsprogram bygedra het tot die bevordering van die psigososiale funksionering van die deelnemers.

BRONNELYS

Altanis, P. & Goddard, J. 2004. Street children in contemporary Greece. *Children & society*, 18(4):299-311.

Ashoka. 2004. Helping the street children of South Africa: profile of Ashoka fellow David Fortune. <http://www.shareintl.org/achives/social-justice/sj-helping.htm>. Datum van gebruik: 08 Maart 2004.

Atkinson, M. 2008. Aging out of foster care: towards a universal safety net for former care youth. *Harvard civil rights/civil liberties law review*, 43:183-212.

Babbie, E. 2001. The practice of social research. 9th ed. Belmont, Calif.: Wadsworth.

Babbie, E. & Mouton, J. 1998. The practice of social research. Cape Town: Oxford University Press.

Bademci, H.O., Karadayi, E.F. & De Zulueta, F. 2015. Attachment intervention through peer-based interaction: working with Istanbul's street boys in a university setting. *Children and youth services review*, 49:20-31.

Barette, M.J. 1995. Street children need our care. Pretoria: Kagiso.

Barker, R. L. 2003. The social work dictionary. 5th ed. Washington, D.C.: NASW

Barker, R.L. 2014. The social work dictionary. 6th ed. Washington, D.C.: NASW Press.

Beck, R. 2004. Group interventions for treatment of psychological trauma, module 8: Unique aspects of group work with trauma. New York: American Group Psychotherapy Association.

Bedell, J.R. & Lennox, S.S. 1997. Handbook for communication and problem-solving skills training. a cognitive-behavioral approach, v. 14. New York: Wiley.

- Behr, B., Cilliers, E. & Meyer, C. 1996. *Tiener in die kol: opleiding aan gespreksgroepleiers*. Pretoria: Dibukeng. (Tienerbegeleidingsprogramme.)
- Benghait, L. 2002. Hoop vir Benoni se straatkinders. *Lig*: 34-35, Jan.
